
DIE SPREUKE 32
VROU
Danie Nell

# Die Spreuke 32 Vrou

***Hierdie boek is iets wat jy moet lees!***

Koning Salomo het 700 vroue en 300 byvroue gehad. (1 Kon. 11:3)
Hy het 3000 Spreuke geskryf, en 1005 liede gedig. (1 Kon. 4:32)
Vir een van hierdie vroue het hy die volgende geskryf in Spreuke 31:29:
*"Baie dogters het hulle knap gedra, maar jy oortref hulle almal."*
Salomo het ge-eindig met Spreuke 31.

Ek het een vrou gehad, met wie ek 65 jaar getroud was en sy het almal oortref. Dit is nou my voorreg om Spreuke 32 by te voeg, as ek jou vertel van Helene Nell.

**Die Inhoud van hierdie Storie is:**

- **Die Lewe van 'n merkwaardige vrou, Helene Nell.**
- **Lees ook ons "Liefdes Briewe" van voor ons troue.**
- **Ons Familie word uitgebeeld in 'n paar fotos.**
- **Besluit ook om jou eie familie meer te waardeer.**

**Tot met Helene se dood, het ek al 1700 Dagstukkies geskryf wat 'n paar duisend mense bereik het.**

**Elke honderd Dagstukkies word in 'n boek gedruk. Die laaste twee Dagstukkies, deel ek met jou, wat ek geskryf het net voor Helene se begrafnis op Vrydag die 9de Augustus 2024.**

**Die Skrywer:**
**Danie Nell**
**Adres: danie.nell1937@gmail.com**

# INHOUD

**4 – Ek vertel jou iets oor "Die Spreuke 32 Vrou."**

**16 – Ons Bediening het ons na verskillende geneem.**

**18 – Kort opsomming van 'n paar Gemeentes.**

**29 – Getuienisse.**

**33 – Ons verhuis na Jeffreysbaai.**

**35 – "Christ for the Nations Bible School" in Suid Afrika.**

**39 – Wat met Helene gebeur het in 2024?**

**45 – Ek deel twee "Dagstukkies"**

**47 – Goeie Raad.**

**49 – Belangrike geestelike Boodskappe.**

**56 – Ons "Liefdes Briewe."**

**101 – Ontmoet ons Familie.**

**108 – 'n Slot woord.**

# Die Spreuke 32 Vrou


## *Helena Kotze Nell (gebore Basson) is voorwaar 'n Spreuke 32 vrou!*

## Kom ek vertel jou iets oor haar lewe.

Helene is gebore in Hazendal naby Kaapstad, op die 11de November 1940 en was die jongste dogter van vyf. Haar pa se naam was Tobias en haar moeder se naam was Anna. Hul van was Basson. Hy is gebore in Clanwilliam en sy in Lambertsbaai.



**Hierdie foto van Helene is geneem op die 7de Augustus 1941.**
**Agterop hierdie Poskaart het sy self later haar naam geskryf.**
**Vind die Poskaart op die volgende bladsy..**




**Ek vertel jou van Helene se baba klere wat ek niks van geweet het nie.**

Haar baba klere moes vir Helene iets baie belangrik gewees het – en hoekom sy dit nooit vir my gewys het nie, weet ek nie. Dit was seker iets privaat vir haar. Ek lei af dat hierdie baba klere was toe sy ‘n baba van ongeveer ‘n jaar oud was.

Die pragtige bruin leer skoentjies kon wees toe sy seker so drie jaar oud was. Vir my is dit natuurlik nou iets baie kosbaar wat ek sal bewaar. Ek het besluit om een vir een hiervan af te neem sodat jy dit ook kan waardeer. Ek plaas die fotos van haar klere dus in hierdie boek.






















**Dit was Helene se skoene toe sy seker 3 jaar oud was.**



**Hier was Helene 3 jaar oud.**

Helene het haar skool loopbaan voltooi in Jim Fouche Skool, Bloemfontein, as onder hoofmeisie. Ek het haar ontmoet op die 4de Mei 1958 toe sy maar 17 jaar was. Sy was in matriek en deel van die Jeugkoor van die AGS Bloemfontein Wes gemeente. Hulle was 48 koorlede. Daar aan die linkerkant van die koor het ek haar vir die eerste keer gesien. Sy was die mooi langbeen dogter wat dadelik my aandag getrek het, en net daar het iets in my hart gebeur. Dieselfde aand het hierdie Jeugkoor my verwelkom as hul jeug pastoor van die gemeente. My vorige gemeente was in Klerksdorp, waar ek vir nege maande die jeug pastoor was. Daardie dae het my kerk se hoofkantoor die jong predikers gestuur waar hulle nodig was. Daar was nie gepraat van ’n beroep nie. Soms het hulle jou net ‘n paar dae gegee om jou aan te meld in jou nuwe gemeente.

In Bloemfontein was daar baie jongmense wat ek moes bedien, maar ek het gesorg dat ek ekstra "huisbesoek" gedoen het by Montgomery straat 16 in Wilgehof, Bloemfontein. Dit was Helene se adres. Na my middag besoeke het ek 'n draai by hulle gemaak waar haar ma altyd vir my 'n "tjoppie" gebak het. Omdat Helene in matriek was, het ek nie langer as 30-minute gekuier nie.

Daar staan geskrywe in Jes. 28:16: *"Hy wat glo, sal nie haastig wees nie."* Ek glo, maar ek is baie haastig. Daarom het ek nie op my laat wag nie en haar die einde van haar matriekjaar gevra om met my te trou. Ek moes dit doen omdat talle jongmanne op 'n ry gestaan het, om Helene hul eie te maak.

Die aand toe ek haar gevra het om verloof te raak het sy my gevra of ek die Here se tiende gee. My antwoord aan haar was dat ek dan 'n pastoor is? Daarop het sy gesê dat sy my nie gevra het of ek 'n pastoor is nie, maar of ek my tiende gee, omdat sy nie met 'n dief wou trou nie! Gelukkig kon ek haar vraag beantwoord het.
Daarna het sy my laat weet dat sy nooit kinders sal hê nie, omdat 'n dokter dit vir haar vertel het met 'n ondersoek, toe sy in graad 10 was. Sy het my gevra om eers hieroor te gaan bid. Ek het gaan bid en die volgende aand kon ek haar antwoord dat ek graag met haar sou trou omdat ek haar liefhet, al sou sy nooit kinders kry nie.

**Die goeie nuus is! Ons was twee toe ons getroud is – vandag is ons 26!**
**Dit lyk my die dokter was toe nie reg nie?**

<u>Ek sal nooit Helene se woorde vergeet wat sy eenkeer aan my gesê het nie:</u>
*"Een ding wat ek vroeg geleer het en dit is om my liggaam te beskerm. My moeder het verduidelik dat indien 'n mens 'n spyker in 'n boom se stam sou inslaan, sal die boom herstel indien jy die spyker weer uithaal, maar die merk sal daar bly. So gaan dit ook met die karakter van die mens. Op 15 het ek reeds in die koor gesing en ook in daardie tyd 'n kinderkoor afgerig terwyl ek klavier gespeel het in die gemeente. Ek was altyd lief vir sang en musiek. Selfs vandag geniet ek dit nog baie."*

**Ons het toe verloof geraak die aand van die 4de Desember 1958 nadat sy daardie oggend haar laaste matriekvak geskryf het!**



**Hierdie foto is geneem die volgende dag, nadat ons verloof is.**
**Jammer dat 'n mens nie so jonk kan bly nie!**
**Sy het die mooiste gelyk in haar fluweel rok.**



**Helene was maar agttien jaar en ses maande toe ons getroud is.**
**Ons eerste seun Danie is gebore in die eerste jaar na ons troue.**
**Om te dink sy was 'n pastoor se vrou op 19 jaar?**
**Die Here moes haar ekstra genade gegee het!**

Net na ons troue het ons vir 'n week ons wittebrood vakansie geniet by Royal Natal National Park in die Drakensberge. Ongelukkig het ons Volkswagen Beatle "bearings" geslaan op pad na ons droom vakansie. Ek moes ry met hierdie "stukkende" motor totdat ons in Vryheid aangekom het, al het die masjien baie geraas.

Vanaf die eerste Sondag in Vryheid gemeente het Helene agter die orrel ingeskuif, sonder dat sy ooit voorheen 'n orrel bespeel het! Sy kon wel klavier speel. Ek het nie geweet dat sy nog nooit agter 'n orrel gesit het nie, en die gemeente ook nie. Helene het haar knap gedra, want God was altyd haar Helper!

**Hoekom beskryf ek Helene as 'n "Spreuke 32 vrou"?**
**Want ek voeg nog 'n hoofstuk by koning Salomo se Spreuke 31.**

**Wat beteken die woord "Spreuke" vir ons?**
Die Bybel 2020 Vertaling gee hierdie verduideliking van wat 'n Spreuk is: *"Die Spreuke van Salomo is om die leser met wysheid en insig toe te rus, sodat 'n sinvolle lewe gelei kan word. Wysheid is lewensvaardigheid wat nodig is vir werklike lewe, 'n lewe in ooreenstemming met God se wil, en waarin respek vir die medemens 'n sentrale plek inneem. Hiervan is die vrou in Spreuke 31 'n sprekende voorbeeld. <u>Om vir die Here ontsag te hê en te doen wat Hom behaag, is die kern van 'n sinvolle en geseënde lewe</u>. Onregverdige optrede, veral teenoor armes en verdruktes, is dwaasheid en lei tot die dood."*

## Die sin wat ek hier onderstreep het, is verseker van toepassing op Helene se lewe.

**Hoor wat het Salomo geskryf het in Spreuke 31:10:** *"Wie sal 'n deugsame vrou vind? Want haar waarde is vêr bo korale."* Die woord "deugsaam" word gebruik as dit iemand is wat geneig is om goed te doen. Geen mens is volmaak nie.
**Helene was 'n deugsame vrou, want haar hele lewe was om net goed te doen. Ek weet dit want ek was 65 jaar met haar getroud!**

**In Spreuke 31:11, lees ons:** *Die hart van haar man vertrou op haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie."* Ek kon Helene altyd vertrou het met my tjekboek. Dit was nie moeilik vir my om 'n paar tjeks vooruit te teken nie, want sy het nie sommer geld uitgegee nie. Inteendeel, baie keer moes ek met haar raas omdat sy my tjekboek netso terug gebring het, sonder om iets te koop! Selfs toe ek later vir haar tekenregte op my bankrekening gegee het, was dit dieselfde.

Al was sy 'n aantreklike vrou was ek nooit 'n jaloers man op haar of bekommerd dat 'n ander man haar vir hom sou wen nie. Ek onthou hoe 'n jongman in ons gemeente (toe sy maar self in haar twintigs was) uit sy pad gegaan het om haar liefde vir hom te wen. Haar antwoord aan hom was: *"Al sou net jy en ek alleen op 'n eiland gewees het, sou ek niks vir jou omgegee het nie."* Met hierdie beslistheid het sy hom totaal afgesit en het hy haar met groot respek na hierdie insident behandel, tot die dag van sy dood.

**Spreuke 31:12:** *"Sy doen aan hom goed, en nie kwaad nie, al die dae van haar lewe."* Haar mooi deugde was altyd uitstaande. Een vriendin van haar, van meer as 40 jaar het gesê dat Helene die een was wat haar vriendinne op die "smal weg" gehou het.

**Spreuke 31:13,14:** *"Sy sorg vir wol en vlas, en sy werk met gewillige hande. Sy is soos die skepe van 'n handelaar – van vêr af bring sy haar brood in."* Ek kan met groot dankbaarheid sé dat Helene voorwaar altyd "gewillige hande" gehad het.

**Spreuke 31:20:** *"Sy brei haar handpalm uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige."* Waar Helene kon, het sy omgesien na mense in nood. Sy het nooit 'n "toe hand" gehad nie.

**Spreuke 31:23:** *"Haar man in bekend in die poorte as hy saam met die oudstes van die stad sit."* Deur haar het ek groter hoogtes in my lewe bereik, en bekend geraak in die publiek.

**Spreuke 31:25:** *"Sterkte en eer is haar kleed, en sy lag oor die dag wat kom."* Sy was in alle opsigte 'n sterk vrou. As mense my tee aangebied het was my woorde aan hulle dat ek graag swak tee wil hê, omdat ek 'n sterk vrou het.

**Spreuke 31:26:** *"Haar mond maak sy oop met wysheid, en vriendelike onderrigting is op haar tong."* Helene was altyd besorg dat ek my woorde moet tel. Omdat ek iemand is wat impulsief kan wees, was dit wyse raad wat sy gegee het. In Jesaja 28:16 staan daar geskrywe: *"Hy wat glo, sal nie haastig wees nie."* Ek glo, maar ek is haastig.

**Spreuke 31:27:** *"Opmerksaam gaan sy die werksaamhede van haar huis na, en die brood van luiheid eet sy nie."* Helene het baie aandag gegee aan haar huishouding. Sy was verseker nie 'n lui vrou nie.

**Spreuke 31:28:** *"Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar."* Haar vier seuns het altyd met toewyding hulle werk gedoen, en ek as haar man, het die voorreg gehad om haar te prys.

**Spreuke 31:29:** *"Baie dogters het hulle knap gedra, maar jy oortref hulle almal."* Hierdie is nie moeilik om te kan sê van Helene nie – want dit is so waar van haar.

Ek eer haar vir die geweldige bydrae wat sy gemaak het met haar "klere-besigheid" verwysende na die klere wat sy in veral Bangkok aangekoop het en weer vanuit ons huis verkoop het. Jammer dat ons nie boek gehou het hieroor nie want dit het veral gehelp nadat ons op pensioen gegaan het. Dit het ons "aftree huis" in Jeffreysbaai se kaste gebou, matte gelê en al die ligte wat ons nodig gehad het ingesit. Dan het sy my altyd voorsien van die mooiste en beste klere. En baie keer het Helene ook gholf fooie betaal!

Sy kon altyd goed werk met finansies! Wanneer ons en ons seuns met vakansie gegaan het, het ek graag die vakansiegeld wat ons gehad het, by my gehou. Dit was

lekker om vir die seuns nou en dan sakgeld te gee. Maar as die sakgeld min geword het, het ek haar gevra om die geldsake oor te neem. Ons kon verder die vakansie geniet en ook voldoende brandstof gehad om tuis te kom. Helene was 'n ware deugsame vrou.

## Verstaan jy waarom Helene, die Spreuke 32 vrou is?

Wat kan ek meer van Helene sê as wat Salomo gesê het van die Spreuke 31 vrou? Vir die afgelope meer as 65 jaar in ons huwelik, was sy die ideale vrou.

- Sy kon nie altyd die elektroniese dinge in die lewe (soos 'n rekenaar) so mooi verstaan nie, maar sy was altyd skerp in haar gees.
- Sy het elke dag begin met God se Woord en gebed.
- Elke oggend was ek haar "enigste lidmaat" wat geluister het na die gedeelte uit die Bybel wat sy gelees het asook die kommentaar wat daarop gevolg het.

Helene se *"Life Application Bible"* het baie bygedra tot die kommentaar van die deel uit die Bybel wat sy aan my in die oggende gelees het. Daarna het ek die voorreg gehad om te bid vir ons seuns, hul vroue, ons kleinkinders en ons agter kleinkinders. Dan het sy ook bygevoeg vir wie sy wou bid. Ons het elke môre gebid vir die res van die familie, asook ons bure, ons pastoorspare, ons dorp en almal wat die Here op ons harte lê. Daarna kry sy haar tee in die bed, en ek my tee en natuurlik beskuit.

**Ons dank die Here vir ons vier seuns, met hulle vroue, asook nege kleinkinders (en met die skryf van hierdie boek was daar reeds vier van hulle getroud) Plus die drie agter-kleinkinders. Wat 'n voorreg!**

**Ek het nooit moeg geword om elke dag te sê dat ek haar liefhet nie!**

**Ons krag was in Matt. 18:19** *"As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel van my Vader wat in die hemele is."*
**Ons was nie "eners" nie, maar ons was 'n "eenheid."**

**<u>Ons bediening het ons geneem na verskillende plekke.</u>**

Ek sal nie weet wat dit sou wees om vir dertig of veertig jaar in een plek te kon woon nie. In my persoonlikheid was ek iemand wat altyd uitgereik het na 'n nuwe uitdaging.
As ek terug kyk, dan besef ek dit het 'n groot stres op Helene geplaas. Dank die Here vir haar mooi gesindheid en vaste karakter en dat sy positief was in haar roeping as vrou en moeder.

Die dorpe en stede waar ons gewoon het, was die volgende: Vryheid; Frankfort; Port Elizabeth; Bellville; Heidelberg (Kaap) Kroonstad; Johannesburg; Bloemfontein; Rustenburg; Port Alfred en Jeffreysbaai.

Vryheid, was ons eerste gemeente. Helene was 18 en ek 21. Dit was ook waar Danie ons oudste seun gebore was.
In Frankfort, was ons hulle eerste herderspaar. Nico, ons tweede seun is daar gebore.
Daarna het ons verhuis na Port Elizabeth Noord, waar ons derde seun Leon gebore is. Hier het ek my eerste kerk gebou.
Bellville het daarna gevolg, waar ek 'n pastorie gebou het.
Heidelberg in die Kaap was ons volgende woonplek. Daar was ons die Sendelingpaar vir meer as vier jaar, waar ons sestien kleurling gemeentes asook die plaaslike blanke gemeente bedien het.
Ons het bedien vanaf Albertinia tot Grabouw asook Touwsrivier. Hierdie tyd was van die gelukkigste tyd in ons lewe. Ons jongste seun, Gideon is gebore terwyl ons in Heidelberg gewoon het.
Daarna het die Noord Vrystaat my beroep as evangelis. Ons het gaan woon in Kroonstad, waar ek ook 'n kerk gebou het vir die plaaslike gemeente.
Ons volgende gemeente was Pinksteroord in Johannesburg. Hier was ek verkies as Streek Voorsitter van Johannesburg.

Vanaf Johannesburg is ons na Bloemfontein, waar ek beroep was na Fichardt Park gemeente. Vandag is hierdie gemeente bekend as Doxa Deo. Hier is ek weereens gekies as Streek Voorsitter en Helene as Voorsitster van die Dorkas Raad. (Dit was vroeër die naam van ons vroue bediening in die AGS kerk) Die volgende dorp was Rustenburg waar ons geestelike groot hoogtes bereik het. Toe ek maar 53 jaar was het ek besluit om my los te maak van die gewone gemeente werk en om deur die land te beweeg en lidmate te help om te ontwikkel in hul gawes en bedieninge, volgens Ef. 4:11,12.
Ons het verhuis na ons vakansiehuis in Port Alfred vanwaar ek deur die land bedien het. Ons jongste seun Gideon was toe in graad elf.
Uiteindelik het ons gaan woon in Jeffreysbaai. Dit was in 1997. Met die skrywe van hierdie boek in Desember 2024, woon ons al agt en twintig jaar in hierdie pragtige "omgee" dorp, wat geken word as "The Surfers Paradise."

Ek wil ook noem dat Helene en ek die afgelope agt en twintig jaar baie uitgereik het na Ukraine, waar ons sendingwerk gedoen het. Daar het die Here Helene spesiaal gebruik om vroue te bedien.

# Vryheid – Ons eerste gemeente

Vryheid gemeente was maar 93 mense en net 'n paar kon 'n motor bekostig. Soms was daar nie eers vyf motors voor die kerk nie terwyl die kerk vol was! Lidmate moes baie vêr reis, selfs vanaf Louwsburg.

Ons eerste seun Danie is gebore in Vryheid op 25ste Jan.1960. Bo alle verwagting het my vroutjie dadelik swanger geraak.

Ons seun Danie, is gebore binne 'n jaar nadat ons getroud was. Ek sal nooit die oomblik vergeet toe die matrone van die hospitaal hom in my arms geplaas het om hom vas te hou nie. Ek het dadelik die komberse verwyder en die baba van kop tot tone deursoek of hy welgeskape is.

Met die pasgebore baba van vier ure het ek afgehardloop in die gang na Helene se kamer toe met matrone op my hakke, wat die baba by my wou neem. Toe ek by Helene kom het ek uitgebars in trane van dankbaarheid teenoor die Here en aan haar vertel hoekom ek so opgetree het.
As seun, wanneer ek stout was, het die duiwel baie keer gesê dat eendag as ek getroud is sal my eerste seun gebreklik wees. Die Here sou my glo straf vir al my sondes! Voorwaar hy is 'n leuenaar! Dit is wat hy is. Moet hom nooit glo nie. Ek het hom vir baie jare geglo, en daardeur baie spanning op myself gelaai.

Dank die Here, ons is nuwe skepsels!
Ons lees in 2 Kor.5:17 *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."* Die Lewende Bybel se vertaling lees soos volg: *"Want as iemand aan Christus behoort, het hy 'n nuwe mens geword."* Glo dus niks wat van die duiwel af kom nie!

Van Danie se geboorte af was ek totaal vry van enige oordeel. Moenie toelaat dat die duiwel vergeefde sondes weer voor jou

hou en jou aankla nie, want in Rom. 8:1 lees ons: *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie."*
As die duiwel jou herinner aan jou verlede, herinner hom aan sy toekoms in die ewige helse vuur!

Omdat ons albei jonk was (Helene maar 19 jaar oud, en ek 22) was die aanpassing in die huwelik, asook in die gemeente as herders nie altyd maklik nie. Moeilike tye het vir ons gewag, hoofsaaklik omdat daar nie voldoende finansies was nie. Ek deel die volgende met jou.

**Karton in skoene.**

In Vryheid was daar nie geld vir my om nuwe skoene te koop nie. Die enigste paar skoene wat ek gehad het, se sole was vol gate. My probeem was wanneer ek op die kansel gekom het. In daardie dae was die gewoonte om op die kansel te kniel wanneer jy gebid het. Indien ek sou kniel, sal die gemeente my stukkende skoene sien. Ek het dus karton in die skoene gedruk om te dien as sole. Hoe kan ek vergeet die dag toe 'n broeder voor ons deur kom staan met die mooiste paar nuwe skoene, nogal my grootte!

Paulus het geskryf in 2 Kor. 4:8 in Die Boodskap: *"Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit mismoedig nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nooit radeloos nie... Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke keer weer op."*

# Ons verhuis na Frankfort.

Ons het op 'n Maandag die 9de Januarie 1961 vertrek na ons nuwe tuiste in Frankfort. Ek het ook gemerk dat daar nie veel brandstof in ons Volkswagen Beatle was nie. Maar met "een-en-ses" (ongeveer 15 sent) in my sak, was ek te skaam om by iemand geld te leen. Toe ons besig was om te groet het Petrus (dit is die Jeugleier) my gevra of hy gou ons motor kon leen om vinnig dorp toe te gaan. (hyself het net 'n fiets gehad) Toe hy terugkom was ons motor vol brandstof!

Skaam vra ek hom hoekom hy dit gedoen het. Sy antwoord was dat hy gesien het (toe ek aangeskakel het) dat ons brandstof maar min was. Ja, iewers langs die pad sou ons gaan staan het, en ek het net die "een-en-ses" in my sak gehad. Waarlik, God is ons voorsiener.

Ons sal nooit die ervaring vergeet, toe die meeste van Frankfort gemeente, in sewe motors ons langs die pad ontmoet het nie. Dit was 'n gruispad en ons moes voorry in ons Volkswagen met al die ander motors agter ons. Helene vra my toe hoekom ek so stadig ry? My antwoord was: *"Ek wil nie stof op my gemeente se motors laat kom nie".*

Dit was ook dieselfde jaar wat die Britse Pond na Rand toe oorgeskakel het. £1 was R2 werd. Dit was op die 31ste Mei 1961, toe Suid Afrika 'n Republiek geword het.

Die "pastorie" was Oom van Sandwyk, die hoof ouderling, se huis oorkant die Landdroskantore naby die Wilgerivier. By die "pastorie" aangekom was ons meubels netjies uitgepak op hul plek en was daar kruideniers vir meer as vier maande op ons kombuistafel uitgepak. In die lekker koue spens het 'n halwe skaap gehang, want ons het nog nie 'n yskas gehad nie.

Coert van Sandwyk, wat toe die tesourier was, het beloof dat solank ons hul pastoor was, sou ons nie vleis hoef te koop nie. Die gemeente het hul woord gehou in al die tyd wat ons in Frankfort was!

Nadat die lidmate ons bedien het met tee en eetgoed is hulle daar weg en kon ek heerlik eet aan my toffies wat hul gegee het. Iemand het verneem dat ek so lief is vir toffies. Ek het 'n groot pak met hierdie toffies op die kombuistafel gevind. Dit was die eerste keer in 'n paar weke dat ek weer lekkers kon eet. Die laaste maand, in die vorige gemeente, het ek geen salaris ontvang nie. Die geld wat hulle wel gehad het was nodig om die vervoer van hul nuwe pastoor se meubels te betaal!

**Omdat Frankfort gemeente maar in totaal 35 lidmate was, het sommige lidmate 'n dubbel tiende beloof om seker te maak dat hulle 'n pastoor kon bekostig.**

# Port Elizabeth Noord.

As gesin was ons ontvang deur Port Elizabeth Noord gemeente in Oktober 1963. Die ou kerk, regoor die Springbok Hotel in Sydwell, was in die mark om verkoop te word en die koop het deurgegaan binne die eerste paar weke nadat ons daar aangekom het.

Nadat ons ou kerk verkoop is het ons vir meer as twee jaar in twee verskillende sale ons Sondag dienste gehou. Die een plek was die "Dagbreek" saal in Sydwell en die ander een was die "Bon Accord" saal in Noord Einde.

Baie gemeentes in die stad het in daardie tyd geglo dat ons as gemeente sou doodloop omdat ons sonder 'n kerkgebou was. Tog het God ons bymekaar gehou en het ons vermeerder.



**Hierdie is die AGS Port Elizabeth Noord.**
**Wat ons ingewy het in 1966.**

# Ons word Sendelinge.

Die dag toe ons die beroep aanvaar het as sendelinge van die Langeberg Distrik in Januarie 1971 het ons min besef wat die Here alles in Sy beplanning vir ons gehad het.

Die Langeberg Distrik het gestrek van Grabouw, kuslangs tot by Albertinia en dan op tot Laingsburg, Touwsrivier, De Doorns, Worcester, Ceres, en Wolseley. Daar was sestien gemeentes wat ek moes bedien. Die meeste was arm mense maar baie opregte en toegewyde Christene.

Die eerste keer in my lewe het ek mense ontmoet wat dooies in die Naam van die Jesus opgewek het. En die wonderlikste was dat ek dié wat opgewek was persoonlik ook ontmoet het!

Ek sal nooit vergeet toe ons 22h00 in die verlate dorp van Heidelberg aangekom het nie. Die dorp het al "geslaap" toe ons by die ou huis wat ons gehuur het gekom het. Alles in die huis was pikdonker want daar was geen elektrisiteit nie, omdat ek dit eers die volgende dag kon laat aanskakel.

Vir die eerste aand het ek en Helene en ons vier seuns in die sitkamer op die vloer slaapplek gemaak aangesien ons meubels eers die volgende dag sou opdaag. Groot spinnekoppe het daardie nag sommer so vrylik oor jou gehardloop, seker ook omdat hulle verskrik was vir die nuwe "indringers" – gelukkig het ons die nag oorleef.

In die volgende meer as vier jaar het ons verlief geraak op Heidelberg en sy mense, asook op die hele distrik. Dit was die dae dat jy vir R5 jou Volkswagen Kombi se tenk kon volmaak met brandstof en Kaapstad toe ry. Die tyd in Heidelberg was van ons beste tye in die bediening.

## Ons bou ons eerste huis

Ons het 'n huis gehuur in Heidelberg, Kaap, maar het besef dat ons die Here moet vertrou om ons eie huis te bou. Maar hoe kan jy bou as jy nie 'n erf het om op te bou nie en ook geen geld het om mee te begin nie? Daar is net een antwoord en dit is: Vertrou die Here!

Tussen hakies: My totale salaris in 1972 was R800 per maand. So skuins oorkant waar ons op daardie stadium gewoon het, was daar 'n pragtige dubbel hoek erf wat ons van die Here gevra het. Ons kon die erf koop teen 'n bedrag van R1080. Ons het die koopbriewe geteken en voordat ons moes betaal het die Here voorsien toe Helene se vader kom kuier het uit Bellville en 'n skenking van R1000 gegee het. Sy woorde aan my was: "Jy kan darem seker die R80 betaal?"

Ek wou my Bank bestuurder gevra het om 'n oortrokke rekening van R1000 goed te keur! Toe ek sy vriendelike gesindheid sien het ek net daar besluit om meer te vra. Ek is daar weg met 'n reëling van 'n R4000 oortrokke rekening sonder dat ek enige geld gedeponeer het.

Met die aankoop van die dak materiaal was ek met vergaderings in die Kaap besig. Ek het gebly by iemand wat gewerk het by 'n firma wat dak materiaal vervaardig. Deur hom het die Here nie alleen 'n groot afslag voorsien nie, maar het die bestuurder (sonder dat hy my geken het) besluit om al hierdie materiaal wat ons nodig gehad het gratis by ons huis in Heidelberg af te lewer!

Met die aankoop van die matte, wat ons regdeur die huis gelê het, het ons verskillende kwotasies gekry. Die goedkoopste was nie in die Kaap nie maar in ons omgewing. Toe dit egter by die lê van die matte gekom het, het die bestuurder uitgevind dat

hul deurmekaar geraak het met vierkante meter en vierkante jaart. Sy fout het my bevoordeel met R400.

Ek was egter bereid om hul toe te laat om hul fout reg te stel, toe die bestuurder (wat ook ‘n Christen was) aan die anderkant van die telefoon gesê het: “Ek gaan iets doen wat normaalweg nie in besigheid gedoen word nie; ek gaan bly by die kwotasie.” Ek weet vir ‘n feit dat die Here hierdie besigheid geseën het as gevolg van hierdie gebaar deurdat ander bouers duisende rande se materiaal daardie jaar daar gekoop het!

# Ek word Evangelis in Noord Vrystaat.

Die Noord Vrystaat beroep my as evangelis en ons verhuis na Kroonstad. Niemand ontvang ons nie want dit was in die begin van Januarie 1975 en die meeste was weg met vakansie. Selfs die plaaslike pastoor en sy gesin was met verlof.

Ons meubels was nog op pad en niemand kon ons vertel waar ons nuwe woning was nie. Daarom het ek 'n chalet gehuur in 'n karavaan park langs die Valsrivier wat deur Kroonstad vloei. Baie onseker het ek langs die rivier gaan sit en in trane my roeping as evangelis betwyfel. My oudste seun het daardie aand my gevra om aan die hele gesin te verduidelik hoe die Here my stap vir stap gelei het om hierdie beroep te aanvaar. Nadat ek dit gedoen het was sy antwoord: *"Maar, pa, dan moet jy nie onseker wees nie, die Here het jou wel duidelik gelei, en ons aanvaar dit."*
Dit is soms goed dat jy as leier ook swak kan voel voor hulle wat vir jou dierbaar is. Dank die Here dat hulle jou kan bemoedig wanneer dit vir jou saak maak.

Uiteindelik het die meubels opgedaag en kon ons intrek in ons woning. Die res van ons verblyf in Kroonstad was wonderlik en met die baie tent veldtogte deur die streek het ek van die mooiste genesings en verlossings gesien.

Ek het later geleer dat daar 'n groter salwing is wanneer jy gaan as wanneer jy bly. Elke keer wanneer ek na 'n ander dorp gegaan het was daar weer 'n spesiale beweging van die Heilige Gees. As mense my gevra het wat ek gedoen het as evangelis was my antwoord soos volg: *"Ek rus, ek bid en ek preek."*
Dit is anders wanneer jy 'n pastoor is van 'n gemeente. Want die administrasie van 'n gemeente plus so baie ander dinge maak 'n pastoor se program oorvol. Ek het vandag meer begrip en waardering vir pastore en veral hul vroue en besef dat hul meer gebed nodig het vir die werk wat hulle doen.

**Die Here leer ons "Sy orde rakende 'n gesin."**

Tot op hierdie stadium het ek persoonlik 'n besondere seën en salwing van die Here op my bediening ervaar. Baie genesings het plaasgevind en talle siele het Jesus gevind as hul Saligmaker. Min het ek geweet wat is die nuwe pad wat die Here vir ons as gesin vorentoe beplan het. Op dié stadium was ons 16 jaar in voltydse bediening.

Daardie tyd het die Streek voorsitter, Past. Pieter Coertzen, 'n Amerikaanse spreker by name Jim Boswell, genooi om die pastore en hul vroue van die Noord Vrystaat vir 'n hele week te kom bedien. Dit het veral gegaan oor die pastoor en sy gesin. Hy het ons geleer dat daar 'n orde is wat die Here ingestel het, naamlik dat God altyd eerste kom in ons lewe, dan die pastoor se vrou, dan sy gesin en eers daarna die gemeente. Ons het voorheen altyd geglo dat *"die werk van die Here is eerstens die gemeente".* Nou het ons verstaan dat jou vrou en kinders beslis ook *"die werk van die Here"* is.

Alles het na hierdie Amerikaner se besoek weer *"normaal"* gegaan totdat my vrou 'n week later na middagete 'n afspraak met my maak om my die volgende Woensdag om 14h00 te sien. Sy het dit nogal in my dagboek neergeskryf sodat ek nie sou vergeet nie. Daarby het sy genoeg tyd gevra vir hierdie *"onderhoud".*

Natuurlik het die Woensdag aangebreek (ek het die afspraak heeltemal vergeet, maar sy nie). Toe ek weer sien het Helene my in my studeerkamer waar sy die deur agter ons gesluit het en die sleutel in haar voorskoot se sak geplaas het (sy was besig om skottelgoed te was). Bowendien het sy my telefoon by sy konneksie-punt uitgetrek en verduidelik dat daar nog twee ander fone was wat kon lui en die huishulp of kinders sou dit antwoord. Dit was 14h00 en ons het in die studeerkamer gebly tot 17h00 daardie middag!

Die meeste praatwerk wat gedoen was het van Helene gekom. Sy het begin deur te sê dat sy baie lief is vir my en dat dit nog altyd 'n vreugde was om saam met my in die voltydse bediening te kon staan. Sy erken ook dat die Here se hand op my gerus het en my gebruik. Maar ten spyte daarvan dat die Here 'n spreker uit Amerika gestuur het om met ons te kom praat oor God se orde in die huis, het weinig verander. Sy het gekla dat ek hardloop elke keer as *"die gemeente"* my nodig het terwyl ek nie die behoefte van ons kinders en ook selfs van haar opgemerk het nie, en iets daaromtrent gedoen het nie.

Alles wat gesê was het my tot stilstand geruk. My eerste reaksie was om te bedank as pastoor en wou ek net daar my hoofkantoor bel en hulle in kennis stel van my besluit. Haar reaksie was dat ek dit nie moet doen nie, maar reageer op die boodskap wat die Here ons as Streek gestuur het deur Past. Jim Boswell.
Ons het saam in die studeerkamer op ons knieë gegaan. Ek het eers bely voor die Here dat ek gefaal het, en toe die Here (en my vrou) belowe dat ek God se orde in ons huis, asook in die gemeente, sal herstel.

Die Sondagoggend was my preek in die vorm van bogenoemde getuienis. Dit was 'n tranedal in die kerk soos wat die Here met elke gesin gewerk het. Ek het ook aangekondig dat ons as gemeente voortaan op 'n Dinsdagaand vanaf 18h00 sal begin met *"'n gesinsaand"*. Elke gesin moes na ses saans as familie saam wees. Speletjies kon gespeel word (en daardie tyd was *"vinger bakatel"* net die ding) en ouers moes vertel wat hul gedoen het toe hulle kinders was ens. ens.)

*Hierdie gesinsaand het balans gebring in ons huis en ek weet van talle families wat as gevolg daarvan weer herstel was as gesin. Vir die res van my bediening daarna was dit 'n instelling in al die gemeentes waar ons later bedien het.*

**Hoe ons meubels "gesaai" het**

**Ek deel met my gemeente Hand. 4:32, naamlik:** *"En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad."*

Om my gemeente aan te moedig dat hulle na mekaar sou omsien, wou ek 'n voorbeeld stel en maak hierdie uitlating van die kansel af, nadat ek gepreek het uit Hand. 4:32, en sê: *"Alles wat in my huis is behoort dus ook aan julle."*

Die volgende aand om ses uur stop daar twee broeders met 'n bakkie reg voor ons voordeur. Dit was 'n vader met sy seun. Die seun het geskei weens 'n drank probleem en was nou weer gered en terug by sy vrou. Hulle moes van vooraf begin met hul lewe en het min meubels gehad.

Hulle vra my of ek bedoel het wat ek gister gepreek het? Ek het bevestig dat dit so was en herhaal "broeder wat in my huis is behoort ook aan jou". (Terwyl ek dit verklaar het, het my kop vir my gevra of ek nou heeltemal mal geraak het?)

Sonder om twee keer te dink het hulle ingevaar in ons huis en beddens asook hangkaste daar uitgedra, terwyl ek en my seuns gehelp het. Ek onthou hoe hulle die bakkie hoog gelaai het en ons almal gehelp het om met toue alles vas te maak. Hulle is daar weg en ons was verslae oor wat gebeur het.

Gelukkig het my twee jonger seuns, wat toe nog in die huis was, geen kommentaar gelewer nie. Wel nie op daardie stadium nie. Min het ek gedink dat my seuns vir vier maande op die grond moes slaap en hul klere oral moes probeer ophang. Dit was nie 'n maklike tyd in ons huis nie. Toe my optrede later bevraagteken was het my oudste seun, wat daardie oggend ook in die kerk was, tot my redding gekom en rustigheid in die huis gebring deur te sê: *"Pa het die Woord*

*met die gemeente gedeel en nooit besef dat die Here ons as voorbeeld sou gebruik nie; laat ons alles aanvaar en verder die Here vertrou".*

**Ek verstaan vandag dat wat jy saai sal jy maai, want na vier maande het ons drie keer soveel meubels gehad as wat ons weggegee het. Inteendeel, ons het later soveel meubels gehad dat ons nog twee huise kon voorsien. Hierdie is iets wat werklik in die praktyk gebeur het. Vandag is ek baie versigtig om "meubels te saai" want wat sal ek maak met al die meubels wat ek sal maai?**

## EK DEEL OOK DIE VOLGENDE

**Helene koop vir my 'n melkskommel by een van die eerste Padkafees wat in ons land geopen was.**

Dit was aan die begin van Bloemfontein se Noordelike ingang. Sy het albei melkskommels betaal. Haar sakgeld was in elk geval meer as my salaris! Haar lewe was om te gee waar sy die kans gekry het om dit te doen. Sy was nie iemand met 'n toe-hand nie. Gal. 6:9 *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai (ontvang) as ons nie verslap nie."*



**<u>'n Orrel wat gebruik was in Sendingwerk.</u>**
**Helene en ek was gevra om vir drie maande 'n Sendeling paar te gaan aflos in die Ukraine en het nog R2500 nodig gehad om vir ons vliegtuigkaartjies te betaal.**

Ons besluit toe om ons Hammond orrel te verkoop vir R5000 en plaas 'n advertensie in 'n koerant. Die enigste navrae kom van Johan uit Roodepoort, maar hy bied ons net R2500 aan. Ek aanvaar dit, want dit is wat ons nog kort gekom het vir ons Sendingreis na Ukraine.

Johan vra toe hoekom ek sy aanbod aanvaar en ons verduidelik dat ons Sendingwerk gaan doen in die Ukraine en ons nog hierdie bedrag kort was. Hy gee my die geld en is daar weg om vervoer vir die orrel te gaan kry. Dadelik is ek bank toe om die geld in ons rekening te gaan deponeer.

Terwyl ek in die bank staan lui my selfoon. Dit is Johan wat my vra om hom dringend by my huis te kom ontmoet. Daar gekom vertel hy dat die Here in sy motor met hom gepraat het en hom sterk aangespreek het om my R5000 te gee vir die orrel soos wat my prys was. Hy voeg toe daarby: *"Pastoor, wanneer julle terug is gee aan my verslag van julle besoek. Vind ook uit as daar 'n pastoor is wat swaarkry, wat ek kan ondersteun."*

Ek kan getuig dat as gevolg van hierdie orrel het daardie Russiese Sending paar al vir 26 jaar R2000 per maand ontvang van die gesin wat die orrel gekoop het. En hiervoor kry God al die eer!

## Ons verhuis na Jeffreysbaai.

Toe ek sestig word het ek besluit om op 'n "tweede aftrede" te gaan. Ons het vir 'n jaar gebid om seker te maak waar ons wou gaan woon met die doel om voort te gaan met ons bediening.

Nico, ons tweede seun, het Jeffreysbaai aanbeveel omdat hy die pastoor daar was. Hy sou my dan help om dienste in die Oos Kaap te hou, asook Woordskole. Aan die einde van die dag was dit toe ook ons keuse.

Die 9de Januarie 1997 het ons verhuis na Jeffreysbaai met 'n klein pensioen van R2500 per maand. Die eerste jaar het ons 'n vakansie huis van 'n predikant gehuur teen R950 per maand. Ek staan nog steeds verbaas wanneer ek daaraan dink dat dit die bedrag was vir ons huurhuis met drie slaapkamers.

Ek onthou nog dat in die eerste maand het ek baie gepreek in die Oos Kaap. Die einde van daardie maand kon ons R1500 bank, terwyl ons brandstof vir daardie maand ook R1500 was. Loof die Here, soos altyd, het die Here vir ons getrou voorsien. Paulus het dit so duidelik gestel in Fil. 4:19 *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus"*

## Toe praat ons van huisbou, sonder enige sekerheid van inkomste. Ek vertel jou hoe dit plaasgevind het.

My seun Nico vra my een dag: *"Pa, het pa nie polisse wat jy uitgeneem het reg in die begin van jou bediening met die gedagte dat jy miskien nie eers sestig gaan haal nie, sodat ma darem iets kon ontvang?"* My antwoord was positief dat ek wel sulke "klein" polisse het.

Hy neem my toe na sy makelaar en daar vind ek uit dat indien ek een polis sou "afkoop" sal ons R93,000 ontvang. Gelukkig

het ek nog ‛n redelike lewenspolis gehad wat beskerming kon bied vir my vrou.

Ons het dus nie ‛n onverantwoordelike besluit geneem nie. Onthou dat indien jy ooit by ’n plek kom waar jy ‛n drastiese besluit moet neem (soos ons) dat jy wys sal wees in jou optrede. Jy neem nooit ‛n besluit as jy nie vrede het nie.

Met R60,000 van hierdie geld uit die polis, koop ons toe ‛n pragtige erf (met ‛n fantastiese see uitsig) kontant en in die geloof trek ons planne op vir ons “droomhuis”.

Nie lank hierna nie of Helene en ek is na Ukraine om weer daar Sendingwerk te gaan doen. Dit was vir ‛n tyd van drie maande. Maar kan jy glo, met die terugkeer het Nico reeds ‛n bouer gekry en was hul besig om te bou aan ons huis!

Die aand toe ons teruggekeer het uit die Ukraine was die huis reeds dak-hoogte. Natuurlik was daar groot spanning tussen ons en hom. Sy verweer was: *"Pa en ma, ek het voort gegaan met die bouery want ek het geweet julle sal nog lank wou neem om te besluit of julle wel gaan bou al dan nie. Ek het intussen ‛n tweede-verband op my huis geneem om die boukoste te dra.”*
Op dié stadium het ons nie eers geweet of enige bank ons sou help met ‛n lening nie, en dan was die verdere vraag, waarmee sou ons die paaiement kon betaal?

***Die Here het verder voorsien en na ongeveer nege jaar is ons huis betaal (deur mense wat in ons “gesaai” het) Vandag woon ons baie gelukkig in Jeffreysbaai.***

## **“Christ for the Nations” Bybelskool in Suid Afrika**

Een telefoon oproep Oktober 2000 van *“Christ for the Nations Institute.”* (Dallas) het ‘n nuwe seisoen in ons lewens ingelui. Ons was genooi as studente om die visie van hierdie besondere Bybelskool te begryp en dan iets soortgelyks in Suid Afrika te begin. Sonder om twee keer te dink het ons dit aanvaar.

Ons moes ons vliegtuigkaartjies betaal; die Bybelskool gee ons ‘n “scholarship” wat ons studies en verblyf sou diens. Om weer student te wees nadat ons 43 jaar reeds in voltydse bediening gestaan het, was nogal ‘n uitdaging.

Helene en ek het R18,000 benodig vir ons vliegtuig kaartjies, en die betaal datum was die 15de Desember. Ons sou vertrek die begin van Januarie 2001.

***Kom ek vertel jou hoe die Here voorsien het in hierdie vliegtuigkaartjies – dit is heerlik om daaroor te praat!***

Gideon (ons jongste seun) en Dedrei het gekuier uit London en dit was die 15de Des. 2000. Daardie oggend het ek gewaar die Here se Gees inspireer my om in “die geloof” op te tree. Ek het Helene gevra vir haar kredietkaart en met myne is ek na ons reisagent op die dorp. Ek onthou hoe my vrou en seun gepleit het dat ek tog verstandig moes optree. My plan was om ons kaartjies op ’n begrotingsrekening te plaas.

By die reisagent aangekom het ek ‘n oproep ontvang. Iemand vra my wat ek op daardie oomblik doen. Ek verduidelik dat ek besig was om ons kaartjies te koop na Amerika. Die persoon aan die anderkant se reaksie was: *“Ek het al die afgelope ses weke gewonder wat kan ek vir julle doen. Wat kos ‘n kaartjie?”* Natuurlik het ek geantwoord waarop hy my bankrekening detail gevra het en beloof het om die bedrag dadelik in te betaal.

Omdat die reisagent besig was het ek by ‘n tafeltjie gaan sit op die stoep van ‘n winkel en gekyk na die baie besoekers in ons dorp, terwyl ek God gedank het vir die R9000 wat Hy voorsien het om een kaartjie na Amerika te kon koop.

Die volgende oomblik lui my foon weer en is dit ‘n broeder wat met sy gesin vakansie hou in ons dorp. Hy het die vorige aand na my geluister waar ek gepreek het in ons gemeente en vertel het wat ons gaan doen in Amerika.

Sy woorde was: *"Pastoor, ek wil graag een kaartjie betaal."* Hierdie twee oproepe was ongeveer dertig minute uitmekaar. Ek is dadelik na sy vakansie woonstel waar hy my sy tjek gegee het. By die bank het ek die ‘n konsultant gevra om my te help sodat die geld nog vandag in my rekening beskikbaar kan wees. Ek kon nie sewe dae wag vir goedkeuring op die tjek nie. Met haar handtekening op die tjek is ek met groot vreugde na die teller en daarna kon ek albei ons kaartjies “kontant” koop. Is dit nie ‘n mooi getuienis van God se voorsiening nie?

## ***"Christ for the Nations Bible School" in Jeffreysbaai was Bybelskool nommer 48 gekoppel aan "Christ for the Nations Institute" in Dallas, wat een van die grootste Bybelskole is wat bestaan.***

Om weer ‵n voltydse student te wees by CFNI, nadat ek reeds vir 43 jaar in die bediening was, en nadat Helene en ek reeds 41 jaar getroud was, was ‵n groot aanpassing.

Ons het gegradueer met ‵n "ere" Teologiese Diploma in Mei 2001 en was voor die fakulteit en een duisend twee honderd studente gesalf om die Bybelskool in Jeffreysbaai te kon begin. Ons het na Dallas gegaan om die visie te "vang" maar eintlik het die visie "ons gevang".

Ek het ‵n sekretaresse aangestel teen R2000 p/m en vir myself geglo vir ‵n salaris van R3000 as hoof van hierdie Bybelskool. Dan moes ons ‵n lesinglokaal en kantore huur en ook die nodige meubels bekom vir ons kantore. Geen kerk en selfs CFNI het ons met finansies ondersteun nie, maar God het vir ons voorsien.

Die eerste jaar was daar 26 studente en dit het gegroei na meer as veertig vir die tweede jaar. Die kursus was aangebied met ‵n Sertifikaat vir die eerste jaar en ‵n Diploma vir die tweede jaar. Hoe ons dit finansieël gemaak het, bly eenvoudig ‵n wonderwerk. Elke jaar het ons finansieël gelyk gebreek.

***Met dankbaarheid kyk ons terug na al die studente wat toegerus was deur Christ for the Nations Bybelskool. Deur ons studente is daar kerke geplant asook ander Bybelskole. Al die eer aan die Here.***

**Eerste studente Januarie 2002**






**Eerste "Graduation" 2004**
**Voor sit Helene, dan ek en Past. Neels Prinsloo**



**Op die 9de Augustus 2024, was dit Helene se begrafnis in Oase Gemeente. Dit is ons gemeente, in Jeffreysbaai, waar ons saam 27 jaar lidmate was.**
**Vir ons as familie was haar begrafnis ‘n “Celebration Diens.”**

# ‘n Kort opsoming van wat met Helene gebeur het sedert April en Julie 2024.

Op 24ste April 2024, ‘n dag voor ons 65ste huweliksherdenking het sy half nege die aand inmekaar gesak in die badkamer. Ek moes twee buurmanne bel om my te kom help, sodat ons haar op die bed kon kry. Nooit het ek kon dink dat daar vier maande van pyn en siekte sou volg nie. Opgesom: Helene was in vier hospitale, en altesaam was daar vier spesialiste betrokke. Sy kon nie loop nie, het skaars geëet en het baie pyn in haar rug ondervind. Eers by die derde spesialis was ontdek dat sy ‘n abses in haar maag gehad het, wat gelukkig nie kwaadaardig was nie. Nadat die onsuiwerheid uit haar maag gedreineer was het sy binne ‘n dag herstel. Ons was so dankbaar. Om haar bed is dit ek en my seuns, met hulle vroue. God gedank vir wat Hy vir haar gedoen het.



Hierna het sy ongelukkig terugslae ondervind. Op die 24ste Julie 2024 het sy weereens gegaan vir ‘n Scan, want die volgende dag sou sy die tweede keer oorgeplaas word na Aruara, wat ‘n rehabilitasie hospitaal in Port Elizabeth is. Ongelukkig het haar hart gaan staan terwyl hulle besig was met die Scan. Ek dink die spanning was vir haar teveel! Die nodige hart skokke was toegedien, wat haar nog ‘n paar uur laat leef het. Helene is toe laat daardie middag oorlede, en was verlos van al die pyn en stryd van hierdie lewe, om ewig by Christus in te woon!
Ek het baie mense in my lewe begrawe en het gemeen dat ek antwoorde kon gee, om hulle te troos. Maar vir myself het ek nie antwoorde nie. Die dood is ‘n werklikheid en ook ‘n onwerklikheid. Tog moet ons dit aanvaar en aangaan met ons lewens. Vir weke het ek baie gehuil. Dit help om jou binneste te heel. Jesus het gehuil by die graf van Lasarus. (Joh. 11:35)

Vir my was Helene se begrafnis die eerste wat ek moes reël. Ek is so dankbaar vir Nico, my tweede seun, wat saam met my gegaan na Avbob om die begrafnis reëlings te tref. Hulle kantoor is in Humansdorp, so tien kilometer van Jeffreysbaai.

Daar verneem ek dat Avbob my R17000 afslag gee op Helene se begrafnis. Ek het net ‘n Polis by hulle gehad het van R50. Ek het dit 50 jaar tevore uitgeneem maar nooit verder iets daarop betaal het nie. Verder was aan my gesê dat ek die volgende dag R3000 sou ontvang nadat Avbob ‘n Sms aan my sou stuur, wat ek by Standard Bank se Atm kon trek. Dit was sakgeld in hierdie moeilike tyd. In trane het ek in my motor vir Helene gesê: “Mamma, omdat jy dood is, het Avbob R17000 afslag gegee op jou begrafnis en my ook R3000 geskenk. Maar ek wil nie dit hê nie, ek soek eerder vir jou.” Die totale bedrag vir Helene se begrafnis was R5200 – wat ek gelukkig self kon betaal.

**Hier is die huldeblyke wat in die Program van Helene se begrafnis was. Julle sal hoor hoe elkeen van my seuns oor haar gevoel het.**

**Daniel, ons oudste seun.**
What a wonderful woman and mother Helene Nell was. Our own Margaret Thatcher, the Iron Lady, in more ways than one. Stern when required, caring when needed, never soft as butter. She was always encouraging, always believing in us, and showing up to hold us accountable when least expected.

She helped us all to set our standards high and our goals, even higher. When she saw that we had stage fright, she entered and trained us for a national singing competition, so that we could learn what it means to stand on a stage where more than 3000 people were watching.

Mom taught us about the birds and the bees, about life, and most importantly, about how to seek God. How to praise Him, serve Him, and worship Him to the full.
What a blessing it was and still is to have had a mother like Helene, the Iron Lady.
We honour and love you, Mom.
Daniel

**Nico, ons tweede seun.**
Dit was met diepe hartseer dat ek die skok nuus van my Ma se afsterwe moes verneem tydens ʼn besoek aan Durban met kerklike verantwoordelikheid. Ek sou verseker nie gereis het, as ek geweet het dat sy Woensdag 24 Julie om 18h37 haar laaste asem sou uitblaas nie. Haar heengaan het 'n ontsaglike leemte in my lewe gelaat, en ek worstel steeds met die realiteit van haar afwesigheid.
My ma was 'n fenomenale vrou wie se kennis, liefde, vriendelikheid en vrygewigheid ontelbare lewens geraak het. Haar onwrikbare ondersteuning, gebed, leiding en aanmoediging het my gevorm tot die mens wat ek vandag is. Haar invloed was 'n konstante bron van krag, inspirasie en aanmoediging tot hoogtes wat soms hoër as my vermoë was. My ma se merkwaardige gees, warmte asook haar deernis het van haar 'n gekoesterde teenwoordigheid in ons familie en by talle gemeentes en gemeenskappe gemaak. Sy was altyd bereid om haarself te na te kom, om beleggings in ons as seuns se lewens te maak vir beter prestasies en tot baie beter uitkomste. Haar nalatenskap sal voortleef deur die legio herinneringe, boodskappe uit die Bybel, vermanings, lesse en waardes wat sy by my en almal wat haar geken het ingeboesem het. Haar liefde vir die Woord was ongekend.
Terwyl ek hierdie moeilike tyd navigeer, vind ek vertroosting in die herinneringe van ons tyd saam. Ma, ek sal jou baie mis, maar ek troos my in die wete dat ma se liefde en gees my sal aanhou lei.
Liefde en tot weersiens!
Jou seun, Nico.

**Leon, ons derde seun.**
My ma sal in my voortleef hier en nou, want Sy het groot beleggings gemaak, in haar grootmaak van haar seuns.
As haar kind, wat haar droom vervul het om medisyne te studeer – 'n voorreg wat sy self nooit sou geniet nie – was dit my voorreg om my Ma as my pasiënt tot haar einde te kon dien.
Ek deel haar liefde vir musiek en die kunste, tuinmaak en sang, 'n begeerte om die Skrifte beter te kon verstaan, en om in leierskap en organisasie te floreer.
Die Ystervrou was nooit skaam om vir die regte redes te staan nie. Sy was altyd 'n ware "Lady of Elegance".
My Ma was en sal n inspirasie in my wese bly, en ek hoop ek kan haar reis laat voortleef vir solank moontlik.
*"Ma, jy verdien n goue medalje vir jou uitmuntende diens aan die mensdom, voorwaar.*
*Ek is baie lief vir jou, en trots dat jy my Moeder is. Geniet, elke oomblik, jou beloning in God se teenwoordigheid."*
Jou seun,
Leon.

**Words of memories and thanks to Mum - Gideon**
To my mother, Helena Nell
What a remarkable mother and woman you have been! Your image, teachings, deeds and seed will be with us forever. I will never forget your tall frame, big smile, sparkling eyes and blond hair. You always carried yourself with so much sophistication and grace, making me proud to call you, my mum.
You dedicated your life to God, Jesus, your family and church. From managing ladies' ministries and charity events, to leading the church band from behind the piano, multiple times week after week. At home, you filled our house with Praise and Worship music, creating an atmosphere of love and faith.

But you were not all church, as you also had a keen eye for fashion, which lead to you starting your own business in retirement, importing ladies clothing from Asia and making countless trips for two decades!

More importantly to me, you were my mother. Always making me feel loved and safe.
Caring for me whenever I was ill – Your Marmite toast and rooibos tea somehow worked like penicillin! You were like our own resident GP. Although your minor surgery once left me with a scar to cherish to this day. You taught me some of the most important lessons of my life, like to never use the Lord's name in vain, to respect your elders, treat others as one would like to be treated, to be kind and that our words have power.
My goodness but you were strict though and I was rarely brave enough to step out of line. Your stares over your glasses from behind the piano when I was misbehaving in church, used to make me shiver! And I don't miss those pinches on the inside of my thighs when apparently, I had "miere" in church.
You also really had a sixth sense. You would go for days without questioning me on my whereabouts but on the days that I stepped out of line, the first question you

would ask me when I got home was "waar was jy vandag?"...and off course, we were taught that "diewe en leuenaars gaan hel toe"...and then I had to face the consequences.
But it was not all serious, I was your shopping buddy (well, apart from those 6 months after I threw a tantrum in the Norwood Hypermarket), and I loved it! Especially in the factory shops and the Oriental Plaza where you taught me how to "bargain". Despite not having much, you always dressed us as well as you could.
And if I did not thank you enough for being my personal taxi to all things school and sports...I thank you!

Unfortunately, I left South Africa some 25 years ago and apart from our telephone calls, I only got to see you for a week or two a year since then, but then I got the call at the beginning of June to say that I might want to come say my goodbyes.
As hard as those 10 days by your side were, they were some of the most rewarding of my life and will live with me forever. Watching one's beloved mother in pain, not eating and fading away and effectively dying for 8 days, and then make a miraculous recovery, was truly humbling. While a challenging time, I will never forget our moments together, holding your hand, stroking your hear, helping you move, giving you water, putting on lip-ice, and creaming your hands and feet, with Bethal Music and songs like 'Goodness of God' playing in the background, I was constantly fighting my tears...but in hindsight, these created moments and memories for life!
Also, while you could not speak much anymore, your nods and nos and facial expressions allowed for all the communication I could have wanted. And the funny thing was, despite being Afrikaans, when you were able to utter a word or two, you spoke English! Maybe that's proof we will speak English in heaven!

But then a miracle took place, and you turned around and came to, back to Afrikaans, completely lucid and with instant wit!
Calling dad a "rakker", telling one of my brothers who spoke to loud to "shush" (you know who you are!) and "moenie mors met my" in the hospital, are words that will stay with me.
All this, giving us the ability to have just a bit more time with you and telling you how much we love you and for you to tell us how much you love us and that you are praying for us!...just think about that...you telling us that you are praying for us...

I honour you, Mum! You have sown so much good seed in so many and in me over the years for which I am forever grateful. Where your earthly body has failed you, your heavenly body will be flawless and you would have been able to stand up, walk, run and you are probably already dancing again. We rejoice with the angels because they are getting a beautiful and strong spirit with a strong voice to sing glory to God!
It remains my honour to call you my mum.
I love you Mum and respect you, forever and ever...amen!
Your baby, your "laat lammetjie."
Gideon

**Ek deel my laaste twee "Dagstukkies" wat ek uitgestuur het voor Helene se begrafnis op die 9de Augustus 2024.**

**Ons lewe is in God se hand.**

**Job. 14:1,5,14** *"Elke mens kom in die wêreld deur 'n vrou; hy leef nie lank nie en kry baie moeilikhede...U het die lengte van sy dae vasgestel en U weet presies hoe lank dit sal wees. Hy kan nie verder gaan as die perk wat U gestel het nie...Maar as 'n mens dood is, sal hy weer lewe? As dit so is, sal ek dwarsdeur my lyding moed hou totdat ek weer verligting kry."*

Job begin met woorde, soos: *"Elke mens kom in die wêreld deur 'n vrou."* My skoonmoeder het altyd gesê dat as 'n man geboorte sou gee aan 'n kind, sal dit die laaste kind wees wat gebore sou word. Ek dink dit is wyse woorde en ons mans moet dit erken. Laat ons elke vrou prys wat geboorte gegee het aan 'n kind.

Ons lewe is in God se hand. Net Hy alleen het beheer oor hoe lank ons sal lewe. Daarom maak dit nie saak wat die mediese mense vir jou sê nie, God bepaal lewe en dood vir elkeen van ons. Job vra 'n opregte vraag, naamlik: *"Maar as 'n mens dood is, sal hy weer lewe?"* Want dan sou hy moed hê vir sy aardse lewe.

Ek hoop jy kan ook sê soos Paulus dit gesê het in Fil. 1:21: *"Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins."* Ons sal net kan wen indien ons hier op aarde 'n lewe geleef het vir Christus. As ons dood is, sal ons weer lewe. Joh. 11:25: *"Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."*

Moenie vrees vir die dood nie, want Jesus het dit oorwin!
Hou vas aan God se beloftes in Sy woord, omdat dit waar is.
Moenie ophou lewe vir die Skepper wat jou gemaak het nie.

## Die geheim van saai en maai.

**Markus 4:26-29** Die Lewende Bybel: *"Jesus het ook vir hulle gesê: In God se nuwe ryk gaan dit soos wanneer iemand wat in 'n land saai. Terwyl hy bedags werk en snags slaap, kom die saad op en groei. Hy weet self nie eers hoe dit presies gebeur nie. Want die grond laat vanself die graan groei – eers die halm, dan die aar en daarna die graankorrels in die aar. En as die graan ryp is, is dit tyd om te oes. Dan wag hy nie – hy sny dit met die sekel af so gou as hy kan."*

Die lewe is 'n "saai en maai" proses. In 1 Kor. 15:37,38 het Paulus geskryf: *"En wat jy saai – jy saai nie die liggaam wat sal word nie, maar 'n blote korrel, byvoorbeeld van koring of van iets anders. Maar God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het, en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam."* Paulus skryf verder in verse 42,43: *"So is ook die opstanding van die dode: Daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid, daar word opgewek in krag."*

Ons weet dat jy eers moet saai voordat jy kan maai – jy moet eers gee voordat jy kan ontvang. Helene, my vrou, se begrafnis is vir my soos saad wat eers gesaai moes word, sodat sy in 'n nuwe liggaam (sonder pyn en siekte) opgewek sal word – om nooit weer dood te kan gaan nie! God se tyd om te "oes" het nou vir Helene gekom. Sy was soos 'n sekel afgesny, omdat sy soos graan "ryp" geword het.

Moenie vrees vir die dood nie, want Jesus het dit oorwin.
Jesus is die opstanding en die lewe – glo dit met jou hele hart.
As jy in Hom glo sal jy vir ewig lewe. Glo jy dit? (Joh. 11:25,26)

**GOEIE RAAD na die afsterwe van jou Lewensmaat.**

Wat is 'n "Begrafnis"? Die "Colins Dictionary" het dit die beste saamgevat: *"A funeral is the ceremony that is held when the body of someone who has died is buried or cremated."* Daar moet geen spanning ontstaan in jou familie oor bogenoemde nie.

**Hier is vir jou 'n DOENLYS:**

- ✓ Bekom 'n Doods Sertifikaat van jou geliefde.
- ✓ Besluit of jou geliefde begrawe gaan word, of verras gaan word.
- ✓ Wanneer is dit 'n goeie tyd om die oorledene te gaan besigtig? Binne vier dae.
- ✓ Kontak jou Begrafnisondernemer.
- ✓ Stel jou familie en vriende in kennis. Doen dit met 'n WhatsApp/Email/Facebook.
- ✓ Stel jou Mediese Fonds in kennis.
- ✓ Bespreek 'n Prediker, 'n Kerk en Saal waar die diens gehou moet word.
- ✓ Wie doen die blomme en verversings?
- ✓ Wie hanteer die klank in die kerk asook die liede?
- ✓ Wie gaan optree as draers (Indien hulle nodig sal wees?)
- ✓ Oorweeg 'n "Power Point" wat voor die diens vertoon word.
- ✓ Kry iemand wat 'n video kan neem van die Begrafnisdiens, sodat hulle wat nie kan kom nie, dit op "Youtube" kan volg.
- ✓ Stel 'n duidelike Program op vir die Begrafnisdiens.
- ✓ Kry 'n fotograaf. Die familie kom nie altyd so bymekaar nie.
- ✓ Verander jou Testament.
- ✓ Stel SASSA in kennis van jou lewensmaat se dood.
- ✓ Gaan sien jou Bank om nodige veranderings te maak.
- ✓ Gaan sien Vodacom (of 'n ander diensverskaffer) om oorledene se rekening te sluit. (Maak net eers seker dat belangrike inhoud behou word)

- ✓ Neem 'n verstandige besluit oor oorledene se klere en besittings. (Moenie hieroor te haastig wees nie!) (Moenie alles hou nie!) (Gee vir familie en behoeftiges)
- ✓ Besluit om doelgerig te lewe. (Miljoene het al hierdie eensame pad geloop)

**Vereenvoudig jou lewe.**

1. Koop dinge omdat dit bruikbaar is, nie net vir die status nie.
2. Verwerp enigiets wat van jou 'n slaaf kan maak.
3. Leer om dinge weg te gee. Veral dinge wat nie nodig is nie maak die lewe ingewikkeld. Jy moet dit versorg en afstof. Ons kan wat ons het weggee sonder dat ons dit sal mis.
4. Moenie altyd net die nuutste op die mark begeer nie.
5. Leer om dinge te geniet, sonder dat jy dit besit.
6. Ontwikkel 'n groter waardering vir die skepping.
7. Gebruik eenvoudiger taal. Jesus het gesê in Matt. 5:37: *"Maar laat julle woorde wees: Ja, ja, nee, nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose."* Praat nie teveel nie.
8. Vermy dit wat jou sal keer om God se koninkryk eerste te soek. (Matt. 6:33)

## "<u>AS 'N MENS STERWE, SAL HY WEER LEWE?</u>"

**In Job 14:1,2,14 staan geskywe:** *"Die mens uit 'n vrou gebore, is kort van dae en sal van onrus. Hy spruit uit soos 'n blom en verwelk; ook vlug hy soos ;n skaduwee en hou nie stand nie... As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom."*

Die Lewende Bybel vertaal Job. 14:14 soos volg: *"Maar as 'n mens dood is, sal hy weer lewe? As dit so is, sal ek dwarsdeur my lyding moedhou totdat ek weer verligting kry."*

**Ons hoor dikwels die vraag:**

- Wat is die waarheid aangaande die dood?
- Wat gebeur presies die oomblik as jy jou laaste asem uitblaas?
- Gaan sommige hemel toe en ander hel toe?
- Is daar iets soos reinkarnasie?
- Kan die lewende kontak maak met die dooies?

As daar ooit 'n vraag in die hart van die mens opgekom het het dan is dit hierdie een wat Job neergepen het in Job 14:14. Veral by die sterfbed of graf van 'n dierbare kom al die verskillende vrae op in ons harte.

**Daar is 'n groep wat sê: "As 'n mens sterwe, sal hy gewis nie weer lewe nie"**

Hulle beweer dat 'n mens nie 'n onsterflike siel besit nie en sterf soos 'n dier. Maar volgens die Bybel bestaan die mens uit 'n stoflike en 'n geestelike deel.

**Gen. 2:7** *"En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het die mens 'n lewende siel geword."*

Jesus sê van die stoflike en die geestelike: **Matt. 10:28** *"En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel."*

**By die dood tree daar skeiding in tussen die stoflike (die liggaam) en die geestelike (siel en gees) van die mens.**

In **Gen. 35:18** lees ons die volgende woorde waar Ragel sterwe met die geboorte van haar baba: *"En toe haar siel uitgaan – want sy het gesterwe – noem sy hom Ben-oni. Maar sy vader het hom Benjamin genoem."*
Die vraag is nou: Toe haar siel waar uitrgaan? Natuurlik uit haar liggaam, want die siel sterf nooit, dit is net liggame wat sterf.

**Prediker 12:7** praat ook van *"die stof wat na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het."*
Jona het eendag uitgeroep: *"O Here, neem dan nou tog my siel van my weg, want dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe."* **Jona 4:3**
**Ons begrawe net liggame!**

In Vryheid (Natal) se begrafplaas het ek die volgende woorde gelees op 'n grafsteen: *"She lives whom we call dead."* Dit was vir my baie treffend.

**Dink aan die Egiptenare**
Hulle het hul dooies gebalsem en hul begrawe met voedsel en skatte. By kinders het hul speelgoed geplaas. Hoekom? Sodat wanneer hulle weer sal lewe, kon hulle voort gaan met hul nuwe lewe.

**Die Rooi Indiane**
Hulle het hul mans met pyl en boog begrawe met die hoop dat daar lieflike jagvelde in die lewe na die graf sal wees.

**Ons glo nie so nie, maar ons glo wat Paulus geleer het in 1 Kor. 15:19** *"As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van all mense."*

**ONS BEHANDEL 'N PAAR VRAE**

**As daar lewe na die graf is, kan ons met hulle in aanraking kom?**

Die argument hier is dat koning Saul deur middel van die heks van Endor vir Samuel opgeroep het en met hom gepraat het. Maar hoor God se Woord: **1 Kron. 10:13,14:** *"En Saul het gesterwe... omdat hy die gees van 'n afgestorwene om inligting gevra het, maar die Here nie geraadpleeg het nie."*

Volgens **Open. 1:17,18** besit Jesus nou die sleutels van die dood en die doderyk. Hierdie skrif lees soos volg: *"En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete; en Hy het Sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen.* ***En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.****"*

INDIEN IEMAND MET DIE DODE IN AANRAKING WIL KOM MOET HY EERS DIE SLEUTELS BY JESUS KRY OM OOP TE SLUIT. JESUS SAL DIT GEWIS NIE GEE NIE!

**Kyk hoe ernstig spreek die Here Homself uit teen die volgende:**

**Lev. 20:6** *"En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes...sal Ek my aangesig teen die persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit."*
**Jes. 8:19** *"Moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?"* **Lees ook Deut. 18:10-12**

**Job se vraag in Job. 14:12?**
**"'n Mens blaas die asem uit en – waar is hy?"**

Volgens die Bybel is daar twee plekke: Die Doderyk en die Paradys! Daar is niemand tans in die hel nie. Die volgende sal eerste daar kom:

**Open. 19:20** *"En die dier (antichis) is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoenhet, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang het en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand (die hel)"*

**Open. 20:10** *"En die duiwel wat hulle (die nasies) verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid."*

**Open. 20:15** *"En as dit bevind is dat iemand (dit is nou mense) nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie,(m.a.w. nie Jesus aangeneem het nie) is hy in die poel van vuur gewerp."*

**Die Paradys en Doderyk was eers bymekaar in die hart van die aarde.**

Kyk wat beloof Jesus die een rower an die kruis in **Luk. 23:43** *"En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees."*

Volgens **Matt. 12:40** was Jesus drie dae en drie nagte in die hart van die aarde. Lees gerus ook **Num. 16:33**

**Na Jesus se opstanding is die Paradys verplaas na die derde hemel. Dit is iewers weg van die aarde af.**

**Ef. 4:8-10** *"Daarom s ê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenis gevange geneem en gawes aan die mense gegee. Maar dit: Hy het opgevaar – wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde? Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring."*

**Dan sê Paulus die volgende in 2 Kor. 12:2-4** *"Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede – of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit – dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man – of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit – dat hy weggeruk is in die paradys."*
Algemeen word dit aanvaar dat Paulus hier van sy eie ondervinding gepraat het wat veertien jaar tevore in Listre plaasgevind het toe hy gestenig was. Hy was dood gegooi met klippe waarna God hom weer opgewek het. **(Hand. 14:19,20)**

**As jy sterf (as 'n kind van God) gaan jy na die Paradys, die voorportaal van die hemel – of as jy nie 'n ware kind van God was nie, gaan jy Doderyk toe, dit is die voorportaal van die ewige hel!**
Sterwe sal ons – net soos andere! Vrees jy hierdie dag? Dan is jy nie reg met God nie.

**Paulus het nie die dood gevrees nie.**
Hy kon uitroep in **Fil. 1:21** *"Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins."*
**2 Kor. 5:1** *"Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele."*
**Het jy hierdie versekering wat Paulus gehad het?**
**Jesus roep uit in Joh. 11:25** *"Ek is die Opstanding en die Lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."*
**Na die dood is 'n mens bewus van jou omstandigheid.**
Ons dink hier aan die verhaal wat Jesus vertel het van die rykman en Lazarus. Albei was bewus van wat met hulle gebeur na hul dood. Abraham het vir die rykman gesê: *"Kind onthou..."* Hulle kon dus met mekaar praat. **(Lukas 16:25)**

Ek weet nie wat hul eendag op jou grafsteen sal skryf nie, maar op myne kan hulle net een woord plaas, naamlik **"Vergewe."** Op Paulus se grafsteen (as daar een was) kon hulle skryf: *"Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voleindig, ek het die geloof behou."* **2 Tim. 4:7 (Lees ook Psalm 115:15)**

**Ons is op aarde in 'n wedloop. 1 Kor. 9:24-26** *"Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop so dat julle dit sekerlik kan behaal. (Jy neem nooit deel net om dit te geniet nie, maar om te wen. Natuurlik moet jy dit ook geniet) En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles – hulle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike. Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie..."*

**1 Thessalonicense 4:13-18 is 'n boodskap wat ons bemoedig.**

**vers 13** *"...ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.*

**vers 14** *Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.*

**vers 15** *Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal voor wees nie.*

**vers 16** *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.*

**vers 17** *Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.*

**vers 18** *Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."*

**Jesus gaan weer kom!** Hy het dit ook self duidelik gestel in **Joh. 14:1-3** *"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van My Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."*

Jesus het die volgende verklaring gemaak by die graf van Lasarus, naamlik: *"Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."* **(Joh. 11:25)**


Paulus se woorde in **1 Kor. 15:16 en 19** is treffend: *"Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus nie opgewek nie... As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense."*
Die boodskap van die Opstanding van Christus was die krag van die eerste kerk.
Ons lees in **Hand. 4:33** *"En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal."*

**Ons liggame is maar net 'n tentwoning!**
**In 2 Kor. 5:1 skryf Paulus** *"Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele."*

**Wat sou jy doen as jy weet jy gaan sterf?**
Sterf gaan almal, want die Bybel sê in **Heb. 9:27** dat dit vir die mens bestem is om eenmaal te sterf en daarna die oordeel.
Hoe sal jy optrede wees as jy weet dat jy gaan sterf?
Hoe sal jy praat met jou vrou, man en kinders?
Watter goed sal jy graag aan mense wou doen?
Sal jy nie graag wou regmaak met mense in jou lewe nie?


# Helene het vir 65 jaar ons "Liefdes Briewe" bewaar!

Natuurlik het ek geweet van hierdie briewe. Ek onthou nog hoe ek eers uit Brakpan, waar ek die jeug pastoor was aan haar geskryf het. Later het ek uit Vryheid, Natal aan haar geskryf, toe ek pastoor was in my eerste gemeente. Ons het dertien keer verhuis en Helene het die pakwerk gedoen, en ons briewe bewaar. Na haar dood, het ek dit ontdek. Ek deel die inhoud van ons "Liefdes Briewe" met jou. **Kyk na die adresse!**









# Ek het ons liefdesbriewe in hierdie boek geplaas met die vertroue dat dit ook waardevol vir jou sal wees.

2de Sept. 1958
Liefste Helene,
Wees oor niks besorg nie, maar laat jou begeertes bekend word by God. (Fil. 4:6)
Dis nou vyf voor vyf in die middag, en ek sit nou hier in my nuwe tuiste en skryf. My adres is Wendenlaan 54, Brakpan, en ek woon by tannie van Staden. Sy is 'n weduwee en het al getroude kinders.

My liefling, ek het baie vir jou gebid en het jou baie lief. Deur Sy genade het ek baie voorspoedig gery van Bloemfontein na Pretoria. My tyd wat ek gery het was 6 uur en 10 minute. My onkoste was maar £1 en 14 sjielings. Aan Hom kom al die eer toe, dat Hy my bewaar het, want die pad was baie besig. Toe ek daar gekom het was Steve (my broer) en sy gesin ook daar, maar hulle is eer terug na Durban.

My verwelkoming in Brakpan is Woensdagaand. Dit is 'n Jeugdiens wat waargeneem sal word deur die AGS Bybel Kollege studente. Net jammer my liefling is nie daar nie. Dit sou so anders gewees het. Die pastoor en sy vrou is baie gaaf. Van die begin af het ek tuis en gelukkig gevoel. Tussen ons, wil ek sê dat ek gedink het hy is domineerend maar hy is net anders. Die kerk is 'n pragtige gebou met 'n groot saal. Die pastorie is ook baie mooi en netjies. Ongelukkig het ek nie 'n foon hier waar ek bly nie, maar die pastorie is naby.

Verder wonder ek of my liefste haar goed oppas en verlang sy? Wanneer jy weer sien dan stop die Morris voor julle deur, en dan gaan daar groot dinge gebeur. Dan kan jy skreeu net soos jy wil, want ek sal die deur van die sitmaker agter ons toesluit. Ek dink ek moet sommer nou in die Morris spring en kom kuier. Jy is dierbaar. Ek is sommer lus en eet jou op. Ek het gekyk na die foto wat ons by Danie Brink geneem het, toe kom daar so 'n verlange in my binneste en so 'n teer gevoel van liefde. Dank die Here vir die liefde tussen ons....jy maak my so gelukkig voel!
Skryf so gou moontlik en hard studeer.
Met al my liefde, jou verlangende en blywende liefde,
Danie. XXXXXX

5 Sept. 1958
My dierbaarste Danie. Duisend dankies vir jou brief, dit was soos koel reen op droë aarde. Ag, ek is alweer verspot, want die trane loop al weer. Ek het al die afgelope paar dae gewonder of my oë in fonteintjies verander het, want ek huil my goed uit by die huis en ek was Woensdagaand skaars by die kerk toe stroom die fonteintjie weer. Die rede? Toe ek omkyk in die koor was my liefling se plek leeg. Ag, ek wens die vakansie wil gou kom, my skat, want ek sal my nog dood huil.

Maandag sal ek nooit in my hele lewe vergeet nie. As ek ophou huil dan knaag daar 'n brandende hartseer binne in my. Oom Dirk het baie daartoe bygedra om die hartseer te verlig, maar toe hy ook Woensdag wegry, het die laaste strooi gebreek.

Ek was, soos reeds gesê Woendsdagaand koor toe, maar moes dadelik in die bed klim toe ek by die huis kom want Mnr. Griep het my platgetrek. Die koors was so hoog dat ek mammie nie eers geken het nie. Vandag gaan alles weer goed want die Here het weer gebed geantwoord. Jy moet dus maar die bewerige skrif verskoon. Nou is my klagtes op en is ek weer jou stout liefling. Danie ek wens jy was nou hier dan het ek jou laat raai, totdat jy weer vra "ag liefie toe". Ou nuuskierig, ek sal maar sê dat ek met my skoonma en skoonpa gisteraand gesels. My skoonma het toe gevra wanneer ek ook in die "kraal" sal kom? My skoonpa het byne deur die foon gespring toe hy hoor wie praat. Ag my skat, dit was kostelik. Hulle wou vir niks op aarde ophou gesels nie. Dan vat die een die foon en dan weer die ander een. Hierdie gedagtes was vir my kosbaar.

Tussen ons, my swaar Frans van Niekerk, het die beroep na Grahamstad aanvaar en tannie Dora het die 3de om tien voor twaalf die nag 'n dogter. Ag ek wens dit was ek. Wat het ek nou gesê? My skat vergewe my hoor, maar ek is besig om te droom. Ek wens ek kan net een soentjie kry. Soen my gou voordat iemand ons sien. My skat ek verlang so verskriklik baie. Ek het gisteraand vir Moekie (my skoonma) oor die foon gesê dat dit so bitter eensaam is. Moenie verbaas wees as ek een naweek onverwags daar uitslaan nie. Deur die dag gaan alles goed, maar saans as ek in die bed klim, breek alles eenvoudig in my en dan huil ek my maar aan die slaap.

Daar is iets wat my dryf. Ek soek deur die huis na "iets" wat ek nie kry nie. Ek dwaal eenvoudig van kamer na kamer en as ek by die voorhuis land en by ons "heilige plekkie" kniel, dan is dit maar die ou episode oor. Gits, as ek aanhou dan is my liefling netnou in trane en ek wil dit nie hê nie. My skat, ek het jou innig lief met 'n liefde wat by die Here alleen bekend is. Die afgelope tyd is daar net een teks wat deur my brein maal en ek assosieer dit met jou, naamlik 1 Timotheüs 4: 12-16. Liefling, onderstreep dit dadelik in jou Bybel en skryf daarby 1/7/1958. Later sal jy verstaan hoekom jy dit moes doen. My engel, ek moet nou my hare gaan indraai anders sal ek vanaand 'n spektakel in die koor wees. Ek bid vir jou dat die Here jou boodskappe seën.
Jou enigste verlangende liefling,
Helene.

7de September 1958
Hello my engel,
Verbaas nê? Wel dit maak mos nie saak as ek baie skryf nie. Die doel van my brief is om jou in te lig wat hierdie naweek plaasgevind het.

Gisteraand het ons, ons "Preek n Sangdiens" gehad. Past. Willie Smit het oor Golgota gepreek. Hy het eers die teksvers gelees, daarna het Colleen en Bertha 'n duet gesing. Toe het hy verduidelik wat moontlik by die kruis gebeur het en Santjie het 'n treffende gedig voorgedra. Die koor het hierna "As ek die kruishout gadeslaan" gesing. Past. Willie het die Here Jesus se lyding en smart beskryf en die koor het daarna gesing: *"When I think how they crusified my Lord."* Past. Willie het benadruk dat Golgota daar moes wees omdat Jesus vir ons moes sterf. Daarna het die koor gesing *"They are nailed to the cross."* Toe het hy die drie kruise bespreek en gesê dat die engele kyk oor die balkonne van die hemel toe die een kwaaddoener

genade ontvang het, waarna die koor gesing het *"The way of the cross leads home."* Die "barman" van die spoorweg drankwinkel en sy hele familie het tot bekering gekom!

By vanaand se diens het tien sprekers opgetree. Dit was: Bertha, Colleen, Grace, Chrissie, Bessie, Marc, David, Kassie, Koot en Past. Willie Smit. Die hoofgedagte was: "Wie moet ek loslaat, Jesus of Barabas?" Die Here het eenvoudig die hemel oopgemaak.

Liefling, vir die eerste keer in my lewe het ek vandag begeer om 'n prediker te word en ek is so geïnspireerd dat ek voel ek wil deur die genade van God duisende siele na Jesus lei. Ek het voor vreemde mense getuig, iets wat ek nie vantevore kon doen nie. Danie ek voel asof ek net aan Sy voete kan sit en Hom aanbid. Die koor het hierdie naweek gesing soos 'n hemel se koor en dis net toe te skryf aan gebed. Hoe gelukkig voel ek om te weet my liefling is 'n Koning se kind, en weet as Jesus kom gaan ek en my liefling saam hemel toe. My skat, verskool my as ek oorborrel, maar iets het gebeur wat ek self nie kan beskryf nie. Jesus het my al en al geword. My skat, ek verlang nog bitter baie, maar die troos het Jesus reeds geskenk, want Sy vreugde oorweldig my.

Ek sien nou met moed uit na die vakansie by my liefling. 'n Vakansie waarin ek saam met die enigste wat ek bemin die Here Jesus se Naam kan eer en siele vir Jesus wen. My skat, hoe soet is die liefde van Jesus nie? My liefling, ek is van plan om sommer gou te trou, want Jesus se koms is voor die deur. Ek wil nog net een begeerte vervul hê en dit is om saam met my man, my liefling, vir Jesus siele te wen. My engel, skryf vir my wat Donderdag middag gebeur het omtrent een uur. Ek was baie bekommerd oor jou en het omtrent 'n kwartuur aaneen gebid dat die Here jou moet bewaar, voordat ek oorwinning gekry het in my gees.
Nag, my skat en slaap lekker.
Gee my nog 'n soentjie.
Jou toekomstige vroutjie en liefling,
Helene XXXX

10 Sept. 1958
Liefste Maatjie,
Duisendmaal dankie vir die troosvolle briewe waarna ek so lank uitgesien het. Ek het die pos dag vir dag dopgehou, so erg dat ek vir tannie van Staden, by wie ek woon, gesê het dat ek nog net sal wag tot vandag. As ek niks van jou hoor nie, klim ek in my motor en jaag deur Bloemfontein toe. Dit is nou amper half een in die oggend en ek kyk na jou "kiekie" wat hier reg voor my is, sodat ek kan kyk na jou pragtige oë, neus en lieflike glimlag.

Dit gaan goed met my, en almal is baie vriendelik. Dit is die moeite werd om broers en susters in die Here te hê. Gelukkig is Jesus altyd by jou en my. Ek is so dankbaar dat ons albei Hom ken. Jy en ek moet ook nie toelaat dat iemand ons jonkheid verag nie, indien ons mekaar gelukkiger wil maak, deur gouer as wat beplan was te trou. Jesus se koms is voor die deur en saam wil ons vir Hom siele wen.
Al my liefde, Danie

13 September 1958
My enigste skat,
Ek het jou brief halftien vandag gekry, net toe my vlammetjie op die laagste gebrand het, want ek sou nie die naweek sonder 'n brief oorleef nie. My skat, jy moet regtig vir my bid, want my kragte en senuwees wil maar net ingee. Vanaf Vrydag huil ek oor die geringste dingetjies en dan word ek so vies vir myself.

Op mammie se verjaarsdag, Woensdag, het sy geval en haar arm gebreek. Sy sê sy het net dronk geword van die griep. Sy het flou geword en was dit nie vir oom Dirk en Pottie nie, dan weet ek nie wat sou gebeur het nie.

Ek moes vir agt mense 'n formele ete voorberei het terwyl ek ook moes leer vir die eksamens. Die besoekers het druk op my gesit dat ek my in my kamer toegesluit het en weer goed gehuil het. Danie, my skat, dit is so bitter eensaam sonder jou. Alles het eenvoudig hierdie week net op my ingewerk. Ek moet my inhou om nie katterig te wees nie, en ek voel daarna so sleg daaroor.

Liefling ek is bly dat jy nou darem 'n telefoon naby jou het. Ek kla weer vandag gans te veel, maar ek voel beter nadat ek 'n bietjioe met jou gesels het.

Stry die goeie stryd.
Ek bly jou liefling, jou eie en alles.
Helene.

22ste September 1958
My skat, hoekom het jy my hart gesteel? Toemaar ek is bly dat jy dit gedoen het. Ek wil jou weer baie dankie sê dat jy al die pad van Bloemfontein gekom het om my hart gelukkig te maak. Dankie vir hierdie wonderlike naweek.Regtig God het geweet ek het iemand soos jy nodig om aan my sy te staan. Mag ek ook my plek volstaan.

Ek is baie by dat God my iemand soos jy gegee het wat vir my opkom en saam met my staan. Jy weet nie wat elke klein dingetjie in my lewe vir my beteken nie. My skat jy moet altyd onthou dat ek bid vir die vakke wat jy moet skryf. Bid net baie vir my dat ek nederig sal bly aan Sy voete. Ek is so bly dat ons 'n Vriend het soos Jesus.

My skat, hou jou oë op Jesus. (Joh. 10:1-15; Joh. 10:28,29; Joh. 6:37)
Al my liefde,
Jou verlangende liefling,
Danie.

22 Sept. 1958
My dierbaarste Danie,
Baie dankie vir al jou liefde en opoffering. Ek het jou opnuut so innig lief gekry my skat. Met 'n liefde wat alleen deur die dood geskei sal word. O, my liefling ek verlang so baie vanaand. Vandag jy weg is, het die verlange nog nooit so hard gedruk as vanaand nie. Jy weet my skat, dat in werklikheid was hierdie naweek wat verby is, die deurslag van alles wat in die toekoms sal gebeur.

Ag. Danie hoekom moet dinge so wees? Ek wil nie opstandig wees nie, maar dis so bitter eensaam. Dis tog logies, want ons is tog een en hoe kan ons dan skei. Ek en mammie is vanaand vinger alleen en dis seker daarom dait dit so swaar is om sonder jou te wees. Ek het my maar in my kamer toegesluit, terwyl ek skryf.

Nogmaals dankie vir die naweek. Dit was so wonderlik om weer by jou te wees. Ek het alles en almal vergeet en daar was net een persoon in my gedagtes. Sê vir broer en suster Brown baie dankie vir hulle gasvryheid. Ek wil hê jy moet spesiaal na hulle gaan en hulle bedank. Sê vir Sannie ek sal haar ewig dankbaar bly vir haar en haar man se optrede teenoor jou. Eendag sal ek haar vergoed. Ek het my Bybel in jou kar vergeet, eksuus ons kar. Merk sommer jou teks waaroor jy twee Sondae gelede gepreek het en skryf 'n "D" daarby. Jy sal sien dat ek met al jou vorige preke so gemaak het.

Jy moenie altyd jou briewe so rooskleuring skryf nie. Kla maar tenoor jou vroutjie, sy sal verstaan, soos in die verlede. Ek bid vir jou my liefling dat die Here sal onderneem vir jou en die gemeente. Ons het baie lekker gery uit Johannesburg, dit was half nege, en was die volgende oggend vroeg in Bloemfontein. Ek dank die Here dat Hy ons so bewaar het.

Vrydagaand sal ek nooit vergeet nie. Dankie vir jou "liefde" wat jy aan my vinger gesit het. Connie, my vriendin, het byne iets oorgekom toe sy die ring gesien het. Almal vertel my net hoe mooi dit my hand pas. Ek moes eintlik gesê het dat alleen my liefling sulke smaak het. Maar wat hulle nie weet nie, is dat sy beste smaak nog bewys sal word as my verloofring eers aan is.

Verskoon tog die bewerige skrif, maar wat ek die hele naweek gevrees het, het toe uiteindelik gebeur. Die pynaanvalle was nie aangenaam nie en ek is vanmôre so swak dat ek in die bed moet bly. Ek dink die oorsaak is dat ek moeg en ontsteld was en baie na jou verlang het. Ek het so gewens jy was hier, want jy het 'n snaakste uitwerking op my. Maatjie, net een soentjie sou alles anders gemaak het. Ek het jou so lief.

Wat die 4de Oktober bertref, rakende jou verjaarsdag. Ek dink dit sal raadsaam wees as jy 'n brief aan pappie skryf en hom vra of ek vir daardie naweek na jou kan kom. Skryf so by die 22ste September, want hy sal die 30ste September weer tuis wees. Ek sal sommer reguit praat. Pappie het vir mammie gesê dat hy bekommerd is oor my, aangesien hy nie weet of ons twee ernstig is nie. Dus sal ek bly wees jy aan pappie kan skryf, want jy weet hoe om alles aan hom te verduidelik. Goed my skat ek is klaar met my bevele, nou is ek weer jou onderdanige vroutjie. As jy hierdie brief kry moet jy dadelik antwoord sodat ons briewe kort op mekaar kan volg anders kom ek ietsoor. Mammie stuur groete en "soentjies". Ek dink die afskeidsoen het haar oorweldig.

My skat pas jouself, my diamant, my liefde en joune baie goed op en soet bly!
Moenie mismoedig word as daar moeilikheid kom nie, want jou liefling is met jou.
Al my liefde en my "alles" vir jou,
Vroutjie XXX

24 Sept. 1958
My dierbaarste skat,
Vreeslik dankie vir jou brief. Toe ek by die huis kom, nadat ek in die stad was, was jou brief hier. Ek het byna iets oorgekom.
My liefling, hoe lyk dit vir my jou hartjie word by die dag kleiner? My skat, moenie so treur nie, ek is mos een van die dae daar. Ek glo dit is Sy wil en dus is my geloof so sterk, en moenie verbaas wees as jy 'n telegram kry dat ek Woensdag of Donderdag daar sal wees nie. Ek dink die beste sal wees as ek Woensdagoggend hier opklim sodat jy my op Johannesburg se stasie kan kry. As daar enigsins iets onduidelik is sal ek bly wees as jy my Sondag wil bel. Gebruik jou geld en ek sal sorg dat jy dit terug kry.

Ons het gisteraand 'n heerlike biduur gehad. Ou tannie Pelser se man was mos jou laaste bekeerling hier, nou wel, hy is ook Sondagaand gedoop. Ek was voor biduur by oom Willie en hy wou net weet wie my die reg gegee het om na jou te gaan? Hy het my so met 'n skelm glimlag aangekyk asof hy wou weet hê ek moes hom iets vertel, maar hy sal drie maande moet wag. Ek moet sê die gemeente is omtrent geintereseerd in ons, en oud en jonk wou net my ring sien.

Ons huis se "venetian blinds" is vandag aangesit en dit lyk te pragtig. My kamer is pienk, pappie en mammie s'n blou, die klein kamertjie geel, die eetkamer groen asook die stoep. Dit lyk so koel dat jy gou moet kom sodat ons dit kan inwy. Mammie het juis vandag gesê dat dit hoog tyd is dat jy kom kuier want Bloemfontein is nou pragtig. Alles is groen en die bloeisels laat my so baie na my troudag verlang.

My skat, my hart het amper vandag gaan staan toe ek by "Perseys" ons bruidswinkel verby geloop het. Daar was 'n droom van 'n trourok in die venster. Myne, natuurlik, wil ek laat maak, want dit moet anders as alle ander trourokke wees en natuurlik die mooiste. O, my liefling, ek kan nie meer wag vir daardie dag nie.

Dankie vir jou gebede – ons het vandag ons laaste vak geskryf en alles het goed afgeloop. Dank die Here saam met my dat Hy my weer gesond gemaak het. My liefling ek is so dankbaar die Here het jou aan my gegee. Ek wonder waar sou ek ek nou gewees het as jy nie in my lewensweg verskyn het nie? Dit is daarom dat ek sê dat ons hele verhouding deur God bestuur is. Somtyds voel ek so klein dat die Here so goed was om my 'n man soos jy te gee. Hy doen alles so volmak. So volmaak dat baie mense my al vertel het hoe ons na mekaar lyk. Selfs mammie het dit al opgemerk. Elke dag neem ek onbewus meer van jou gewoontes aan. Ek lag soos jy en toe ek my nou die dag kom kry vertel ek iemand dat ek 'n praktiese mens is.

Ek dink nie ons verlowing gaan vir Bloemfontein Wes gemeente 'n verrassing wees nie. Almal verwag dit. Om die waarheid te sê, hulle was verbaas omdat ek nie hierdie naweek met 'n verloofring terug gekom het nie. Ag, dis so lekker om soos Maria (Jesus se moeder) 'n geheim in jou hart te dra.
My skat ek is nou so lus vir 'n lekker soentjie dat my mond water. Toemaar daar lê nog 'n lang naweek voor wat jy hotagter gaan kry.
Dink aan my en ek bid vir my.
Jou stoute liefling en skat – Helene.

26 Sept. 1958
Liefste Helene,
Baie dankie vir die brief wat ek so pas ontvang het. Dit is nou 1:30nm en ek moet oor 15 minute by Pastoor Botha wees om hom iewers te neem, want sy motor word herstel. Elk geval, dit gaan goed met my deur Sy genade, net die verlange... Soos jy, voel ek hierdie naweek het die deurslag gegee. Nogmaals dankie vir alles, my liefling.

Hierdie week het ek lekker vir ons Meester gewerk. Maandag het ek weer twee siele na Jesus gelei. Waarlik, dit is wonderlik om vir God te werk. Om te dink Hy het ons gekies om hierdie werk te doen. Hoe kan 'n mens anders as om Hom lief te hê? "I love Him better every day." Liefling, ek het aan jou pappie 'n lang brief geskryf, en lekker gesels. Ek het hom vertel van ons verhouding, en hom gevra of jy volgende week kan kom kuier.

Laas Dinsdag het drie seuns by 'n mynskag gespeel en een, Roy Yoe (hy is 13 jaar) het 75 voet diep in 'n gat beland. Gelukkig het hy op takke te lande gekom, anders was hy seker dood. Brandweermanne, Polisie en myself het gespook om hom uit te kry. Daar was 'n jong brandweerman, wat afgesak het om hom uit te haal. Hulle kon twee seuns uithaal. Eers het ons almal gedink hulle was dood. Ek het gister Roy besoek en vir hom gebid. Sy kop was erg beseer en twee vingers was gebreek.

Onthou altyd, die Here hou 'n wakende oog oor ons albei, en selfs is die hare van ons hoof getel, want ons is baie meer werd as mossies.
Al my liefde,
Jou verlangende liefling.
Danie

1ste Okt. 1958
Dierbaarste Liefling,
Baie dankie vir die oproep, jou koste en opoffering wat jy gemaak het en bo alles, dankie vir jou liefde. Om te dink gisteroggend kon ek by jou wees. Ek kon jou soen, ek kon jou druk en jy kon my omarm...en nou is jy so onbereikbaar vêr. Hoekom het ander dit so maklik? Hulle kan hul liefde daagliks aan mekaar gee en ons moet deur verlange gemartel word. Ek het maar op die bed gaan lê om te slaap. My eetlus is weg en ek wil niemand sien nie. Kan die dood van 'n familielid swaarder wees? Nee, nie duisendmaal nie, want wat is sterker as liefde? Nie liefde vir 'n familielid nie maar liefde vir 'n man vir wie jy alles op die altaar wel lê. Jou lewe, jou verlede, jou alles en alles. Liefling, die verlange moor my. Druk my styf vas, en moenie huil nie.

Gisteraand op die kamp het Past. Pietie Steyn gepreek uit Heb. 13 dat Christus nog dieselfde is vandag tot in ewighied. Ons koor het wonderlik gesing, soos hulle nog nooit gesing het nie. Die verskil sou hemelsbreed gewees het as my liefling daar gewees het. Nie 'n dag langer as die 20ste Desember nie, dan raak ons verloof en dan is jy myne en die mense kan praat en die wêreld kan praat, ek gee nie om nie. Solank my dierbaarste liefling my net liefhet. Wel my skat, alles werk mee ten goede vir diegene wat God liefhet. As ek daaraan dink dat jy byne 300 myl van my af is, dan voel dit asof ek kan mal word. Gits, my skat. Vandat jy weg is het ek skoon die

bewerasie. Almal vra of ek siek voel? Ek het maar vir hulle gesê ek is siek van liefde. Ek laat alles maar oor in die hande van die Here en Hy sal sekerlik ons paadjie vir ons ligter maak. As dit Sy wil is dat dinge so moes gebeur dan sal Hy seker later as vergoeding vir ons ernstiger dinge vooruit reël en voorsien.
Danie bid dat die Here my sterkte sal gee want ek voel ek gee in.
My gestel kan dit nie vat nie.
Ek bid dat die Here jou sal bewaar, sal seën en dat jou boodskappe met die Heilige Gees bestraal en jou lippe met 'n kool van vuur salf.
Al my liefde,
Jou verlangende vroutjie.
Helene. XXXXXXXXXXXX

1ste Oktober 1958
Hallo liefling,
Hoe gaan dit met my skat vanmôre? Lekker geslaap? Liefling trou met my asb... Halleluja, God is 'n goeie God en wat Hy doen vir ander kan Hy doen vir ons. Ons moet net glo. Wat sou ons gedoenhet as ons Hom nie geken het nie? Laat ons vashou wat ons het en Hy sal ons help. Die Here doen so baie vir ons twee dat ons nie anders kan as om Hom waarlik lief te hê nie. Mag ons Hom meer en meer bemin. Lees 1 Kor. 13, wat ek vanmôre gelees het. Dit gaan oor liefde. Dit is die gedeelte in die Bybel wat my gehelp het om verlos te word van 'n humeur.

Liefling, ek het jou meer lief as ooit. Ek het weer besef hoe eg is jou liefde vir my. Ek kan nie meer wag vir Desember wanneer ek die verloofring in daardie pragtige vinger van jou kan instoot nie.

Kom ek vertel jou wat gebeur het toe ek naby Kroonstad gekom het. Die motor se brandstof was klaar. Gelukkig het ek 'n gallon petrol, in 'n blik, by my gehad. Omdat ek haastig was het ek my "petrol cap" se sleutel net daar verloor, sonder dat ek daarvan geweet het. In Kroonstad wou ek die motor vul met brandstof, maar kon nie dit doen nie want die "petrol cap" se sleutel was weg. Ek het terug gery tot waar die motor gaan staan het en omtrent net tien treë gesoek voordat ek die sleutel in die pad sienlê het. Dit is voorwaar 'n wonderwerk!

Ek het vanmôre nog 'n siel na Jesus gelei. Dis 'n jong dame. Ek wens ons kon reeds al saam vir die Here gewerk het. Die tyd is kort en dit is die laaste uur. Wat ons hand vind moet ons doen met al ons mag.

My skat ek sal nou sluit, hopend om spoedig van jou te hoor. Kyk op! Heb. 12:1,2.
Al my liefde,
Jou blywende liefling,
Danie. XXXXXX

5de Oktober 1958
Liefste skat,
Slaap my liefling en kan ek kom inkruip? Danie, pasop vir jou, jy moenie stout raak nie. Die Here is goed vir my, net een ding en dit is ek verlang die afgelope tyd vreeslik baie. Ek het nou weer op die bed gelê met jou kiekie in my hand, terwyl ek

oor baie dinge en bid. Die trane het saggies oor my wange gevloei. Liefling, my binneste raak vir my te nou, want ek verlange baie. My skat, ons is vir mekaar gemaak, en glo dit met my hele hart. Dank God Hy leef en ek is bly ons behoort an Hom! Raai wat begeer ek nou? Ek wens jy was hier om vanand by die kerk te kon sing. Ek verlang baie om jou te hoor speel op die klavier en om jou stem te kan hooir.

Vanmiddag nadat broer Pieters en ek vir die oumense Nagmaal gaan bedien het, is ons na Past. Henning se verjaarsdag. Hy het al die jare ‵n maat gehad en nou is hy alleen. Ons verstaan nie alles in hierdie lewe nie, en God se weë en gedagtes is nie ons s'n nie.

Ek het ‵n teruggevalle vrou besoek, toe kom ‵n sekere Mev. Odendaal daar. Ons het gepraat van die sonde van rook en hoe baie skade dit doen. Hierdie vrou het ook geglo dat die hel op aarde is omdat mense so swaar kry. Ek het haar toe in die Bybel gewys dat as iemand se naam nie in die boek van die lewe geskryf was nie, ewig in die hel sal kom. Verder het ek haar vertel wat sy kan doen om haar naam in die boek van die lewe te kry, deur haarself aan God oor te gee. Ek sê toe vir haar dat ek haar die volgende oggend om 9uur kom sien dat sy haar lewe aan hristus kan gee. Maar sy het my toe geantwoord: “Maar ek mag vannag sterwe, daarom wil ek nou my lewe aan die Here gee. Sal jy my help?” My skat ek wens jy kon daar gewees het want God het haar waarlik gered. Ek weet dit want sy het bitterlik geween. Ek wens jy kon hierdie blydskap met my deel. Toemaar nie lank nie dan gaan ons saam vir God werk.
Ek het vanaand in die kerk “Softly and tenderly” gesing maar het so begeer jy moes hier gewees het om te sing.

‵n Verkeers konstabel wou my beboet omdat ek in die hoofstraat ‵n “u-draai” gemaak het, om aan die anderkant te parkeer. Hy het die boete kaartjie uitgeskryf vir £3. Toe hy hoor wie ek is sê hy dat hy jammer is dat hy dit gedoen het. Hy sê toe: “Gee die kaartjie terug.” Net voor dit het ek gebid en aan die Here verskoning gevra, want ek was skuldig.

Ek was gister by my ouer se huis. Hulle raak nou baie haastig om so'n dogter soos jy in die familie te kry. Hulle het jou sommer klaar lief gekry al het hulle jou nog nie ontmoet nie. Dit kan nie anders nie, en ek praat net van een persoon by hulle en dis van Helene. Waarvan die hart vol is loop die mond oor!
Al my liefde, net vir jou.
Jou verlangende liefling.
Danie.

6 Oktober 1958
Hallo my engel,
O, ek het jou so baie, baie lief...'n liefde wat die mens nie kan beskryf nie, maar wat die Here alleen verstaan.

Die Konferensie was wonderlik. Vrydagaand by die Jeugdiens het ek ‵n solo gesing en ek het soos ‵n middelaar tussen God en mens gevoel. Dit was wonderlik. Ek het

myself in Jesus verloor terwyl ek gesing het: *"That one lost sheep."* Hoe bly is ek nie om te weet ek was daardie verlore skaap, maar Jesus het my gevind. Halleluja!!

Saterdagaand het Christie Conradie my gevra om saam met haar te sing. Sonder om te oefen het ons gesing *"Walking along life's road one day."* Ons stemme pas pragtig bymekaar en 'n paar amens van die pastore agter ons was net genoeg aanmoediging. Weer het ek dieselfde ondervinding van Vrydagaand gehad en hoe wonderlik was dit. Net daarna het Past. Piet Snyman 'n boodskap in tale gebring i.v.m die lied wat ons gesing het. Past. Labuschagne het die uitleg gegee. Dit was vir my so 'n aanmoediging toe ek hoor God stel belang in my talent. Past. Steyn gepreek oor ons roeping, en sy tema was "Volg My." Dit was direk uit die hemel. Pastore het uitgekniel en jongmense het hulle op die altaar kom lê. Vir die eerste keer in my lewe kon ek ook daardie aand aand sê: "My alles is op die altaar."

Hoe wonderlik is dit nie om so 'n God te aanbid nie. Vrydagaand het Past. Steyn oor die mens se snippermandjie gepraat en hoe skoon het ek net nie gevoel nie. Voorwaar, Hy is 'n groot God en Hy leef in my en deur my. Hy plaas my wankelende voete op vaste rots. Hy is my herder, en my regter. Hy hou my in die holte van Sy hand. Ek het so alleen op die Kamp gevoel maar Jesus het my so vol gemaak dat daar nie plek vir my eensaamheid was nie. Ag, dis so lekker as Hy jou opbreek en dan weer 'n nuwe mens van jou maak.

Dis wonderlik om die Here te dien. Meer as dit voel ek dat ek 'n gebore pastoorsvrou is. Ek spog nie, mag God my nederig hou. Dit is my roeping omdat ek te swak is om self 'n pastoor te wees. Daarom het hy Danie Nell as my pilaar gekies. Hoe wonderlik is Sy weë nie? Hoe heilig en wonderlik is Sy beskikkings. Die Here het twee mense opgewek wat absoluut volmaak bymekaar pas, om Sy werk te doen. Past. Steyn het gesê dat as jy 'n Jeugraadslid is moet jy die beste wees. Nie na die vlees nie, maar na die gees.

Danie, ek het jou lief. My liefde beslaan die uitspansel, dis so rein soos 'n lelie, dis so groot soos die liefde vir die wêreld. En hoe groot was dit nie? Sy enigste Seun moes Homself verneder en na 'n plesier-sieke wêreld kom. 'n Wêreld wat 'n moeras van sonde is. Sal ek ooit kan ophou om van Sy liefde te getuig?

Verlede Maandag, hierdie tyd, was ek in my liefling se arms. Oppas net dat ek jou nie by een van Brakpan se nooientjies betrap nie. Want dan gaan ek na Past. Botha en vra hom om ons eerste gebod Sondag aan die gemeente te gee.
Liefling, jy brand nou van nuuskierigheid. Dit help nie jy vra wat dit is nie. Nie baie lank nie dan sal die verlange doodstil wees. Jy weet, liefling, stilte is gevaarlik. Ag ek het jou so lief, ek wens ek kon jou nou soen, en soen, en nogmaals soen. Skatlike ding.

Past. Steyn se vroutjie vra my gisteraand sommer so uit die bloute, wanneer gaan ons trou? Ek staan nog en lag toe kom Past. Frazer my groet en hy stel my dieselfde vraag. Gits, die mense raak nou astrant. As hulle maar net weet wat ons weet, a-ha. Liefling, ek is nou die een wat geïnspireerd raak, en dis gevaarlik. As jy geïnspireerd raak is dit niks, maar as ek geïnspireerd raak...o, aarde! Ek word so bly as ek

daaraan dink dat ek die beste man op aarde gekry het, en dat hy my liefhet is nog 'n groter wonderwerk.
Wag, vergeet van alles en kyk vir my. Kyk diep in my oë. Sê my, het jy my nog net so lief soos altyd? Dankie. Sien, jy weet van my oë...ja, dis reg. Gee vir my 'n soentjie... Dit was nou lekker!

Die skool begin natuurlik môre, en dan sal ek skouer aan die wiel moet sit. Bid vir my dat die Here my sal genoeg krag en sterkte gee om te studeer. Ek hoop jy preek die naweek wat kom? Werk van nou af harder as ooit vir die Here, vra Hom krag om saam te gaan, en wen siele vir Sy koningkryk. Ek bid vir jou my liefling dat jy nie alleen 'n prediker moet wees nie, maar die beste deur Sy genade.
Soet bly en al my liefde,
Jou innig dankbare skat,
Helene

13de Oktober
Môre my liefling,
Dis heerlik vanoggend, maar die verlange is maar alweer daar, soos gewoonlik.

Dankie my skat vir die wonderlike naweek. Dis tog net my liefling wat 'n naweek so aangenaam vir my kan maak. Dit was eenvoudig volmaak. Liefling, elke naweek wat ons saam deur bring is my liefde jou groter, en dit groei nog steeds. Dit is wat my so vreeslik laat verlang, want ons is nou baie naby aan mekaar.

Jy moet vir Susan en Richard nogmaals baie dankie sê vir die naweek. Regtig, hulle is wonderlike mense. Seker die gaafste jong getroude paar in Brakpan. Sy het my van die begin af laat voel asof ons reeds jare lank vriende is.

My engel ek sien vreeslik uit na ons vakansie, ek dink dit gaan wonderlik wees. My skat, ek gaan verskriklik spog, want ek het twee dinge om oor te spog. Ten eerste die ring en dan natuurlik die grootste van almal, my liefling. Sal ek ooit kan ophou om vir jou te sê hoe lief het ek jou? Nooit nie. Ek voel na hierdie wonderlike naweek so baie nader aan jou. Ek voel so trots dat ek iemand besit wat baie ander begeer om te besit. O, ek het jou so innig lief!

Ek het die "ring" in my "blommedosie" gesit, want dit is die laaste plek waar enigeen sal gaan soek. Toemaar al bars almal van nuuskierigheid sal ek toe wees soos 'n boek.
My skat ek wil graag hê dat jy hierdie brief Woensdag moet kry, anders verlang jy dalk.

Al my liefde en mag die Here jou seën.
Jou velangende maatjie.
Helene. XXXXX
15de Oktober 1958
Hallo my liefling en skat,
Ons het vanaand 'n debat gehad in die kerk oor: "Wie was die grootste Apostel: Petrus of Paulus?" Daar was drie broers en twee susters op elke kant. Raai wie het

gewen? Paulus het hierdie keer verloor, want Petrus het 64 stemme gekry en Paulus net 22. Die bespreking was regtig goed.

Saterdagaand het ons Jeug `;n opelug diens by die Stadsaal, en ek was gevra om daar te preek. Graag wil ek, deur Sy genade alles insit, daarom maak ek staat op my liefling se gebede. Ag, ek het haar so lief om haar op te eet. Pasop as ek jou in die hande kry!

Ek het deur Sy genade en krag weer twee siele gister vir die Here gewen. Hulle is `n man en vrou, Mnr. en Mev. Willemse. Bid vir hulle.
Soet wees hoor! Onthou my maatjie, ek bid gedurig vir jou.
God antwoord gebed. Hou jou oë op Jesus en kyk op.
Al my liefde,
Danie. XXXXXXXXXX

17de Oktober 1958
Hallo diebaarste,
Verskoon die bewerige skrif, ek is alweer in die bed. Ek moes huistoe kom want to was ek dronk van die koors. Vanoggend was die dokter hier en hy beweer alles kom van giftige mangels. As ek gesond is dan moet ek hom weer gaan sien en moontlik word my magels dan verwyder. Hy sê dat diit die oorsaak is waarom ek nie gewig optel nie. My gewig is nou maar 130 pond.

Liefling, ek dank die Here vir die stille berusting wat daar in my gekom het. Ek verlang natuurlik nog baie, maar daardie gevoel van eensaamheid het deur Sy genade verdwyn. My liefling weet jy waarvoor is ek nou baie lus? Vir `n lekker laaaaang druksoen. Sê my waar op die hele wêreld is nog so `n dierbare mens soos jy?

Bet het my gebel en het probeer uitvind oor ons verhouding. Maar ek vertel haar toe dat ek jonk is en dat ek in Matriek is, en dit het haar heeltemal op `n dwaalspoor gebring. Min weet sy wat aan die gang is. Dit is darem lekker om `n geheim met jou saam te dra.

Soos die Brakpanners my opgehemel het, so sal die Kapenaars jou ophemel. Jy kan maar die meisies in my familie soe, ek is nie bang nie, want nie een van hulle kan so lekker soen soos ek nie. (Hoor hoe prys ek myself.) My soene is niks teen my liefling sin nie, want ek wandel gewoonlik in my sewende hemel as hy my soen.

My liefling, ek het jou vanmôre nog `n bietjie liewer. As dit so aangaan gaan ek jou vra voor Kersfees om met my te trou, en ek weet jy sal nie "nee" sê nie. Danie, daardie gevoel van teerheid wel so dikwels in my op. As die pyn in my keel begin dan verlang ek so na jou. Net eenkeer se koel aanraking van jou hande sal al die pyn wegneem. Liefling bid vir my dat die Here my sal aanraak en volmaak gesond sal maak.
Al my liefde vir die man wat ek op aarde die meeste bemin.
Baie soentjies,
Jou maatjie XXXXX

18de Oktober 1958
My enigste liefling,
Dit gaan heelwat beter met my gesondheid, alhoewel ek vanmôre stad toe was en my daar geweeg het. My gewig is nou 126 pond, ek het ongeveer een pond per dag afgeval. Ek voel 'n bietjie mismoedig van verlange en eensaamheid. Ek wil nie kla nie maar by wie anders moet ek kla, wie sal verstaan soos jy? Ek het so begeer dat jy hier naby moes gewees het. Net hier om my vas te hou as die pyne deur my liggaam skiet. Om my net eenkeer te soen, dan sal die pyn en hartseer meteens verdwyn het. Danie, my Danie, hoekom is jy so onbereikaar vêr? Mammie wil hê ek moet eet, ek moet mense ontvang en ek moet vriendelik wees. Hoe kan ek as my hoop en my alles myle van my af is?

Dierbaarste engel, dit is Sondagaand en die diens was van God en my siel is weer verkwik. Ek het weer moed om die lewe aan te pak. Ek is weer heeltemal gesond en ek dank die Here daarvoor. Past. Pietie Steyn het gepreek oor "Simon, slaap jy? Was jy nie instaat om een uur met My te waak nie?"
Vanmiddag na kerk toe ek in die posbus gaan kyk het, toe lê jou brief daar. Baie dankie liefling, ek weet ek kan op jou staatmaak vir alles.

Ag, my liefling, ek wil nou net trou. Ek het jou innig lief, 'n liefde wat God alleen verstaan. Jy sal my so gelukkig maak. Net jy en niemand anders nie. Onthou om in alle moeilikheid Sy oplossing te kry. Hy verlaat ons nooit. Dit beloof Hy in Sy woord en as ons stryd op die hoogste is, is die uitkoms op sy naaste. Ek bid vir jou liefling dat jou prediking met Sy Heilige Gees gesalf word en dat Hy saam met jou sal wandel waar jy mag gaan. Nogmaals dankie vir die liefde en geluk wat jy my gee. Mag ek dit eendag werd wees en mag God ons seën.
Jou verlangende liefling,
Helene. XXXXXX

22ste Oktober 1958
My dierbaarste Danie,
Ek het nou net jou brief ontvang. Baie dankie my skat. Ek kyk so uit na elke brief wat kom dat 'n mens sou sweer dis jy wat kom. Graag wil ek sommer aan die begin die Here dank vir die nuwe belangstelling wat Hy vir my gee in my studies. Ek het begin bang word want ek kon net nie meer leer nie.

My dierbaarste skat, ek druk jou sommer dood. My engel, ek het jou so lief. XXXXX
Ek wonder wanneer ek genoeg dit vir jou sal kan sê, want ek bedoel dit opreg.
O! Aarde, liefling, as jy noual van trou begin droom, raak dinge gevaarlik. Want jy weet dit is eintlik my plig om daaroor te droom. Hoe lyk dit vir my die liefde het jou kwaai gevang? Weet jy wat wil ek vir jou gee? 'n Soen, 'n druk, nog 'n soen, nog 'n druk en 'n soen wat jou sal laat snaakse dinge doen! Toemaar die 18de November, wanneer jy kom met my verjaarsdag, is my skat asook my skoonma en skoonpa hier. Ek dink ek het jou nou goed geïnspireer. Sjuut...gee my iets...toe kyk wat is hier voor jou...lippe wat wag...soen my laaaank, en druk my styf. XXXXX Dankie, dit was lekker.

Liefling, die Here gaan al die gif wat my mangels in my liggaam veroorsaak het genees. Ek glo dit in die Naam van die Here en ek glo ook dat die duiwel hierdeur vir goed die nederlaag sal ly. Ek glo in die Woord wat my leer dat Jesus nooit Sy kinders sal verlaat nie, daarom gee ek aan Hom al die eer.

Danie ek het jou lief. Nie met 'n alledaagse liefde nie, nee dis heilig, dis rein en dis opreg voor God. Ek wil Hom vanaand opnuut bedank vir 'n man soos jy. Vir 'n persoon wat Sy liefde werd is, wat vir Hom werk en wat Sy Naam eer. My gebed bly nog steeds "Here, dat ek Danie se liefde mag werd wees."

My skat, ons Matriekafskeid is die 31ste Oktober. Dis 'n Dinee wat in de Kinderhuis Saal gehou word en daar sal so sewentig gaste wees. Gelukkig gaan my ouers en sal ek nie alleen wees nie. Ek sing ook daardie aand saam met die Matrieks. Moet ek jou vertel wat ek gaan aantrek? Ek gaan 'n blou kantrok aantrek met blou en swart toebehore en my pelsjakkie. Ek gaan nie om te spog nie maar om die beste vir my skat te vertoon, al sal hy nie daar wees nie. Ek moet altyd onthou dat waar ek gaan moet ek netjies en deftig wees, want eendag wil ek alleenlik my man tevrede stel en gelukkig maak deur altyd netjies in die openbaar te vertoon.
Jou enigste skat en liefling,
Helene. XXXX

23ste Oktober 1958
Liefste Helene,
Baie dankie vir die baie welkom brief wat ek ontvang het. Dit het my hart goed gedoen, die hart van my wat so verlang.

Ons het lieflike reëns gehad en ek het gaan kyk in die tuin om te sien of die saad wat ek geplant het opgekom het. Die slaai, kool en tamatie is reeds op. Verder bly ek baie besig en ek is baie gelukkig. Dankie vir die stroom van gebede, wat gedurig gebid word. God seën jou en jou ouers daarvoor. Ek weet jou liefde is eg, daarom moed jy moed hou, want nie meer lank nie dan is ons altyd bymekaar. Wat sou ons gemaak het as ons Jesus nie geken het nie? Dis waarlik die moeite werd om Sy kind te wees.

Ek preek Saterdagaand by die plotte en Sondagaand by 'n Sondagskool saamtrek. Dan het ek ook die Bybelklas. Bid vir hulle en ook vir my dat die waarheid van die Woord hulle sal bereik. Tans word ons kerk geverf. Past. Botha verf self die toring wat 56 voet hoog is. Hy het nie 'n bang haar op sy kop nie. Ek hou die lang leer vas en Past. Botha klim op sonder enige vrees. Terwyl hy verf val van dit op my kop, maar ek hou maar vas aan die leer sodat hy nie seerkry nie. Ek hou nogal baie van Past. Botha en sy vrou.
Al my liefde, jou blywende en verlangende liefling,
Danie. XXXXX

26 Oktober 1958
My skat dit is nou amper 6nm en ek wonder wat maak sy wie ek liefhet? Jy maak seker reg vir kerk? Gelukkig trek ons mans "net genoeg" aan (ha, ha) nie "baie goed" soos julle dames nie, daarom kan ek nog 'n halfuur skryf voor ek kerk toe gaan.

Vanmôre het ons 'n Goddelike diens gehad. Ons het begin sing, en toe Past. Botha die diens wou open met gebed en die aankondigings, het daar eers 'n groot stilte gekom en toe gebeur daar iets wonderliks. Party het in tale gepraat en ander het geween terwyl hulle God verheerlik het. Daar was ook 'n uitleg van tale wat gegaan het oor God se vrede wat Hy uit genade aan ons geskenk het. Loof die Here dat Sy vrede alle verstand te bowe gaan.

Jy moet sien hoe lyk ons Morris Minor nou. Ek het voor 'n nuwe mat ingesit en die enjin pragtig geverf. Ons kort ook dat die Here ons sal skoonmaak.

Helene, daar is baie koortjies wat julle jongmense sing wat nie hier bekend is nie. Skryf hulle woorde neer en stuur dit asb. vir my. Ek behoort die meeste se wysies te ken. Dankie byvoorbaat want ek weet dis baie werk. Een van die dae lê jy nog heerlik en slaap, dan voel jy weer my lippe op joune.
Al my liefde,
Danie.

30ste Oktober 1958
Hallo my skat,
Ek bemin jou met my hele hart, en ek verlang om te kom kuier. Was dit net 'n bietjie nader dan het ek elke Saterdag gekom. Maar halleluja, alle dinge werk mee ten goede.

Sondagaand preek ek hier en dit sal die eerste keer wees dat ek hier op 'n Sondagaand sal preek. Bid baie vir my dat Hy my magtig sal gebruik tot eer van Sy Naam.
Saterdag aand gaan ons na Balfour na 'n Jeug Saamtrek in die Stadsaal. Ek sing saam met drie ander manne. Ek wil probeer om in bas te sing. Suster Brown sal vir ons speel op die trek-klavier. Ek wil Hom meer lief kry want hoe liewer ons God het, hoe meer gaan ons liefde groei. My skat, jy beteken so baie vir my en ek begeer dat die Here my sal help om jou gelukkig te maak dat jy die gelukkigste op aarde sal wees. Mag Sy vrede, liefde en blydskap dag na dag ons deel wees.

Deur Sy genade het ek verlede Dinsdag 'n Mnr en Mev Klinkenberg na God gelei, wat hulle waarlik gered het en Sy kinders gemaak het. Prys die Here! Dit is 'n vreugde om siele na Jesus te lei. Die Here het noual 'n hele paar gered en ek is dankbaar dat Hy my as instrument kon gebruik. Daar word weer Sondagaand drie mense gedoop.

Gisteraand het ons 'n baie geseënde Jeugdiens gehad. Ek het oor bekering gepreek en gesê die mense kan daarna vir my vrae vra. Sommige het gesê dat bekering is 'n proses en ander het gesê dit is iets wat onmiddelik plaasvind. Ek het verduidelik dat

wanneer ‘n mens tot bekering kom is dit iets wat onmiddelik plaasvind, maar dat dan volg daar ‘n pad van heiligmaking, wat ‘n proses is.

Soet wees, en mag Sy genade jou omring en Sy teenwoordigheid jou oorweldig.
Al my liefde, jou verlangende liefling,
Danie. XXXXXXX

2de November 1958
My liefste engel,
Dankie vir jou brief. Dankie vir die aanmoediging. Dankie vir jou liefde en vir alles wat jy vir my beteken. Dankie vir jou gebede, want daardeur is ek op die Jeugraad, gisteraand gekies. Ek was regtig verras, en nie dit alleen nie, maar die mense is baie ingenome dat ek op die Jeugraad is. Mag die Here my nederig hou en opreg. Talle van die gemeentelede het gisteraand vir my persoonlik gesê dat hulle opreg bly is, dat ek gekies is, sodat ek my roeping as toekomstige pastoorsvrou kan uitleef. Die Kerkraad en Dorkas-susters is vanmôre voorgestel en die Jeugraad word vanaand voorgestel. Oom Tommie Bouwer en Walty is ook tot die Kerkraad verkies.

Ek dank die Here vir verandering in harte. Vanmôre was die eerste keer in maande dat oom en tannie Geering my vriendelik gegroet het en aangebied het om my huistoe te neem, met hul motor.

Ons matriek afskeid was ‘n wonderlike sukses en alles wat daar gedoen is, is met eerbied en respek gedoen. Die Here het ook Sy ereplek gehad want elke spreker het van Hom melding gemaak. Ons matriek-klas het as geskenk, ‘n Familie Bybel aan die Skoolhoof oorhandig met die matriek se name daarin. Dit was geweldig hoog waardeer. My skat ek verlang deesdae onmoontlik baie na jou en ek tel die dae. Wag, dit is nog net 16 dae, dan sien ek jou. Liefling, dis ses uur en ek moet nog regmaak en aantrek vir kerk. Na kerk sien ek jou weer as jy soet was, soos altyd, kry jy iets lekkers tot later.

Oom Willie het so mooi gebid toe ons Jeugraad voor die kansel gestaan het. Snaaks genoeg, toe ek daar staan, dink ek dat oor ‘n aantal maande, of selfs jare, wil ek D.V. voor daardie selfde kansel staan om nog ‘n eed, soos vanaand, voor God af te lê, saam met jou. Mag die Here my genade gee dat my liefde vir jou nooit sal verkoud nie asook ons liefde vir mekaar. Oom “Rubie” het vanaand vir my gebid en ek glo waarlik dat die Here my aangeraak en gesond gemaak het. Sy woord beloof dit tog aan ons soos Oom Willie gepreek het dat God niemand voortrek nie. Hy skeer almal oor dieselfde kam.

Liefling, jy sal miskien lag, maar ek het my verloofring nou net aangehad. Snaaks genoeg, sodra ek die ring insteek begin ek glimlag, dus wonder ek wat gaan gebeur as ons werklik verloof is? My gesig sal seker so bly staan.

Ek voel vanaand so snaaks. So asof ek pas mondig was. Ek wil so graag my lewe as Jeugraadslid, voor God heilig wandel. Ek wil, soos oom Petie Steyn gepreek het, daarna strewe om die beste Jeugraadslid te wees. Nie dat ek my roem wil verhoog nie, maar omdat ek die Here wil vergoed omdat Hy die vertroue in my het om my in

daardie pos aan te stel. Vanmôre toe oom Willie die twee Rade voorstel was ek in 'n volslae droomwêreld. Ek het jou in ons eie gemeente gesien, en dit was jy wat die seën oor hulle uitgespreek het. Saterdagaand het ek weer na 'n lang ruk gebloos.

Vanoggend toe gemeente verslag ontvang het van ons jaarlikse staat van Inkomste en Uitgwawes was jou naam ook gelees, hierdie woorde: "Bro. D.T.E. Nell....£163.0.0." Toe oom Galie, die Tesourier dit lees, draai almal se koppe so vraend na my en jy moes oom Willie se gesig gesien het. Hy het so 'n beterwetende glimlag om sy mond gehad.

Hoe gaan dit met jou tuintjie in Vryheid? Seker goed, want alles wat my skat bewerk, vorder vinnig. Hoe gaan dit met oom Momberg? Dra my groete oor aan almal. Jy gaan seker nou-nou slaap? Wel, ek is taamlik moeg. As ek natuurlik by jou was, was dit 'n ander saak, maar nou wil ek maar gaan doeks. Môremiddag na skool wil ek verder skryf. Intussen moet my skat lekker rus, soet drome droom en altyd aan my dink.
Nag, my skat XXX.
Eendag sal ek dit naby jou fluister XXX. Lekker doeks. Helene.

2de November 1958
Liefste Helene,
Raai wat sê iemand vandag? Hy sê toe jy hier in Brakpan was het hy gedink jy is my suster want trek baie na mekaar.
Vanaand het ons 'n geseënde diens gehad. Baie dankie vir jou getroue gebed wat ek waardeer. Ek het gepreek oor die Wederkoms. My teks was Hand. 1:11. Ons het ook nege mense gedoop. Past. Botha het hulle self gedoop. Ek wil hom vra om een van die dae ook te doop, sodat ek kan leer, want ek het nog nooit gedoop nie.

Liefling bid baie vir my dat ek nooit uit Sy wil sal gaan nie. Mag Hy ook ons twee gebruik om sielewenners te wees. Ek wens ons kon reeds saam gewees het om vir Hom te werk, want spoedig gaan Jesus kom. Ek het hulp nodig en ek is bly dat God jou as hulp vir my geskep het. Van vanaand af het ons 'n skakel-gebed. Ek moet bid van tien uur tot half elf en dan weer vanaf half twaalf tot een uur môreoggend.
Al my liefde,
Danie

8ste November 1958
Liefste Danie,
Dit gaan seker baie goed met my engel? Altans so klink dit uit jou briewe. Liefling dis nou amper 10:10nm en ek het my studies vir vanaand gestaak, want ek is moeg. Die werk is nie moeilik nie, maar 'n mens word nogal moeg as jy vir so 'n twee, drie weke aaneen studeer. Hoekom is jy so stil oor jou eksamens of studeer jy nie meer nie?
In Standard agt het ek drie "scheaffer" penne verloor, wat gesteel was, en toe wou pappie nie weer vir my een koop nie. Saterdag toe sê pappie ek kan darem nie matriek met 'n gewone skoolpen skryf nie. Toe gee hy my weer 'n "scheaffer" pen, en ek is regtig dankbaar daarvoor. Ek leer makliker as ek hoofpunte aanstip, en voor ek saans gaan slaap dink ek aan moontlike Geskiedenis vrae wat gevra sal word. Ek

droom al glad Geskiedenis. My skat, ek is verplig om 'n ietsie ekstra in te sit as ek darem meer as net "slaag" wil hê. Ek het daarvoor gebid en daarom glo ek sal ek dit ontvang.

Liefling, voor ek vergeet. Ek het nagedink oor ons vakansie. As ons direk hiervandaan gaan, sal ons iemand moet saamneem, om verkeerde indrukke te voorkom. Wat dink jy daarvan? Ek het iets in gedagte, maar dit sal ek met jou bespreek as jy kom. My skat jy moet oppas as die mense ons twee as broer en suster aansien, want dan gaan dinge verkeerd loop. Dan is hulle baie na aan die waarheid. Om een of ander rede dink ek tog dat mammie my verloofring ontdek het, want sy het so 'n tergende laggie om haar mond die hele dag deur.

Ons het Saterdagaand Jeugdiens en ek en Johline moet 'n klavier-duet gee. Vir die afgelope drie Sondae middae, het ek oom Erasmus se Sondagskool klas (seuns tussen 5 en 7 jaar) klavier-lesse gegee. Dit is 'n klas van so 18 seuntjies. Hulle is te dierbaar. Hulle baklei omtrent om langs my te sit, en as ek vir hulle iets vertel moet jy hulle gesigte sien – belangstelling kan nooit groter wees nie. Ek dink ek pas beter by klein kindertjies as by grotes. Tussen hakies: Ek word nie meer getel as lid van die Bybelklas nie, want ek is nou 'n aspirant onderwyser, pastoorsvrou, Jeugraadslid en koorlid.
Lekker slaap my skat.
Al my liefde,
Helene.

9 November 1958
Hallo liefling,
Ek skryf gou 'n paar woorde om te sê dat ek jou met my hele hart liefhet. Ek hoop dit gaan nog goed met jou? Raai waar was ek vandag? By my ouers in Pretoria. Almal wil jou baie graag ontmoet. Alice (my broer George se vrou) sê ons twee lyk op die kiekie of ons 'n broer en suster kan wees.
Baie geluk ook dat hulle jou verkies het as Jeugraadslid. Mag die Here jou groot genade gee en Sy doel bereik in jou lewe. Ek dink jy is die wonderlikste op aarde omdat ek jou innig bemin. Vandat jy in my lewe gekom het, het daar 'n groot omwenteling gekom.
Al my liefde,
Danie

11de November 1958
Liefste Engel,
Hoe gaan dit met my skat? Wat maak 'n mens as jy verlang soos ek? Ek verlang vreeslik, veral as ek dink dat ek jou meer as 'n maand laas gesien het.
Liefling, ek wonder of ek ooit sal groot word, want as ek begin verlang, dan wil die trane maar nie wegbly nie. Dan kan ek op niks konsentreer nie. Sondag het Bertha gevra of daar iets met jou verkeerd is omdat ek so afgehaal gelyk het.

Ek het, toe ek die môre my hande gewas het, my verloofring in die badkamer vergeet. (dit is die eerste keer) En toe ek by die kerk kom en sien my vinger is kaal, het ek omtrent verlore gevoel. Ek het sommer van die pastorie af gebel en vir

mammie gevra om dit saam met haar kerktoe te bring. Oom Willie, ons pastoor, het omtrent gelag toe hy dit hoor.

Ek het jou mos vertel dat oom Rubie vir my gebid het, en weet jy liefling, ek is volmaak genees. Spesiaal wil ek dankie sê vir jou gebede, want ek weet dat jy die een is wat getrou vir my bid. Ek kan dit elke oomblik aanvoel. Ek is deesdae gesonder as wat ek in my hele lewe was. Hom kom al die ere toe!

Ons het gister begin blok en dus was ek by die huis, toe oom Willie vanmôre kom huisbesoek doen het. Vantevore het hy gesê dat hy vir my werk sal kry, en toe ek hom vanmôre daarna vra het hy gesê dat ek in die pastorie moet kom werk. Hy sê dat ek daarna 'n ideale pastoorsvrou sal wees. Hy was weer vanmôre vol dinge en hy skud soos hy lag, as hy so in ons privaatsake in-snuffel en ek begin bloos.

My liefling, sorg tannie van Staden nog goed vir jou? Sê vir haar indien sy jou sou sleg behandel, kom ek jou sommer een van die dae haal en dan is Brakpan sonder hulle assistent pastoor. Het my skat my nog so lief soos altyd? Ag, ek wens ek kon net weer in jou blou oë kyk. Alice sê haar man George se oë lyk nes joune. Hy mag jou broer wees, maar sy oë is nie so mooi nie, en George het ook nie so 'n laggie soos jy nie. My skat ek wil so graag by jou wees, en kan jou nie sê hoe graag ek net een seuntjie wil hê nie. Liefling, jy gaan maar swaar leef as ek jou weer sien want ek sal jou nie een oomblik onder my oë laat uitgaan nie.

Raai wat, ek het ons Koorportret gekry en dit lyk baie goed, natuurlik om een rede. As daar van die skoolmeisies by my kom kuier, dan wil hulle net weet waar is die jong pastoortjie? Hulle kan nie genoeg daarvan praat nie.
Jy weet my engel, op die einde van my skoolloopbaan is ek tog spyt dat ek die skool moet verlaat. Ek besef nou eers wat vir my wag. My vrye lewe is verby en groter verantwoordelikheid sal in die toekoms op my moet rus. Alhoewel ek daarna uitsien en sommer baie ook om by jou te bly en jou gelukkig te maak, sal ek partykeer na my skooldae terug verlang. Verlede Vrydagaand het trane vryelik gevloei toe ons van die personeel en hoof moes afskeid neem, want vir vier jaar was ek op die leerlingraad en moes ons pal leiding gee.
Een van ons onderwyseresse sê gister vir my dat ek die eerste van die hele klas sal trou want ek is 'n gebore huisvrou. Sy weet nie hoe na aan die waarheid sy was nie.

Ek skryf die 2de Desember my laaste vak en die 3de Desember begin ek in Sonop se kantoor te werk. Hulle het my vir twee weke gevra, dus sal ek net tot voor Kersfees werk. Mammie is omtrent teleurgesteld omdat jy nie kom nie. Sy het alles al klaar reggemaak. O! My skat, jy moet ons huis nou van binne sien. Al die verfwerk is klaar en dit lyk pragtig. Die stoep lyk soos 'n droom.

Haai ontdeund, hoe gaan dit met my Morris? Sekerlik nie so goed soos met sy baas nie? Liefling, baie soentjies en hou maar uit, onthou jou maatjie is een van die dae daar. God seën jou,
Al my liefde, Jou verlangende en beminde maatjie, Helene XXXXX

19de November 1958
Liefste skat,
Aardetjie, maar ek is moeg. Ek kom nou net van ons partytjie af. Dit was baie aangenaam, vir Sakkie meer as vir my want hy het by hom gehad wie hy lief het. Maar ek het jou vreeslik gemis, soveel dat ek hier en daar mense daaroor hoor fluister het. Dit sou so anders gewees het, maar wat die Here se doel daarmee is sal ons wel later uitvind, my engel.

Ek kan waarlik sê tot hiertoe was die Here vir my wonderlik goed. Veral die laaste ses maande, het Hy nie alleen my hele lewe verander nie, maar Hy het ook vir my iemand gegee vir wie ek al my liefde kon gee en van wie ek dit weer drie-dubbel terug ontvang het. Weereens, duisend dankies vir jou liefde, ook jou belangstelling veral i.v.m. my verjaarsdag. Baie dankie vir die Bybel en die plate wat jy laat speel het oor die radio, en ag, sommer alles. Jy's wonderlik. Ek verbaas my gladnie meer dat ek jou so innig liefhet nie. Jy is dit waarlik oor-en-oor werd.

Ek was verlede Vrydagaand na 'n piekniek op die Jamneck's se plaas. Dit was heerlik, ons het ons omtrent geniet. Saterdagaand was ek saam met oom Willie Wepener toe. Maandag het hy saam met my Barclay's Bank toe gegaan en my gehelp om aansoek te doen vir werk. Hy het ook vertel dat die koor die eerste naweek in Maart Kaap toe gaan vir spesiale dienste in Maitland. Hy is die prediker en ons koor tree op, die hele naweek.

Die Here was waarlik goed vir my in my eksamens, tot dusvêr. Ons tik, boekhou en kantoorroetine vraestelle was met een woord maklik. Die Here het in alle opsigte voorsien en ek kan waarlik sê God is goed. Liefling my oë brand nou soos vuur van al die leerwerk tot saans laat. Ek wil vanaand vroeg gaan slaap want ons "blok" môre. Slaap soet en droom van my. My dierbaarste engel, ek het jou baie, baie lief. Hy alleen weet hoeveel en daarom sal Hy dit heilig bewaar.

God se handewerk is voorwaar wonderlik en volmaak. Daarom is ons liefde so volmaak, want Hy is liefde en as Hy in ons lewe is kan ons nie anders as om lief te hê nie. Wat is wonderliker as liefde? Alleenlik ons Meester en Herder.
Jy weet, vanmôre is ek skaam voor die Here, want as Hy ons beproef murmureer ons so dikwels. Die sonskyn en oplossing wat Hy vir ons stuur, oorskadu alles. Hy vergoed ons soveel dat ons Hom net liewer het. Dis wonderlik om so 'n God te dien. Ons skied vêr tekort om Hom daarvoor te vergoed.

Liefling ek hoop dit het goed gegaan met jou eksamens? Ek het daarvoor gebid en ek glo die Here sal vir jou onderneem. Liefling, het jy my nog lief? Ek is bly ek is nie nou by jou nie, anders het jy my dood gedruk.

Ons het hierdie naweek 'n "Ou-mense-Naweek." Saterdagmiddag is daar 'n onthaal vir hulle gereël. Saterdagaand hou hulle 'n "Jeug-Diens." En al die oumense gaan items lewer. Daar is vier-sange; solo's; klavier solo's; musiek-items en voordragte. Ek dink dit gaan oulik wees. Past. H. De Vries is die prediker. Ouma Viljoen, wat 95 jaar oud is, het Sondagmiddag gesterf. Sy het baie stil heengegaan en is op my verjaarsdag begrawe.

My skat, ons tydjie op aarde is so kort. Werk vir die Here meer as ooit. Ek bid dat Hy jou sal krag gee om tot alles in staat te wees. Eendag sal ons saam siele vir Jesus wen. Siele wat so kosbaar is dat hulle nie kan verlore gaan nie! Ek glo waarlik dat Hy ons nog sal seën as ons saam is. Onthou die jare vlieg, dis sommer een van die dae dat Hy my grootste versoek sal antwoord en my roeping as "vrou" sal vervul.
Groete aan almal, en al my liefde vir jou.
En onthou my skat, jy is elke oomblik in my gedagte.
Met baie liefde, Helene. XXXX

20ste November 1958
Hallo Liefling,
Hoe was jou verjaarsdag gewees? Ai, ek het vreeslik verlang op daardie dag om weer by jou te wees en om jou styf teen my vas te druk.

Ek sê nou die dag vir Richard ons Jeugleier, dat sodra ons verloof is, jy een Sondagmôre in ons kerk sal sing. Die Pastoor moet dan aankondig en sê: "Suster Basson van Bloemfontein, broer Nell se verloofde, sal nou vir ons 'n lied sing." Ai, ek sal daardie oomblik so trots voel! Daar is net een wat waarlik vir my mooi kan sing, en dit is jy. Het my skat die plate gehoor wat ek vir jou laat speel het, oor die radio? Ek het twee plate op jou verjaarsdag laat speel.

Hou goeie moed want ek bid gedurig vir jou en vir jou Matriek eksamens.
Al my liefde,
Danie.

22ste November 1958
Hallo Blouoog,
Baie verlang? Siestog, my skat voel seker eensaam? Ek het nou net jou brief gelees. Dis Saterdag, en wat maak by engel, seker weer op huisbesoek?

My skat, ek is bang vir volgende week, en vra dat jy asb vir my bid. Maandag skryf ek Geskiedenis; Dinsdag en Woensdag Afrikaans; Donderdag en Vrydag Engels. Dan skryf ek die Dinsdag daarop Biologie voordat ek klaar is.

Wat ons verlowing beref: Ek dink jy tree reg op, maar nogtans moet ons baie daaroor bid. Sê tog vir pappie dat ons nie haastig is om te trou nie, anders dink hy ons wil sommer binne 'n maand of meer wil trou. Wat dink jy my skat? 'n Jaar sal nie te lank wees nie, veral as ek eers kan werk en my trou uitrusting in orde kan kry.

Ek het jou so lief my skat. Ek wens ek kan jou nou net 'n sagte soentjie gee om dankie te sê vir alles wat my engel vir my beteken. Ek wil jou so graag weer hoor preek. Dis amper drie maande dat ek jou laas hoor preek het. Liefling, ek verlang oneindig baie na jou. Hoekom het jy my hart en lewe uit my weggeneem? Dit is so eensaam sonder jou. Dit is asof alles om my onwerklik is. My skat, jy moet een van die dae vir Past. Botha vra vir jou vakansie. Anders reël hy dalk dienste en ander dinge vir jou. Sê vir hom ek vra baie mooi en sal sorg dat jy in die toekoms sommer twee maal so hard sal werk.

Liefling, wat maak jy elke Sondagmiddag? Dis seker vreeslik vervelig of nooi die jongmense jou darem vir 'n koppie tee, so nou en dan? Liefling, ek is so trots op jou. Ek het jou liewer as my eie lewe, want sonder jou liefde gaan ek leeg wees. Ek dink dat ek en jy asook ons Meester 'n volmaakte driehoek vorm, want die een se liefde gaan oor in die ander s'n. Liefste, pas jouself mooi op, want ek wil nie hê daar moet enige iets met my engel gebeur nie. Laat ons Hom elke dag gee wat Hom toekom, naamlik ons lewens en ons liefde.

Al my liefde oor jou alleen en baie soentjies.
Soos altyd,
Jou Maatjie.

23ste November 1958
Liefste Helene,
Baie, baie dankie vir jou baie welkom brief waarna ek uitgesien het. Waarlik ek dank God vir so 'n liefling soos jy wat Hy aan my gegee het. Jou kiekie staan reg voor my, en kort-kort as ek opkyk loer jy vir my. My skat, ek bemin jou met 'n Goddelike liefde.

Die afgelope week was bitter swaar want ek verlang vreeslik baie. Ag maatjie, "iets" wil van binne af uitspring, my binneste word te klein vir dit wat binne is. Mag God ons liefde steeds versterk is my gebed.

Vanoggend het ons 'n baie geseënde diens gehad. Past. Botha was na Kempton Park om die kerkraad daar in te seën. Ek moes die diens hier in Brakpan waarneem. Ek het gepraat oor "Die gevaarlikste toestand waarin 'n mens kan verkeer." Dit is die lou toestand volgens Open. 3:15-18.
Ag, ek verlang om naby jou te wees. Jy voel so vêr. Op jou kiekie glimlag sy so mooi vir my. Dankie, baie dankie vir al jou liefde. Waarlik God was goed en ek is bly dat Hy ons bymekaar gebring het. Wat God dan saam gevoeg het mag geen mens skei nie. Luister tog nooit na mense nie en vra altyd God wat jy moet doen. Hy gee die beste raad, want Hy is die grootste Raadsman. (Jes. 9:5)

My liefde vir jou is eg, en mag God gee dat dit meer en meer sal groei, en dat ons mekaar waarlik deur Sy krag en genade mekaar gelukkig sal maak. Vra die Here om my duidelik te lei en ook hulle wat oor my aangestel is. Ek het my geheel en al oorgegee aan my God en kan sê: "Net soos U wil Heer, doen dit met my. U is formeerder en ek is die klei." (Lied 363) Onthou Lukas 1:37 is vir jou, en hou jou oë op Jesus. (Heb. 12:1)
Onthou, ek het jou meer lief as ooit van tevore, en selfs deur die dag in ons Morris, bid ek gedurig vir jou, waar ek mag wees.
Al my liefde,
Jou verlangende liefling,
Danie.

26ste November 1958
My enigste liefling,
Baie dankie vir jou brief, ek waardeer jou liefde uit my hart. Ek verlang so bitter baie. Net om jou gesig weer in my hande te neem en diep in jou oë te kyk. So diep dat ek jou liefde en jou siel daarin kan sien.

Liefling ek kan vanaand God uit die diepste van my wese dank vir wat Hy vir my tot dusver gedoen het. Hy het in al my vakke wonderlik geonderneem. Ek kan Hom nooit genoeg dank nie. Sy genade is voorwaar oorvloedig. Dankie vir my engel se gebede, was dit nie vir jou gebede nie, twyfel ek of ek so goed sou gevaar het in die eksamens.

My skat, jy sê dis asof jy in 'n duisternis gekom het, wel ek het dieselfde ondervind gehad. Die groot rede is, ons mis mekaar geweldig. Om van mekaar verwyder te wees is goed maar nie vir byne twee maande nie. Partykeer neem ek jou kiekie en dan hou ek aan om daarna te kyk om te sien of jy nie dalk lewendig sal word nie. Liefling, teen die tyd lag jy seker kliphard, maar toemaar ek neem jou nie kwalik nie.

Ek wens ek kon jou vanaand aan die slaap soen. Ek sal dit tog een of ander tyd doen. Ek is bevrees niemand sal ons van mekaar af weg kry, as jy hier is nie. Ek sal jou aanhou soen en soen en soen. Ek wil jou oë soen en jou saggies aanraak omdat ek jou bemin. Ek wonder hoe diep 'n mens se liefde werklik kan strek? Ek wil graag daardie merk verbygaan.

Jy praat van hitte. Dit was 35 grade Sondag gewees. Ek wonder wat sou jy gedoen het as jy my Sondagmiddag gesien het. Ek het na ete gaan rus en al wat ek aangehad het was die twee allernodigste ondeklere vir 'n jong dame...dis al. Toemaar die blindings was toe en my kamerdeur was gesluit, dus kon niemand my sien nie. Eendag sal jy... wag ek raak alweer vol grille. Ek het maar net aan Past. Nell en sy vroutjie gedink, jonk en gelukkig getroud.

Deesdae verlang ek ekstra baie na jou, maar sal uithou tot Kersfees toe. Die verlowing, jou liefde, die vakansie gaan wonderlik wees. Ek bid vir jou en gee jou al my liefde.
Altyd jou eie.
Helene. XXXXX

28ste November 1958
Dierbaarste Liefling,
Waarlik, ek het jou lief met my hele hart. Ek verlang om jou nou naby my te hê, en jou styf teen my te druk. Hier is iets wat hier binne gebeur het. Soms wil ek huil en soms wil ek lag. Dankie vir jou briewe wat so baie beteken. Hulle is altyd die moeite werd om te lees, want jy beur my gedurig op. Ek weet nie hoe om myself uit te druk nie. Met een woord, jy is wonderlik en ek verlang verskriklik baie.

Jy sal weghardloop as jy my sien. Toe ek weg is uit Bloemfontein het ek 189 pond geweeg. Ek weeg nou 179 pond. Dis waar, ek het 10 pond afgeval. My broek wat ek groter laat maak het wil net kort-kort afval. My begeerte is om met God te wandel.

Bid saam met my dat Hy die begeerte van my hart sal vervul. Hy het belowe om ons nooit te begewe of te velaat nie. Halleluja vir ons Koning en Heer!

Sondagaand die 7de Desember, net na die diens, sal ek hier uit Brakpan vertek om jou in Bloemfontein te kom kuier. Maar pasop as ek jou in die hande kry want ek druk jou stukkend, ek eet jou sommer heel op. Julle skool sluit seker die 3de Desember? Hoe gaan dit met die eindeksamens? My gebed is dat die liewe Heer jou waarlik sal help en wysheid sal gee soos wat ons lees in Jak. 1:5,6.
Ek kry jou liewer elke dag en besef waarlik dat God jou in my lewe gebring het.
Al my liefde...van hom wat baie verlang en jou alleen liefhet.
Danie. XXXXXX

1ste Desember 1958
Liefste Danie,
Wat 'n verligting! Ek het amper gedink Brakpan is in Amerika. My skat, ek kry 'n senuwee ineenstrorting in hierdie week van wag. Hoe gaan ek die week omkry? Dis nog sewe dae wat ek moet wag. Toemaar, die vooruitsig is daar en waar daar hoop is, daar is lewe. Liefling, ek is so opgewonde om jou te sien dat my pen nie vinnig genoeg wil skryf nie.

Saterdagaand was ons by 'n Jeugsaamtrek in Sentraal gemeente hier in Bloemfontein. Past. Le Roux het gepreek, dit was wonderlik. Die Gees van die Here het van die diens besit geneem, so erg dat Past. Castle en Past. Willie Smit buite hulleself was. Liefling die gees tussen die gemeentes in ons stad is wonderlik. Na die diens is ons almal na die Hostel en dit was net so heerlik. Daar het vyf gesinne weer tot bekering gekom.

Jongie, ek verlang baie na jou. Ek is so opgewonde dat ek nie kan skryf nie. Ek belowe om my volgende brief tien blaaie lank te maak. Ek het jou sommer twee keer liewer na jou brief wat ek gelees het. Ek wil jou volgende week vertel wat ek van jou briewe dink. Jy's wonderlik. Ek is so geïnspireerd dat ek wil sing en klavier speel. Snaaks, ek het 'n geweldige vrymoedigheid ontwikkel om vir Sy Naam iets te doen.

O wêreld dis drie uur en ek moet jou brief gaan pos. Vergewe die kort briefie, maar ek vergoed weer. Al my liefde vir my skat. Soet bly en pas jouself op.
Al my liefde,
Helene XXXXX

4 Desember 1958
Liefste Helene,
Dis nou 11:00nm en dit is besonders stil...net die horlosie wat saggies voort tik... en hier diep in my hart is daar 'n verlange na jou my skat. Dit voel vir my so snaaks. Ek was nog vanmôre naby jou, en nou is daar weer ongeveer 300 myl tussen ons.
Jou swaer Phillie, het my by Roderick en Botha afgelaai. Die volgende motor wat my opgelaai het was 'n middeljarige man en 'n naturel bestuurder. Ons het aangegaan by die garage waar die Morris Minor was vir herstelwerk, maar moes toe uitvind dat die onderdele nog nie van Bloemfontein gekom het nie. Ons is toe maar verder en het vyf uur die middag in Johannesburg aangekom. Vandaar is ek met 'n trein na

Brakpan en van die stasie met 'n huurmotor na my woonplek. Dieselfde huurmotor het my by die kerk gaan aflaai...ek was vier minute in tyd. Soos altyd is hier in my hart 'n geweldige verlange na my liefling.

Ek het geluister na 'n program oor Springbok radio. 'n Mens kan hulle net bel om 'n boodskap vir iemand uit te saai. Dit is glo elke Sondag middag. As jou "vergeet kous" nie vergeet om dit te doen nie. Ek sal jou nou moet trou sodat jy my kan help om te onthou. Is dit al rede waarvoor ek jou moet trou? Nee, om my Morris en my skoene ook skoon te hou en vir my maag te sorg. (ha, ha, ha)
Vanoggend het ons 'n wonderlike diens gehad. Maar die gemeente het baie gehuil toe hulle hoor dat Pastoor Botha na Benoni gaan. Hy het ook maar groot en swaar slukke gegee. Ek voel jammer vir hulle en ons moet vir hulle bid.

Jy is dierbaar en ek bemin jou elke oomblik meer en meer. Jy beteken baie in my lewe, my engel. Mag God my help (en Hy wil) DAT EK JOU GELUKKIG SAL MAAK. Jy verdien net geluk en vrede en alles wat mooi is. As ek dink aan my skat, ja my verloofde, my aanstaande vroutjie, dan voel ek iets teer in my hart teenoor jou. Dan wil ek... ag sommer...Jong, ek spring nou in my Morris en kom sommer kuier. Ek ry 600 myl om al is dit net om drie uur te kom kuier. In totaal het ek ongeveer 1200 myl gery om vir my enigste skat te gaan kuier, en dit was die moeite werd. Ek het die wonderlikste verloofde in ons land en op aarde, en as ek haar die regte ondersteuning gaan gee, deur Sy genade, dan gaan sy die beste en wonderlikste huisvrou, moeder en pastoors-vou wees wat daar is. En dis die waarheid.

Vanmiddag was ek bevoorreg om die Hospitaal te gaan besoek en daar vir die siekes te bid. Dis 'n plesier om iets vir jou medemens te doen. Geen wonder dat die Here die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel het nie. Vanmiddag het die Here ook wonderlik onderneem toe ek vir 'n broer Boshoff gaan bid het, wat siek was. Hy het toe vir my £6 gegee – en die Morris se herstewerk was £5, 19 sjielings en 2 pennies. Is die Here nie goed nie? Al die eer en lof gee ons aan die Here.

Meer en meer hoor van ons verlowing, en baie wens ons geluk. Ek het ook die Trooster gevra om ons verlowing bekend te maak. My liefling, moenie teveel met jou linkerhand die mense groet nie, hulle sal "iets" sien wat blink. Nee wat, groet net met jou linkerhand. My engel, ek het jou baie lief, en mag God ons liefde dieper laat groei.
Groete aam Past. Willie, jou ouers en jou susters.
Al my liefde,
Danie

6de Desember 1958
My liefste skat,
Gaan dit goed met my engel? O, ek is so gelukkig Danie, so tevrede, asof 'n droom waarvan ek jare gedroom het, skielik werklikheid geword het. Ek het jou lief met alles wat binne in my is. Jy's die dierbaarste man wat die Here ooit geskape het. Nee, ek vlei nie, ek bedoel dit uit my hart.

Liefling, ek bid vir jou in die drie weke wat nou kom, dat die Here jou sal genade en krag gee om al die werk te kan behartig. Baie, baie dankie vir al jou opoffering wat jy moes maak om hier te kom en my gelukkig te maak. Hy sal jou daarvoor seën. As ek na jou toe kom sal ek probeer vergoed vir wat jy vir my gedoen het. Ai, my skat ek tel die dae voordat ek vakansie neem.

Liefling, noudat ons verloof is, nou vertel die mense vir my hoe 'n ideale pastoorsvrou ek sal uitmaak, selfs ons bure het dit vir my gesê. Ek hoop dat dit deur die genade van die Here sal gebeur. Ek sal Woensdagaand nooit vergeet nie. God was met ons gewees. Ek weet die Here is tevrede met die stap wat ons geneem het, daarom het Hy dit toegelaat. Het my engel lekker gery Saterdag en ek hoop jy het nie te laat tuis gekom nie? Ek velang al klaar weer na jou, maar ek sal maar moet uithou en eers alles in orde kry vir my vakansie. Danie ek het jou so lief. Of jy nou mooi praat, of jy raas, of jy berispe, ek kry jou tog maar net liewer. Alles trek maar net die band stywer tussen ons.
Pas jouself op en moenie baie verlang nie. Een van die dae is ek by jou en dan sal ek jou deur Sy genade gelukkig maak.

Soet bly en al my liefde,
Jou maatjie, Helene. XXXXX

14de Desember 1958
Liefste Helene,
Ek hoop regtig dat sodra ons getroud is, jy my vroeg in die bed sal kry, want ek is 'n regte naguil. Liggaamlik is ek 'n bietjie afgemat, maar verder gaan dit baie goed.

Gistermiddag was ek in Pretoria na mammie hulle. Met almal gaan dit goed, net mammie is nie wel nie. Miskien moet sy hospitaal toe vir 'n operasie nog voor Kersfees. Bid baie vir haar. Toe ek haar gister so teen my druk, het ek besef dis my moeder wat my in die wêreld gebring het. Ek het net daar vir haar gebid. Laat ons hulle waardeer terwyl ons hulle nog het.

Raai wat? Ek het 'n assistent gekry. Ek is die eerste assistent met 'n assistent. Die kerkraad het 'n Br. P. Breedt, wat 'n eerste jaar student is in die AGS Bybel Kollege, aangestel om my behulpsaam te wees. Hy is 'n jongman wat getroud is en hulle het 'n seuntjie. Hy is baie gaaf en ons werk lekker saam. Laat ons "oues" die "jongmanne" 'n bietjie leer.

Bid vir my, want ek gaan seker nie meer lank in Brakpan bly nie. Daar is baie gemeentes wat 'n pastoor soek. Bid tog net dat hulle my na die regte plek stuur. Ek hoop net nie te vêr van my liefling af nie. Die Here is baie goed vir my en ek moes vandag weer my kop in skaamte laat sak het voor die Here. Finansieël het dit nie goed gegaan nie. Maar ek het vanaand 'n tjek van die Gemeente Tesourier ontvang as Kersgeskenk van die Kerkraad. Dank God vir Matt. 6:33.

Pas jouself mooi op want ek en ons kindertjies gaan jou nog in die toekoms baie nodig kry. Groete tuis en hou moed want Hy het die wêreld oorwin.
Al my liefde, Danie.

18de Desember 1958
Liefste Maatjie,
Hoe gaan dit met my skat? Verlang sy nog baie? Ek verlang vreeslik...maar wag nog net ses dae...en dan gaan groot dinge gebeur...
Ek skryf net 'n paar woorde want daar het nou net 'n oproep gekom dat iemand uiters is in die hospitaal. Ek is mos alleen maar gelukkig help Br. Breedt my 'n bietjie. Hier is tans tien siek mense in ons gemeente, so jy kan verstaan hoe dit gaan.
My liefling, ek smag om jou weer te sien en sien uit na die vakansie. Ek verlang om jou na aan my te hê, en om jou in my arms te hou en te liefkoos.
DV kom haal ek jou dan die 24ste Desember op Johannesburg stasie. Ek sal so ry dat ek jou ontmoet as jy afklim, anders soek ons mekaar op die stasie. (Ek het lank genoeg vir jou gesoek, jou stouter!) Mammie kyk ook baie uit om jou te ontmoet en ook die ander familie lede. Almal het jou alreeds 'n groot plek in hul harte gegee.
Liefling, verskoon die kort briefie, maar ek weet jy verstaan.
Al my liefde,
Danie.

19de Desember 1958
My liefste engel,
Baie dankie vir jou mooi brief. Dit kom so uit die diepste van jou hart. Ek is bly dat jy voorspoedig gery het. Die Here antwoord mos altyd ons gebede. Ek is ook bly vir die geld wat jy ontvang het, want ek was net lelik in die knyp omdat ek geweet het dat jy dit nie het nie. Die Here was goed en ons dank Hom daarvoor. Ek werk deesdae baie lekker.

Ek voel so veilig met my verloofring. Sommige meisies beny my openlik en dan dank ek die Here vir 'n man soos jy. Ek het jou lief Danie en dit gaan nog steeds dieper en teerder. Die Here het jou net op die regte tyd na my gestuur, toe ek jou die nodigste gehad het. Ek sal jou nog eendag alles vertel. Het ek jou al vertel dat die Bybelklas vir my so 'n mooi juwele kissie gegee get? Dis regtig baie handig en pragtig.

Indien iemand jou vra watter tipe geskenke hulle vir my moet koop, sê maar gerus iets vir my "trusau" uitrusting. Jy hoef nie te lag nie. Ek sal moet raap en skraap as jy gou wil trou, en 'n meisie kan nooit genoeg "trusau hê nie.

Ek is so entoesiasties oor my besoek aan my skoonouers dat ek nie kan wag om hulle te sien nie. Ek het vandag kort-kort trane afgegee, ek weet eerlik nie hoekom ek so hartseer was nie, maar as ek my kom kry dan loop die trane.

Ek het vandag my plek op die trein bespreek vir die 23ste Desember, die aand om sewe uur en sal dan DV dieselfde tyd in Johannesburg wees, die volgende oggend. As dit nie moontlik is om my op die stasie te kan kom haal nie, laat my weet, dan sal ek self reëlings tref.

Jy moet sien hoe kyk mense my aan in die teekamer. Nou dat ek gereeld bolla dra, lyk ek meer natuurlik geskik vir my beroep as pastoorsvrou. Dankie vir al jou gebede, ek voel dit daagliks dat jy vir my bid.

Groete aan almal en al my liefde aan my toekomstige man.
Mag die Here jou werk seën en ons liefde vir mekaar sal brand soos 'n vuur.
Jou eie skat,
Helene. XXXXX

22ste Januarie 1959
Liefste Helene, my skat,
Dis nou kwart voor vyf in die middag, en ek het nou lekker gebid, en hier binne my hart is daar 'n geweldige verlange. Ek besef nou meer wat God vir my gegee het, toe Hy jou aan my gegee het. Mag Hy my help om jou liefde te waardeer en jou die liefde gee wat aan jou verskuldig is. O! Mag Hy ons oorskadu en styf aan mekaar vas bind met 'n goddelike band van liefde. Maatjie ek het jou nou meer lief as ooit te vore. Ek besef hoe nodig ons mekaar het. Ek wil my bes doen om jou die regte ondersteuning te gee. Nou sien ek meer uit na daardie dag dat ons verenig sal word, in die huwelik. O! Mag die maande vinnig verbygaan! Ek vertrou jy het weer veilig tuis gekom?

Bid vir my, want ek preek Sondag-oggend oor Job. 14:14. Sovêr het ek nog nie 'n preek vir die aand nie. Ek moet ook Saterdagaand by die plotte preek, en ek maak staat op my liefling se gebede, want ek weet God sal haar hoor! Hou moed, want Rom. 8:31 is vir jou. Hoe wens ek dat jy nou hier naby was, ek sal jou sommer opeet. Ek het vir jou pappie 'n brief geskryf en hom bedank dat jy kon kom kuier het.
Groete tuis,
Al my liefde,
Danie.
**Ek sing weer my lied vir jou:** *"They try to tell us were to young; to young to really be in love; they say that loves a word, a word we've only heard, but can't begin to know the meaning of. And yet were not to young to know; this Love may last though years may go; and then someday they may recall, we were not to young at all!"*

23ste Januarie 1959
My liefste Engel,
Baie dankie vir elke opoffering wat my skat gemaak het, namens my en mammie.
Die grootste dankie is vir jou liefde en die betoning daarvan.
Ek dien 'n wonderlike Jesus. Hy heel alle wonde en maak die seerste hart weer bly.
Die treinreis was vreeslik. Ek het so verlang en was baie hartseer, my skat. Ek het my belofte nagekom en nie gehuil nie, al was dit nie maklik nie. Toe ek egter die foon op Germiston stasie neersit het die binneste strooi gebreek, sowel as my hart.
Ek moes die trane sluk want ek wou nie dat my mammie moes sien ek huil nie.

Ons het toe sewe uur hier aangekom en alles het voorspoedig gegaan. Dis net vreeslik warm in Bloemfonten, en soos jy weet is ek en hitte nie maats nie.
Gisteraand het ons kooroefening gehad, en toe het ek eers verlang.

Liefling ek wil nie kla nie maar die verlange maak so seer. Diep binnekant is dit vreeslik seer, en boonop is my skat nie hier om te troos nie. Ag, Danie ek het jou so

geweldig lief dat dit vreeslik seermaak. Liefling, jy moet jouself mooi oppas terwille van jou maatjie, asb. Mag die Here gee dat ek jou nooit sal seermaak nie. Ek het op die trein myself so verwyt omdat ek hierdie maand jou nie meer gelukkig gemaak het nie. My skat vergewe my maar, eendag sal ek deur Sy genade vergoed. Ek sien so uit daarna om werklik 'n pastorie moeder te wees. Noudat ek weer alleen is en baie tyd het om te dink besef ek hoe graag ek werklik vir die Here wil werk.

Gee vir Dad en Moeks, jou ouers, elkeen 'n lekker soen namens my. Dis ook maar goed dat jy nie nou hier is nie anders sou ek iets snaaks gedoen het.
Onthou, maatjie, dat ek jou baie lief het, en dat ek vir jou bid.
Jou maatjie.
Helene.

25ste Januarie 1959
My dierbaarste Danie. My skat, ek mis jou vreeslik. Ek dank die Here daagliks vir jou liefde en ek wens my hart was groter sodat ek meer liefde vir jou daar kan bêre.

Past. Willie Smit het vandag afskeid geneem van ons gemeente. Dit was omtrent soos 'n begrafnis. Die diens was geseënd, maar ek het die hele tyd gehuil, nie soseer oor oom Willie wat weggaan nie, maar omdat ek kort-kort aan 'n ander prediker dink wat 300 myl hiervandaan gepreek het en wie ek so teer bemin. Liefling ek het so ernstig vir jou dienste gebid dat ek weet dit was geseënd.

Vanaand het ons koor regtig mooi gesing, maar as ek my kom kry verlang ek na jou en na ons nuwe gemeente. Ag, my skat, my begeerte om vir die Here te werk word by die dag groter. Jy weet, aan die eenkant is dit goed dat ons nie bymekaar is nie. Dit leer my om meer ernstig te word, meer te bid en meer die Here te vertrou. Ek wil jou nogmaals bedank vir jou liefde en toegewings, en ek het elke oomblik saam met jou geniet. Dankie vir die geluk wat jy my daagliks skenk.

Dankie vir jou brief en vir die mooi tekse. Dis so bemoedigend as dit om my donker word. Jy is my dierbaarste besitting wat ek het. Ek kry jou net liewer elke dag. Mag die Here al die begeertes van jou vervul.

Ek is weer op die Sondagskool personeel en het weer my klein klassie gekry. Ag, die klein seuntjies is te dierbaar. Hulle is vreeslik ingenome dat ek weer by hulle is.
My suster Toekie se seun, Chris, is ook in my klas. Die Here is vir my goed en ek sal my beste vir Hom lewer, want Hy is wonderlik.

My skat, dit voel deesdae soos in September 1958, toe jy vertrek het na Brakpan. Dis so eensaam sonder jou. Ek dwaal rond en ek kan ook niks doen nie. Ek sal maar meer moet bid en kyk of dit nie wil help nie. Die Here moet tog gee dat die jaar sal vlieg want ek het jou so nodig. Bid vir my liefling, Hy sal jou antwoord en skryf gou. Jy het in die verlede ontvang as jy bid.

Ek dink altyd aan jou en sal nooit ophou bid nie.
Jou altyd verlangende liefling,
Helene.

**Hierdie brief is geskryf met my verwelkomg as Pastoor in Vryheid.**

15 Februarie 1959
Hallo my liefling,
Weer kan ons maar net uitroep, volgens Nahum 1:7 "Die Here is 'n goeie God en Hy ken die wat by Hom skuil.
Graag vertel ek hoe my rit was vanaf Bloemfontein tot Vryheid. Ek het vanoogend om vier uur gery en het in die reën gery tot duskant Winburg. Ek het 'n gemiddelde spoed van 50 myl per uur gery.
Ek is deur Brandfort, Bethlehem en Kestell. Daarna deur Harrismith en oor Van Reenens Pas. Volgens my het ek so 25 myl per galon petrol gekry met ons motor. Ek het so twee uur die middag in Vryheid gekom. Die distansie wat ek gery het was 377 myl.

Liefling ek wil baie dankie sê vir jou opregte liefde. Waarlik dit is 'n riem onder my hart. Jy beteken baie vir my. Mag die liewe Heer my in die toekoms genade gee om jou liefde werd te wees. Baie dankie vir die aangename vakansie. Sê ook dankie vir jou moeksie vir wat sy gedoen het. Almal hier is vreeslik opgewonde oor my koms. Mag die Heer my genade gee om waardig te wees in die roeping waarmee Hy my geroep het. Voorlopig bly ek by die Niemann's. Tannie Niemann sal die nodige meubels in die pastorie sit totdat ek ons meubels, wat nodig is, gekoop het. Ek eet voorlopig by 'n losieshuis.

Liefling, by my verwelkoming gisteraand was daar ongeveer 60 volwassenes. Vanoggend, met die bevestiging in die kerk, het ek voor die kansel gekniel, met die kerkraad om my en Past. Poggenpoel (Die Streek Voorsiiter van Natal) wat sy hande op my geplaas het en vir my gebid het. Daarna het ek self gebid, terwyl ek in my verbeelding gesien het my liefling is langs my, ook op haar knieë.

Na die diens het ons 'n kort kerkraad vergadering gehad. Hulle bestaan uit 9 lede. Ek het eienaardig gevoel toe ek aangespreek was as "Voorsiiter." Om te dink hierdie manne is my kerkraad. Alles was soos 'n droom. Aan God al die lof, die eer en die heerlikheid. Hoe kan ons anders as om Hom te bemin? Weet jy wat het die kerkraad besluit? Hulle het besluit om 'n kamerstel as trou geskenk vir ons te koop. Die begroting vir die kamerste is £142.  Is die Here nie goed vir ons nie?

Vanaand het ons 'n baie geseënde diens gehad. Daar was 42 grootmense teenwoordig. Met die uitnodiging het die helfte voor op die mat kom kniel vir gebed. Mag Sy Naam deur hierdie diens verheerlik word.

Maatjie het jy my nog lief? Hoe baie? Kom bly by my as jy nie bang is nie. Ek is bang om alleen te slaap. Kan ek jou kom haal?

Dié week se verrigtinge is om eers die pastorie in orde te kry en dit gereed te kry om daar te woon. Dinsdagaand het ons biduur en Woensdagaand 'n huisdiens. Hulle het net een Saterdag per maand 'n Jeugdiens. Ons een probleem hier is die suster wat op die orrel speel nie dit goed doen nie, en die klavier is te vals. Die ander probleem is dat die mense nie vrymoedig is om uiting te gee in hul sang nie. Maatjie

mense kan sê net wat hulle wil, maar Apostolies kan nie lekker sing as hulle nie hande klap nie. Dit is dan dat hulle vryraak. Wat ons hier ook nodig het is ‵n orkes.

"Keep your eyes on God, He will see you through."
Heb. 2:18; Jak. 1:5; 1 Pet. 2:21-23. Lees dit en skrywe dit in jou hart.
Slaap lekker en al my liefde,
Danie XXXXXXXX

18de Februarie 1959
My liefste Engel,
Duisend dankies vir jou brief. Ek het genoeg inspirasie om jare daarop te leef. Saam met jou wil ek die Here dank vir Sy weldade aan ons. Is daar ‵n beter vriend as Jesus? Nooit! Hy's my alles en daarom lê ek alles gewillig aan Sy voete, ook vir jou. Hy reël ons paaie. Hy verlig ons weg en maak die toekoms helder. Ek is so dankbaar dat jy gelukkig is. Ek het so hard gebid daarvoor. Ek was vanmôre 6vm by die kerk vir ‵n vroeë oggend biduur. Dit was hemels. Ek wens ek kan dit elke oggend doen.

Liefling ek voel so getroos na jou brief, want nadat jy moes ry na Vryheid het ek baie gehuil, maar nou is ek tevrede. Daardie seer wat altyd in my hart was as jy weggaan is weg, want Sy blydskap is nou in plek daarvan.

Skaam jou, my skat. Jy slaap eerste op ons bed, in Vryheid, en ek is nie eers daar nie. Ons was toe verlede Saterdag Virginia toe, en was oom Willie Smit nie bly om ons te sien nie. Die kerk was stampvol die aand, en hulle koor tel so 30 lede. Mense wat weg was het terug gekom na die gemeente.

Jy moet later in die jaar die gemeente in Vryheid se klavier laat stem. "U is mos nou die pastoor daar." Jou maatjie is darem slim, sy het lankal gedink om "Past. D. Nell" te skryf, want niemand sal buitendien weet wie "Mnr. D. Nell" is nie.

Skatlike ding, ek het jou liewer as wat jy kan dink. Een van die mooi dae sal ons liefde groter vorm aanneem. Hou moed! Dit sal hemels wees. My liefling ek sien so uit daarna. Om dan die versekering te hê, jy's myne vir altyd tot Hy ons kom haal.

Tannie Baby van Rensburg (Ek voeg by: Sy was my skoondogter, Sally, se moeder) is volmaak gesond. Vrydagmôre, na jy weg is, het die gewas wat sy in haar vroulike dele gehad het uitgekom – nogal in die toilet. Waarlik God het ‵n wonder gedoen. Dankie dat jy die vorige aand saam met haar man, oom Japie en tannie Gouws, vir haar genesing gebid het. Al die eer gee ons aan die Here!

Dra my groete oor aan die Niemann gesin asook aan ons gemeente in Vryheid. Ek kry my skat so jammer om so alleen in ons Pastorie te bly. Jy is seker baie eensaam, my engel? Ag, ek wens ek was daar om jou te bederf. Jou stouter, jy sal dit natuurlik geniet, jou dierbare ding.

Gits, amper vergeet ek. Baie, baie dankie vir jou kuiertjie – ek het elke oomblik geniet. Die "tjie" is natuurlik ‵n skimp dat jy my moet kom haal. Al verlang ek sal ek dit nie sê nie, anders maak ek jou net hartseer. Ek hoop ek sal van jou truie klaar hê

as ek jou weer sien, want jy het dit seker nodig. Danie, as jy enigiets verder nodig het, laat weet "jou vroutjie" asb want sy sal dit baie waardeer. Weet jy waarvoor is ek nou sommer baie lus...vir 'n lekker soen. Jou stouter, ek wil jou druk en druk. Jy's nou te vêr van my af, dus kan daardie "blou oë" my hart nie week maak nie. Liefling, ek werk môre en wil nou regtig gaan doeks... XXXX. En moenie verlang nie, ek is mos altyd by jou. Soet wees, hoor.

Hello liefling, ek het lekker gedoeks. Ek is nou in my werk en dis teetyd, maar ek wil eers gesels met iemand wat die dierbaarste op die hele aarde is. Ek het jou so lief, my skat, en om te dink dat jy my liefling is. Dis te goed om waar te wees.

Wat die kamerstel betref, is jou keuse reg, want die ringe was uitstekend, dus sal die kamerstel ook smaakvol wees. Jy weet mos altyd waarvan ek hou, jou stouter. Noudat ek weet my skat is gevestig en gelukkig, voel ek so bly. Die Here het seker vir ons twee ekstra lief, daarom is Hy so goed vir ons. Dr. Fanie Moller, ons President, stuur baie groete en hy bid vir jou. Oumatjie (Past. Willie Smit se moeder) sê jy kry 'n lekker pakslae as sy jou weer sien, omdat jy nie kom kuier het nie. Sy sê dat sy elke môre vir jou bid, want jy is "so 'n dierbare seun." Gits, as sy maar weet hoe stout die "dierbare seun" kan wees. Vir haar is daar net een toekoms en dis hemel toe. Sy is regtig 'n aanwins vir 'n gemeente. Kom kuier vanaand vir my, toe? Liefling...pragtige blou oë, skattebol...wag ek word stout.
Baie liefde, Jou maatjie, Helene.

22ste Februarie 1959
Liefste Helene,
Baie dankie vir jou brief, ek waardeer dit en jy is dierbaar. Ek wil jou mammie nog vra waar sy jou gekoop het?

Liefling my huis adres is Utrechstraat 213, Vryheid en my foon nommer is 243. Stuur net my briewe na Posbus 153, Vryheid. Wat ek dringend nodig het is 'n vroutjie om my te bemin, en aan wie ek my liefde kan toevertrou. Wat ek nodig het vir die pastorie is gordyne vir my studeerkamer asook die kombuis. Vir die sitkamer en slaapkamer het die gemeente suster vir my gordyne geleen.

Liefling, ek en oom de Jager wat saam met my huisbesoek doen, is baie besig. Laas week het ons 400 myl gery met huisbesoek. Ek kla nie want dit is aangenaam om tot Sy eer dit te kan doen. Maandag het ons in die dorp besoek, maar Dinsdag was ons na myne in die omgewing. Dit sluit Coronation en Cliffdale in.

Dinsdagaand het ons biduur gehad en daarna het die gemeente my getrakteer in die pastorie. Ek was ook bly om te sien dat die sitkamer en my slaapkamer was gevul met meubels. Toe almal weer na hulle huise gegaan het, het ek my goedjies gaan haal by oom en tannie Nieman en in die pastorie gaan slaap. Ag, almal is regtig dierbaar vir my.
Maar ek sal die dag lekker eet as jy in die pastorie sal wees en om lekker kossies aan te bied. En vergeet nie die roomys wat my skat op Sondag sal aanbied nie.

Vanoggend het ek net vier Bybelklas kinders gehad en al vier het hulle harte aan Jesus gegee. Ons het op ons knieë gegaan en saam gebid. Bid dat die Here hulle staande sal hou en ook dat Hy meer kinders sal gee vir die Sondagskool en ook vir die Bybelklas. Vandag het ons baie geseënde dienste gehad. Vanaand was my boodskap oor die Wederkoms van Christus. Ek het vanaand die eerste kind toegewy van Br/Sus. Marais.

Liefling ek het 'n pragtige lessenaar vir my gekoop. Ek wens jy kon dit sien.
Lekker slaap en groete aan jou ouers.
Jou baie verlangende liefling.
Danie

22ste Februarie 1959
Liefste Danie,
Nog 'n naweek van seën is verby. Weer het ek die Here liewer gekry. Die Kinderkoor het die uitdunkompetisie gewen. Ek gee Hom al die eer. Dankie vir jou gebede, want ek weet jy het gebid. Ons sing op Maranatha Park, waar talle kore gaan optree. Ek gaan saam met my koor, maar kom dieselfde aand terug. Die volgende naweek sal ek dan weer opgaan na Maranatha Park wanneer jy georden word as Pastoor.

Ek verlang vanaand weer baie. Die eensaamheid oorweldig my soms en dan is die naaste verligting...trane. Ons herlewingsdienste begin die 6de Maart en dus werk en oefen ek maar hard. Ons is elke aand besig by die kerk. Die 28ste Februarie het ons 'n interkerklike (Pinkster) saamtrek by die Volle Evangelie Kerk. Ons verwag groot dinge van die Here.

Sorg die mense goed vir jou? Wie maak die pastorie skoon? Jy moet jou nie ooreis nie liefling, asb pas jouself op, om my ontwil. Ek voel bekommerd oor jou. Miskien is dit omdat jy sovêr van my af is. Ek bid dat die Here die tydjie sal laat vlieg, want die verwydering doen meer kwaad as goed. Liefling, mis jy nie jou vroutjie in die huis nie?

Ons verwag herlewing hier by ons, want die Here werk wonderlik. Elke oggend om ses uur is daar 'n biduur. O, dit is wonderlik om jou dag vroeg met die Here te begin. Gits, ek raak soon geïnspireerd om saam met my liefling vir die Here te werk. Ek wil net een soentjie hê...

Ek kan sommer aan jou brief sien dat jy vreeslik bederf word. Jy sal maar vir tyd en wyl met een brief per week tevrede moet wees, my skat, want ek kan nie byhou nie. Elke aand is daar iets aan by die kerk. By die tyd as ek by die huis kom is ek al so moeg dat ek reguit bed toe gaan.

Saterdag kry ek my salaris. Sal ek jou maar sê wat die bedrag is? Dis £34, 13 sjielings. Is die Here nie goed nie? £2 ios alreeds afgetrek vir pensioen. Stuur asb. die nommers van jou onderklere en hemde. Toemaar moenie opstandig wees nie, ek sal nie geld onnodig uitgee nie, dit belowe ek. Jy skryf nie eers watter soort kamerstel jy het nie en jy weet hoe nuuskierig is ek.

Groete aan die gemeente en onthou ek bid vir jou sowel as vir hulle.
Met al my liefde wat ek besit,
Maatjie. XXXXXX

27ste Februarie 1959
Hallo liefling,
Hoe gaan dit met my skat?
Ek gaan nie vanaand op huisbesoek nie, maar bly tuis om my preke voor te berei. Maar O! Die verlange is vreeslik! Die gemeente het jou nodig. Die pastorie het jou nodig. Ek het jou nodig. Iets hier binne gaan breek.
Ek het reeds alles voor Sy voete neergelê, en ek weet Hy sal onderneem. Werklik, ons behoort ons te skaam om Hom te wantrou. Gelukkig is daar geskrywe in Ps. 50:10-12 dat die vee op duisend berge behoort aan Hom, asook die wêreld en sy volheid. Lees ook: Matt. 6:25-33; Matt. 10:29-31; 1 Pet. 5:7. Liefling, ons moet Hom meer vertrou, Hy sal onderneem.

Goeie nuus! Die kerkraad het reeds die kamerstel geskenk – is dit nie wonderlik nie? Wat die "Resepsie" betref, dink ek ons moenie te veel spandeer nie. Ek is besig om 'n lys saam te stel wie ons kan nooi na ons troue. Stuur my jou vader se voorletters, dit het my ontgaan. Ons kan Tom de Wet vra om die trou-kar te bestuur. Die fotograaf kan Danie Brink wees. Ek hoop hy kan help want hy is mos 'n Sabatis?

Ek sal die uitnodigings kaartjies sommer hier in Vryheid laat druk. Die trouring kan ons saam in Johannesburg gaan koop, tydens Maranatha Park Konferensie. Dan het ek ook gedink aan 'n Sangsolo in die kerk. Wie kan ons vra? Liefling, ek voel een strooimeisie en een strooijonker is genoeg. Dis 'n paar goedjies waaraan ek gedink het. As daar nog iets my byval sal ek jou laat weet. Laat die maar oor aan my om vir jou ouers te skryf. Ek sal hulle laat weet van ons beplanning.

Waarlik, die Here is goed, want gister het Br/Sus. Senekal 'n paar skoen (Nommer 11) vir my kom gee. Net wat ek nodig gehad het, want my huidige skoene het gate onder.
Gisteraand het ons 'n baie geseënde huisdiens op Coronation Myn gehad. (Dit is so 22 myl van Vryheid) Daar was 12 vreemde mense in die diens. Twee het opgestaan en 'n oorgawe aan die Here gemaak. O! Mag God baie siele red!

Nou het ek jou baie nodig om by my te staan. Dankie liefling vir alles en ek is bly dat ek met jou kan praat. Hou moed "Jesus never fails, Jesus never fails. Heaven and earth may pass away...but Jesus never fails!"

Môreaand het ons 'n Jeugdiens en volgende Saterdag het ons 'n braaivleis aan die huis van Br/Sus. Booth, buitekant die dorp op 'n plot. Hierdie Sondag het ons Nagmaal en wil ek preek oor die noodsaaklikheid van die Nagmaal. Sondagaand preek ek wat Jesus gesê het in Joh. 8:36. Ja, Hy alleen kan mense vrymaak van sonde en siekte! Hiermee sluit ek 'n koerant-uitknipsel in van ons Kerk-dienste. Die Vryheid – Gazette adverteer dit vir ons gratis.

Ek bid baie vir jou, dis 'n groot plesier vir my. Vandag het ek 'n baie mooi strykyster gekoop, en ek wens jy kan sien hoe spoggerig lyk ek as ek my broeke stryk. Hier is 'n jong naturel wat vir die gemeente werk, en hy het die motorhuis en buite kamers vir my geverf asook die toilette by die kerk. Hy was ook elke oggend my motor. So, die Morris Minor blink nou elke dag.

Ek wens jy was al hier in Vryheid, dan kon ek vir jou 'n koffie of tee in die bed gebring het. In die gees is jy eintlik al hier. Vanoggend het ons Nagmaal gehad en die Gees van God was magtig teenwoordig, veral tydens die gebruik van die tafel van die Here. Hier binne in my het iets groots gebeur. Ek het Jesus liewer gekry en nou het ek jou ook meer lief gekry! Mag Hy ons nog stywer aan mekaar vasbind, is my gebed.

Bid dat die Here jongmense sal stuur om ons Jeug te versterk, en dat Hy vir ons ook Musikante sal stuur. Ek bid ook vir herlewing in Vryheid, sodat baie vervul sal word met die Heilige Gees. Na ons aanddiens het ek die Niemans besoek. Ek het hulle vertel van ons trou-planne. Hulle was amper blyer as ek. Tannie Nieman het beloof om haar beste ondersteuning aan jou te gee. Hulle sê die gemeente wag al hiervoor.
Wat sê jou pa van my brief wat ek aan hom gestuur het?
Soet wees en hou jou oë op ons Leidsman en Voleinder van die geloof.
Al my liefde,
Jou verlangende,
Danie

1ste Maart 1959
Hallo liefling,
Hoe gaan dit met my skat? Seker beter as met my omdat ek koue op my niere gekry het en vandag baie siek was. Die pyn is aanhoudend en ek weet jy bid vir my, daarom kan ek teen die pyn stry. Binne twee maande is ons getroud. Jy moet moed hou want jy ken tog die korste pad na oorwinning. Die Here sê tog in Sy woord, as ons in Hom glo sal ons die werke doen wat Hy doen., en nog groter werke as dit!

O, dis wonderlik om 'n Vriend soos Hy te hê, wat alles verstaan en wat liefde en lewe gee. Mag Hy ons help dat ons twee nie eendag met leë hande voor Hom staan nie. Liefling jy moet weet dat ek jou baie lief het. Om te dink dat ek nog voor die winter my liefling vir altyd by my sal hê. Liefling jy kla dat die pastorie so stil en eensaam is. Wel dit staan jou vry om dit in 'n "kinderparadys" te omskep. Hou net jou oë op Jesus want Hy voorsien in alle behoeftes.
Lekker bly tot volgende keer.
Al my liefde, Maatjie XXXX

4 Maart 1959
Liefste Engel,
Dis 10nm, en dit was lieflik om jou stem oor die foon weer te hoor. As jy tevrede is wil ek 'n paar tienderjariges vra, soos Trudy en Wendy, om 'n erewag om ons te maak, by ons troue. My trourok is alreeds bestel by Mev. Du Plessis. Sy trek my ook aan en sorg dat my hare gedoen word. Ek het ook gedink om my sowel as die blommemeisies se foto voor ons trou te laat neem. Dit is dan net sodra ek aangetrek

het en nog vars is, neem hulle ons fotos. Na die troue word ons twee se fotos geneem. Persoonlik dink ek dat dit geweldig baie tyd sal spaar.

Liefling ek sien baie uit na die troue. Ek dank die Here uit die diepte van my hart vir die wonderlike manier waarop Hy alles reël. Ag, my dierbare engel, jy praat van liefde...ek weet dat wanneer ons nou bymekaar kom, sal ons harte oorloop van blydskap.

Ek sal bly wees as jy ons witte-brood wil reël, net waar jy verkies. Ek kry alreeds teveel dinge na my smaak, dus hierdie is jou keuse en vir my 'n verrassing. Dis heerlik om te weet vandag oor twee maande is jy my wettige lewensmaat. Ek is so opreg dankbaar teenoor die Here vir Sy lewensplan wat Hy vir ons uitgewerk het. Weet jy wat, skatlik, presies oor 23 dae kan ek jou soen en soen en soen. Ek wil jou vashou dat jy nie weer kan wegloop nie.

Ek sien so uit na my Dorkasraad, om saam die Here liewer te kry en meer siele in te samel. Ag, my verstand is te klein om al Sy weldade te verstaan. Ek verdien dit tog nie.
Mense bied aan om my te help met die koeke, en daar is mense wat linneware belowe, en ag, die Here stort net sy genade oor my uit. Danie, moenie, as jy bid, meer vir die Here vra nie, dank Hom net en Hy sal self voorsien. Ons dien 'n wonderlike Here en om te dink my man werk vir Hom. Ag, ek het jou lief, hier binne, diep, innig en teer. Hoe innig sal dit net nie word as ons saam is nie. Ek streef net na een ding, en dit is om saam in die diens van die Here te wees.
Al my liefde wat ek besit,
Jou verlangende Maatjie. XXXXXXX Alles net vir jou blou-oog.

8ste Maart 1959
Hallo my skat,
Hoe gaan dit met my engel? Slaap sy al? Dit is nou tien oor elf, in die aand, en alles is still hier, met die horlosie wat voort tik en goggatjies wat geluidjies maak daarbuite.
Deur God se goedheid en barmhartigheid gaan dit baie goed. Vandag het ons van ons geseëndste dienste gehad. Waarlik die Here antwoord gebed, en Sy seën was vandag ons deel. Veral vanaand se diens was baie goed. Ai, dis wonderlik om Sy woord te vekondig. Ek het my verlustig in my boodskap en met die uitnodiging het siele Sy aangesig gesoek. Mag Hy aan hulle een en almal gee wat hulle nodig het. Vanoggend het ek gepraat uit Joh. 6:66 en my tema was: "Waarom het Jesus se dissipels hom verlaat?" Vanaand het ek gepraat oor Markus 14:37 *"En Hy kom en vind hulle aan die slaap en sê vir Petrus: Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie?"*
Ek is baie besig en ons Morris Minor weet dat sy "loop." Sy het al plekke gery waar geen donkie sal loop nie. Party van die paaie is eenvoudig vreeslik. Hoe mense vir jare daarmee tevrede kan wees, weet ek nie. Jy sal sien waarvan ek gepraat het, as jy eers hier is. Regtig, ek kyk uit na jou koms en selfs die gemeente sien uit daarna.

Gisteraand het ons 'n braaivleis en debat hier buitekant die dorp op 'n plot gehad. Almal wil net weet wanneer gaan ons 'n bruilof hou? Ons debat was oor: "Wie was

die grootste Apostel? Was dit Petrus of Paulus? Natuurlik het Paulus gewen, nogal met tien stemme. Almal het dit geniet. Moenie huil nie want ek weet jy verdedig Petrus.

Luister asb na die liede wat ek vir jou gestuur het. Ek hou van hierdie lied se woorde: *"No rose in all the world, untill you came.*
*No star until you smiled, upon life's sea.*
*No song in all the world, until you spoke.*
*No hope untill you gave your heart to me."*

*O rose, bloom ever in my lonely heart.*
*O star, shine steadfast with your light divine.*
*Ring on, O song, your melody of joy.*
*Life's crowned at last.*
*And love, and love is ever mine."*

Liefling, ek het jou baie, baie lief. Ek dank God vir die liefde wat daar tussen ons is. My gebed is: "Here, gee my nog meer liefde!"

My engel, ek wil nou graag aanbeveel dat ons die troue 'n week vroeër maak, naamlik die 25ste April. Die kerkraad gee my dan ook tien dae spesiale verlof vir ons wittebrood. Ons kan nie in Mei trou nie, want dan begin ons Pinksterdienste, en die kerkraad vra dat ek dit self sal waarneem. Verduidelik dit asb ook so aan jou ouers.

Haai, daar slaan die NG Kerk se horlosie presies op twaalf uur middernag. Ek het die kombuis mooi uitgeverf, verder is al die ander vertrekke mooi netjies en skoon. Bid ook vir my want ek het nog twee vakke wat ek vir die Bybelskool moet voltooi, voor April. Ek het dus net twee weke oor om dit te doen. Dit is belangrik om hierdie vakke te slaag as ek georden wil word tydens Maranatha Park konferensie in April maand.
Al my liefde – jou blywende en verlangende,
Danie

11de Maart 1959
Liefste skat, Baie dankie vir jou brief. Maar jy raak omtrent haastig? Pappie het vanaand nog gesê hy wag net vir die oomblik dat jy laat weet ons moet die einde van die maand trou. Lieflik, die Here het wonderlik onderneem in die volgende:
(1) Pappie het ingestem dat ons kan trou.
(2) Hy dra al my koste.
(3) Hy koop my trourok.
(4) Ek het al my linneware reeds gekry.
Dit is die Here wat alles voorsien! Ek voel so diep dankbaar vir Sy wonderlike liefde. Ek dink ons vra maar Past. Raper om ons te trou. Broer Louis Kruger, Past. Kruger van Kimberley se seun, sal die troumars speel. Ek wil graag oom Kolbe vra dat sy "Cadalac" sal dien as ons trou-kar. Plus Tom Bouer en ander om ons agt strooimeisies te vervoer. Ek sterf van opgewonheid! Nou dat alle "papier berge" uit die weg geruim is, sien ek met lus uit na die troue. Ek wens dit is al die 4de April, dan kan ek jou tog weer sien, want ek verlang baie.

Hier uit my kantoor skryf ek verder. Vandag is ons nogal baie besig. O, jongie, ek wag vir jou, want dit is nog net 'n maand en 12 dae, dan het ek jou en sowaar as vet ek sal jou nie los nie. Mamma! Jy wil nie gelos wees nie, jou karnallie.

Wat die troudatum betref, my ouers is tevrede dat ons kan trou op die 25ste April. Ek sal by Past. Raper moet hoor of daardie Saterdag oop is. Nog iets, ry ons deur na die plek waar ons gaan wittebrood hou of slaap ons die eerste aand sommer by een van die naaste dorpe in 'n hotel? In daardie geval moet niemand weet waar ons die eerste aand slaap nie. Jy weet wat hulle gewoonlik doen.

Ons veldtog is wonderlik geseënd. Elke aand styg ons 'n trappie hoër in die geloof. Ons het ook 'n hemelse deurbraak gehad. Past. Castle, sowel as sy gemeente, is elke aand teenwoordig. Werklik die Gees is wonderlik. Almal is opreg vriendelik teenoor mekaar. Hoeveel kaartjies laat jy druk? En laat weet wat is die onkoste. Laat weet my dadelik.

Wel liefling, ek het nog 'n paar inkopies om af te handel voor 2uur vanmiddag. Ek het jou baie lief my engel. Dankie vir jou gebede en 'n laaaang soen as vergoeding.
Stouterd, al my liefde.
Jou Maatjie.

12de Maart 1959
Hallo my skat,
Ek het nou net Sielkunde studeer. Vanaand wil ek Liturgie studeer. Maar nou wil ek eers 'n paar woorde met my liefling praat. Ek tel die dae, want die verlange bly maar daar. My skat ek sien baie uit om jou weer in my arms te neem en saggies te soen. Dankie vir jou liefde, ek waardeer dit baie. Die Here se weë is wonderlik. Verlede jaar hierdie tyd tydens Maranatha konferensie het ek nie geweet ek gaan in Vryheid wees nie, en ons mekaar sou ontmoet nie, dat ons mekaar lief sou kry en dat ons verloof sou raak nie.

Maatjie ek sal sorg vir die volgende: Tapyte vir die kamers; die druk van die huweliks kaartjies; die sitkamerstel; die kombuisstel. Ek sal die koste van ons wittebrood vakansie betaal. Dan sal ek waardeer indien jy kon help met die volgende: Twee dubbelbed komberse; 4 lakens; 2 kussings en 4 slope.

Ek dink dit is 'n wyse keuse om Past. Oly Raper te vra om die huwelik waar te neem. Louis Kruger kan die orrel speel. Dankie dat jy hierdie dinge reeds gereël het. Ek sal vir Danie Brink, die fotograaf, skryf en vra of die 25ste April hom pas. Wat die kaartjies betref wil ek net sê dat ek reeds 261 adresse het. Vir 300 kaartjies sal £5 en 15 sjielings kos. Saam met jou wil ek die Here net weer dankie sê vir alles wat Hy vir ons doen.
Groete tuis en soen vir mammie en pappie.
Al my liefde,
Danie.

17de Maart 1959
Liefste Maatjie,
Hoe gaan dit vandag met my skat?
Ek het nou net aan ons vakansie plek geskryf, en ook aan jou suster Tassie in Grahamstad. Verlede naweek se dienste was baie geseend. Die oggend het ek gepraat oor Gen. 4:7 en die aand oor Open. 3:15-18, wat gaan oor diie "lou toestand".
Saterdag middag het ek hier in die kombuis 'n naturel na God gelei. Hy het my kom vra wat hy moet doen om hemel toe te gaan, en met die hulp van my tuinwerker het ons die weg van Saligheid aan hom verduidelik, en het hy sy lewe aan God toegewy.

Wat ons huwelik betref kan ons om 3nm trou, nie waar nie? Ek het dit reeds gereël met Danie Brink die fotograaf. Dan kan jy en die blomme-meisies net voor die huwelik julle fotos laat neem en vandaar kerk toe kom.

Nog net tien dae dan sien ons weer mekaar. Ai, my hart voel nou beter want eers het die verlange my gemoor. As ek baie verlang dan sê ek vir myself "nog net 'n rapsie meer as 'n week..." Liefling vir eers is dit al, want die studies lê en loer vir my, en ek wil nie druip en miskien nie georden word nie. Bid vir my, want dit sal vir my baie beteken.
Al my liefde,
Jou maatjie.
Danie

20ste Maart 1959
Liefste Helene,
My engel, my alles, my dierbaarste liefling.
Dis nou elf uur in die aand en ek wou net kamer toe gaan om te gaan slaap. Toe kyk ek eers na jou foto op die lessenaar...maatjie, ek kon nie anders as om 'n paar oomblikke stil te staan en God te dank nie. My gebed was: "Dankie vir Helene...help my om haar altyd te waardeer, en om deur dik en dun by haar te staan. Dankie liefling vir al jou liefde. Ek loof die Here, dit is nog net sewe dae, dan wil ek jou baie styf aan my druk. Die tyd gaan so stadig veby – seker omdat ek die dae en ure aftel! Waarlik, ek het die mooiste en beste vroutjie op die aarde. Daar is nie beter nie.

Wat die kombuisstel bertef. Hier is nie ingeboude kaste nie, ook nie in die ander kamers nie. Ons praat verder hieroor op Maranatha Park. Regtig die Here doen baie vir ons, al die eer kom Hom toe. Ek is bly om te hoor dat my liefling vol is van die Heilige Gees.

Ek het gisteraand 'n drie uur vraestel oor Sielkunde gehad. Deur Sy genade glo ek dat ek geslaag het. Vanaand skryf ek Liturgiek. Dankie dat jy vir my bid. Ek skryf onder toesig van Br. Andries Nieman. Ons sien mekaar dan by Maranatha Park. Jy gaan les opsê as ek jou in die hande kry.
Groete aan alle bekendes en soet wees hoor.
Al my liefde,
Jou Maatjie, Danie.

21ste Maart 1959
My liefste engel,
Baie dankie vir jou brief, dit was soos altyd vol inspirasie.
Ek wil, voor ek vergeet, wat die tapyte betref is ek bang dat jy die vloere gaan beskadig, want ek hou nie van tapyte nie. Blokkies of 'n mooi plankvloer is baie beter wanneer dit gepolitoer word. Mammie stem daarmee saam. Ek sal bly wees as jy daarmee kan wag, sodat ek self kan sien wat om te doen. 'n Paar goeie matte is verreweg die beste en tapyte is duurder as matte en defenitief kouer.

O, ja my skat, dinge gaan nou 'n bietjie dol en dus het ek maar besluit om die Paasnaweek Maranatha Park toe te kom, aangesien ek tog moet opgaan met die Kinderkoor. Jy moet jou tog nie bekommer oor die linneware nie, want ek het reeds sewe stelle lakens en slope sowel as ses groot kussings. Dis nog net die komberse en 'n paar handdoeke wat ek moet kry dan is alles in orde. Ek het my trourok Saterdag klaar betaal, dus is dit ook afgehandel. Pappie het vir my die geld gegee en ek moet sê ek het Saterdag maar snaaks gevoel met so 'n rol note in my handsak. Ek sal my rok se prys nie noem nie, anders rek jou oë. Pappie het beslis geweier om 'n goedkoper rok te koop. DV sien ons mekaar dan net oor tien dae. Dit is 'n heerlike vooruitsig nê liefling? Ek bid vir jou dat jy jou vakke met groot sukses sal slaag.

Ek wens dis al oor ses weke, dan is ons al op ons witte-broodsdae. Waar? Wat die "Kitchen Tea" betref, dit word deur iemand anders gereel en dit sal twee weke voor die troue wees. Ek voel so gelukkig, my skat, dat jy ons troudatum vervroeg het.

Br. Rubenstein sê hy kan 'n groot kombuisstel kry vir £62, of 'n kleiner een vir £50, maar daaroor moet ons eers gesels. Nog net nege dae dan is ek by my skat. Ah, hoe wonderlik sal dit wees. Ek voel so lekker vol van liefde, vol van die Here en vol van Sy Heilige Gees. Die dienste was hemels. Die Here het gesond gemaak, sowel in liggaam as in siel. Ag, ek wens jy was Sondagmôre hier. Die Gees van die Here het oor die hele vergadering gespoel en almal moes 'n nuwe en skoon lewe begin.

Wel my skat, as alles dan goed gaan is ek binne 'n paar weke jou wettige vroutjie. Die Here was goed en ek het jou lief. Ek wil so graag my dankbaarheid aan jou bewys deur jou gelukkig te maak. Ons is tog vir mekaar gemaak en hoort bymekaar. My engel, groete aan ons gemeente. "As God vir ons is, wie kan teen ons wees!"
Altyd jou eie, Helene.

10de April 1959
My liefste engel,
Ag, dit was weer goed om jou stem oor die foon te hoor, maar nou verlang ek eers. Die verlange raak alweer soos in die verlede. Die troos is darem daar, want vanaand oor twee weke is ek "Mevrou Nell." Goeie vooruitsig nê? Deur Sy genade is alle reëlings agter die rug en ek kan net gelukkig wag vir die groot oomblik. Ek mag nie kla nie, want die Here was waarlik goed vir my. My seëninge is oorvloedig en ek dank Hom daarvoor.

Die 4de April het ek van 'n hele verdieping trappe afgeval, hier waar ek werk. My voet het op die boonste trap gegly en ek het tot onder gerol, ongeveer 15 voet.

Ek het so geskrik dat ek skoon uit was na die val. Die middag toe Colleen en Walty getrou het, het ek in die hospitaal gelê. Ek het gedink dat my regterarm gebreek was, maar na ondersoek het die dokter gesê dat dit net kwaai verstuit was. Wel ek kon dood gewees het as ek op my kop geland het. Ek kon vir vier dae gladnie my arm beweeg nie, maar my Jesus leef en ek is volmaak gesond. Ek tik en skryf, en doen alles net met my regterhand. Ek is natuurlik vol blou kolle van kop tot tone, en ek was styf en seer dat ek amper nie kon loop nie. Wel alle bekommernisse opsy, ek is gesond en ek dien die Here.

Hoe voel jy oor die troue? Is jy bang? Ek het dit geweet ou groot prater. Past. Raper verlustig hom as ons so gespanne is en hy terg waar hy kan. By die kerk spot hulle my en sê ek moet my tydjie wat oor is nog geniet, want een van die dae is ek weg van die beskawing. As hulle maar net weet hoe wens ek dat die volgende twee weke moet vlieg. Jou diebare ding, ek het jou baie, baie lief. So lief dat ek met jou gaan trou en jou vroutjie wees. Slaap gerus, want binne 14 dae sal jy my moet warm hou as ek slaap. Wag, ek word alweer stout. Indien daar probleme is met die troukaartjies se koste, laat weet my tog dadelik sodat ek kan geld kry, as dit skraps gaan by jou. Want as die kaartjies te laat uitgestuur word, kan die mense nie gou genoeg hulle reëlings tref nie.

Die Here het vandag weer vir my onderneem. Pappie het ingewillig op 'n onthaal van 150 uitgesoekte vriende. Die moeders van die dogters in my groep reël alles rakende die onthaal. Ek kan nie waag om te kla nie, want Sy genade is genoeg vir my. Mammie het vir my gister 'n pragtige dubbelbed kombers gegee. Ag, dis so lekker wollerig en sag dat jy sommer lus voel om te slaap.

Jou dierbare ding. Oppas as ek begin lus kry om jou op te eet, dan gaan daar groot moeilikheid kom. Ek het jou lief en kry jou liewer elke dag. Ek begin nou opgewonde raak en moenie praat hoe verskriklik ek deesdae bloos nie. Oor die geringste dingetjie brand my wange van warmte. En natuurlik geniet die klomp terggeeste hier dit vreeslik. Soet wees en moenie verlang nie. Bid, dit is wat 'n mens gelukkig maak. Al my liefde vir my dierbaarste man op die hele aarde.
Jou liefling,
Helene. XXXXXXX

12de April 1959
Liefste Maatjie,
Dankie vir jou liefde. Ek wardeer alles wat my engel doen, die Here sal jou seën daarvoor. Ek was bly om jou stem te hoor, dit het my hart goed gedoen. As ek so na jou foto kyk dan voel ek gelukkig, veral as ek die glimlag op jou gesig sien. Daar is altyd 'n glimlag op my engel se gesig al gaan dit ook hoe. Mag God jou krag gee.

Gisteraand het ons 'n baie geseënde tyd in die pastorie gehad. Ek het van ons lidmate genooi en ongeveer 40 kon dit bywoon. Ek het vir hulle gesê dat ek hulle al besoek het en nou besoek hulle my. Ek het hulle trakteer met koek en terte wat die suster gebring het. Almal het dit geniet.

Vanoggend se diens was baie geseend. Ek het gepreek uit Heb. 11:1-6 wat gaan oor Geloof. Daar was 15 besoekers in ons kerk. By die uitnodiging het 'n hele paar van hulle gekom vir gebed – een was 'n Rooms Katoliek. Die belangstelling doen my siel goed. Mag God my magtig salf en baie siele wederbaar!

Psalm 50 sê die vee op duisend bege behoort aan die Here en die aarde en sy volheid. "God sal dus voorsien." Ons kort nog £5 vir die meubels en £5 en 15 sjielings vir ons wittebrood vakansie.
Lekker doeks en al my liefde,
Danie.

16de April 1959
My liefste engel,
Dis seker die tweede laaste brief voor ons troue op die 25ste April. Dit is lekker om die dae af te tel en elke uur bring my nader aan jou. Dankie vir al jou moeite tot dusvêr, Hy sal jou seën. As die Here nie my gebede geantwoord het nie, sou ons sekerlik nie kon trou nie.

Vandag het ek die handdoeke, wat ek vir 'n pastorie moes koop, as geskenk gekry. Dit sou my tussen £5 en £6 gekos het om dit te koop. Voorwaar die Here sorg vir Sy kinders. Ek hoor by mense dat die vakansie plek waar ons gaan in die Drakensberge, baie koud is hierdie tyd van die jaar. Dus moet my skat maar 'n voorraad warm klere ook saamneem, of dink jy ek is mans genoeg om jou warm te hou?

Jy weet ek besef nou eers hoe baie goed ek het om te vervoer. Dit sal darem 'n halwe huis volmaak. Al die kleinigheid wat nou al vir jare elkeen 'n plekkie het, moet nou ingepak word. My boeke is al 'n klompie. Jy sal maar een van die boere moet vra om met 'n vragmotor te kom laai...ha, ha.


Ek dank die Here vir my gesondheid deesdae, want ek makeer absoluut niks. Nog net 6dae dan is jy by my. Onthou die tasse aangesien ek nie graag my ou tasse wil saam neem nie. Ek laat dit maar vir mammie, anders moet sy nou tasse gaan koop as sy met vakansie wil gaan. Verder is almal so opgewonde dat 'n mens dink dis die helfte van Bloemfontein Wes gemeente wat trou. Ek rus nou lekker want al my bedankings is ingedien. O aarde, ek moet vroeg gaan slaap sodat my wange mooi rooi kan word vir die troue. Ek is alweer stout nê? Rus maar solank jy kan want binne kort sal Esmaralda, ons dogtertjie, jou ses uur wakker maak. Ek is vanmôre weer in een van my stout buie, want mammie het ook al deurgeloop. Saterdag pas die die dogters hulle klere aan en ek pas myne Maandag aan. Ek dink as ek eers die rok aangepas, sal ek bewe. Tot dusvêr is ek doodkalm.

Ek verlang darem nog na jou al weet ek jy kom vir goed. Gee my eers 'n soen...so ja, nou voel ek beter. Wel ek hoop jou senuwees gee nie in nie.
Hou moed,
Jou maatjie.

17de April 1959
Liefste Helene,
Dis nou tien voor nege, in die aand, en ek het so ‘n rukkie gelede in die huis gekom. Ek was vandag in Paul Pietersburg, met besoeke – dit is 31 myl vanaf Vryheid.
Hoe gaan dit vanaand met my engel? Nog net ‘n week dan is dit ons troudag. Ek sien baie uit daarna. Op die oomblik het ek nie ‘n huis nie, maar net ‘n slaap plek...as jy hier is sal dit ‘n huis wees. Soos Past. Poggenpoel aan die gemeente gesê het met my verwelkoming, wil ek ook sê: “Op die oomblik het die gemeente ‘n halwe pastoor, maar een van die dae sal hulle ‘n hele pastoor hê.”
Sovêr het ek 440 uitnodigings kaartjies na ons huwelik gestuur. Ek hoop almal kom en elkeen bring ‘n present of twee! “I am not greedy, but I like a lot” (Dis ‘n grappie)

Ek het eers gaan slaap, en skryf nou die volgende dag verder. Dit is nou 8:25vm. Jy is seker al by die werk? Hoe gaan dit vanoggend? Ek het nou net die huis uitgevee en probeer aan die kant kry, sodat as ons mense moet ontvang, hulle nie versmoor in die stof nie. Ek moet gaan hare sny, voorberei vir die naweek se boodskappe asook die les vir my Bybelklas. Vanaand het ons ook Bybelstudie in die kerk. Ons kan nooit teveel van die Bybel se inhoud weet nie, want daar is nog steeds meer en meer om te leer.
Onthou my liefde groei dieper en dieper vir jou, my skat. Vandag oor sewe dae...

Groete tuis aan mammie hulle! Onthou: Hy leef! “It is no secret what God can do, what His done for others, He will do for you.”
Al my liefde,
Jou blywende liefling.
Danie.
Nota: Ek vertrek ongeveer 5vm Woensdag môre vanaf Vryheid en sal my motor se toeter druk as ek by julle kantoor, in Bloemfontein, verby ry.



Dankie

18 November 1986.

Liewe Sweetness, (Konings dogter)

Dis nou wel jou verjaarsdag vandag, maar terwyl almal jou geluk en voorspoed gaan toewens, wil ek van die geleentheid gebruik maak om my dank en waardering aan jou te betuig. Waarvoor? sal jy vra.

Vir die volgende:

Dankie: dat jy, jy is.

dat jy gehoorsaam aan Gods Woord is,

dat jy Sy Woord reguit en suiwer met ons deel;

dat jy meeste van die tyd doen wat jy preek! (tog in die kies!)

dat jy lief is vir jou susters

dat jy vir my geleer het van die skeidsregter nl. die vrede van die Here, wanneer ek besluite moet neem,

dat jy so 'n goeie vrou vir ons Pastoor is

dat jy Jesus deur jou lewe projekteer.

*Dit is goed om die Here te loof.* Ps. 92:2

Ek lief jou!

Ericka Bower.

**Helene het hierdie brief van Ericka Bouwer van Bloemfontein gehou. Sy was 'n baie goeie vriendin en Voorbidder.**

# Ontmoet ons Familie.



My maatjie en ek



Ons vier seuns: Leon, Gideon, Daniel en Nico.



**Daniel en Laurie Nell (Hy is ons oudste seun)**
**Hulle woon in Johannesburg.**



**Nico en Sally Nell (Hy is ons tweede seun)**
**Hulle woon in Jeffreysbaai.**



**Leon en Reonet Nell woon in Port Alfred (Hy is ons derde seun)**



**Gideon en Dedrei Nell (Hy is ons vierde seun)**
**Ethan sit links en Audrey regs.**
**Hulle woon in Portugal**



**Leon en Rolecia Janse van Rensburg**
**Hulle woon in Port Elizabeth**



**Danie en Iris Nell (Hulle woon in London)**



**Johan en Tuanette Nell met Livia. (Hulle woon in Springs)**



**Rowan en Chandre Delport (Hulle woon in Port Elizabeth)**



**Kelly en Devon Nell (Daniel se twee kinders)**
**Saam met hulle oupa.**



**George Nell met Livia (Nico en Sally se jongste – hy woon in London)**







**Ons drie agter kleinkinders**
**Aaron, Livia en Elise**

*"Ek hoop jy het die lees van hierdie boek geniet.*

*Jy het ook 'n storie om te vertel.*
*Daar is mense wat wag om te  hoor wat jy wil sê.*

*Laat jou storie hulle wat dit hoor bemoedig.*

*Ons leef in 'n stukkende wêreld, wees iemand wat ander hoop gee vir die toekoms!"*

*Danie Nell*
*Email: Danie.nell1937@gmail.com*
*Website: www.equipministry.co.za*
*Facebook: Dan Nell*

*Datum: "Thanksgiving Day"*
*28ste November 2024.*
*Fort Wayne – Indiana.*